Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2627

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 2627

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 154] PRETORIA, 21 APRIL 1978 [No. 5996

## PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 91, 1978

DECLARATION OF A FRESH PRODUCE MARKET TO BE A NATIONAL FRESH PRODUCE MARKET

Under the powers vested in me by section 15 of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (No. 82 of 1970), I hereby declare the fresh produce market described in the Schedule hereto, to be a national fresh produce market for the purposes of the said Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Third day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-eight.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The municipal fresh produce market of East London situated on portions of Erven 467 and 1010 in the Wilsonia Industrial Area, within the municipal area of East London.

No. R. 92, 1978

LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.—AMENDMENT

Whereas the Minister of Agriculture has, in terms of section 9 (2) (c), read with section 15 (3) of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), accepted the proposed amendment set out in the Schedule hereto, to the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation R. 200 of 1964, as amended, and has, in terms of section 12 (1) of the said Act, recommended the approval of the proposed amendment;

Now therefore, under the powers vested in me by section 14 (1) (a) read with the said section 15 (3) of the said Act, I hereby declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

## PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 91, 1978

VERKLARING VAN 'N VARSPRODUKTEMARK TOT NASIONALE VARSPRODUKTEMARK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (No. 82 van 1970), verklaar ek hierby die varsproduktemark in die Bylae hiervan beskryf tot 'n nasionale varsproduktemark vir die doeleindes van genoemde Wet.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Derde dag van April Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die munisipale varsproduktemark van Oos-Londen geleë op gedeeltes van Erwe 467 en 1010 in die Wilsonia Industriële Gebied, binne die munisipale gebied Oos-Londen.

No. R. 92, 1978

VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.—WYSIGING

Nademaal die Minister van Landbou kragtens artikel 9 (2) (c) saamgelees met artikel 15 (3) van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die voorgestelde wysiging in die Bylae hiervan uiteengesit van die Vee- en Vleisreëlingskema, afgekondig by Proklamasie R. 200 van 1964, soos gewysig, aangeneem het en kragtens artikel 12 (1) (b) van bogenoemde Wet, goedkeuring van die voorgestelde wysiging aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 (1) (a) saamgelees met die genoemde artikel 15 (3) van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysiging op die datum van publikasie hiervan, in werking tree.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Third day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-eight.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

H. S. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE

The Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation R. 200 of 1964, as amended, is hereby further amended by the substitution for section 18 of the said Scheme of the following section:

"18 (1) The Board may, subject to the provisions of section 43 of the Act, with the approval of the Minister and on such basis as the Board may determine, impose on export hides, export skins, industrial hides, industrial skins, and hides and skins received or imported into the Republic—

(a) a levy, the proceeds of which shall be dealt with in accordance with the provisions of section 19; and

(b) one or more special levies, the proceeds of which shall be dealt with in accordance with the provisions of section 20.

(2) A levy or special levy imposed under subsection (1) shall be payable—

(a) in the case of a levy or special levy on export hides or export skins, by the exporter; and

(b) in the case of a levy or special levy on industrial hides or industrial skins by the person who processes, receives or imports the hides and skins:

Provided that if a processor or exporter has paid a levy or special levy on industrial hides, industrial skins, export hides or export skins, which he had processed, received or imported or exported, as the case may be, on behalf of any other person, he shall be entitled to recover the amount of such levy or special levy from the person from whom he received or on whose behalf he imported the said industrial hides or industrial skins or on whose behalf the said export hides or export skins had been exported.".

No. R. 93, 1978

DATE OF COMMENCEMENT OF SECTION 30 OF THE HEALTH ACT, 1977 (ACT 63 OF 1977)

Under and by virtue of the powers vested in me by section 64 of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), I hereby declare that the provisions of section 30 of the said Act shall come into operation from the date of publication of this Proclamation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Seventh day of April, One thousand Nine hundred and Seventy-eight.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

S. W. VAN DER MERWE.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 805 21 April 1978

MINIMUM SELLING PRICES FOR TOBACCO

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Derde dag van April Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

H. S. J. SCHOEMAN.

BYLAE

Die Vee- en Vleisreëlingskema, afgekondig by Proklamasie R. 200 van 1964, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 18 van genoemde Skema deur die volgende artikel te vervang:

"18 (1) Die Raad kan, behoudens die bepalings van artikel 43 van die Wet, met die goedkeuring van die Minister en op die grondslag wat die Raad bepaal, op uitvoer huide, uitvoer velle, industriële huide, industriële velle en huide en velle wat in die Republiek ontvang of ingevoer word—

(a) 'n heffing oplê en moet met die opbrengs daarvan handel ooreenkomstig die bepalings van artikel 19; en

(b) een of meer spesiale heffings oplê en moet met die opbrengs daarvan handel ooreenkomstig die bepalings van artikel 20.

(2) 'n Heffing op spesiale heffing kragtens subartikel (1) opgelê, is betaalbaar—

(a) in die geval van 'n heffing of 'n spesiale heffing op uitvoer huide of uitvoer velle, deur die uitvoerder; en

(b) in die geval van 'n heffing of spesiale heffing op industriële huide of industriële velle, deur die persoon wat die huide of velle verwerk, ontvang of invoer:

Met dien verstande dat indien 'n verwerker of uitvoerder 'n heffing of spesiale heffing betaal het op industriële huide, industriële velle, uitvoer huide of uitvoer velle wat hy namens iemand anders verwerk, ontvang of ingevoer of uitgevoer het, na gelang van die geval, hy geregtig sal wees om die bedrag aan sodanige heffing of spesiale heffing te verhaal van die persoon van wie die bedoelde industriële huide of industriële velle ontvang of namens wie dit ingevoer is of namens wie die bedoelde uitvoer huide of uitvoer velle uitgevoer is.".

No. R. 93, 1978

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN ARTIKEL 30 VAN DIE WET OP GESONDHEID, 1977 (WET 63 VAN 1977)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 64 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikel 30 van genoemde Wet in werking tree vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van April Eenduisend Negehonderd Agt-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

S. W. VAN DER MERWE.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 805 21 April 1978

MINIMUM VERKOOPPRYSE VIR TABAK

Kragtens artikel 79 (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Tobacco Board, referred to in section 6 of the Tobacco Scheme, published by Proclamation R. 159 of 1971, as amended, has in terms of section 36 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, fixed the prices set out in the Schedule hereto, in substitution of the determination published by Government Notice R. 819 of 13 May 1977 as amended by Government Notice R. 2517 of 2 December 1977 and corrected by Government Notice R. 347 of 24 February 1978 which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Tobacco Scheme, published by Proclamation R. 159 of 1971, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"class" means a class prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968);

"grade" means a grade prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968);

"specified person" means a person assigned by the Board under section 37 of the said Scheme, as a person through whom producers have to sell tobacco produced by them.

2. No specified person shall sell any quantity of tobacco delivered for sale to him by a producer in accordance with any prohibition imposed by the Board under section 37 of the said Scheme, at a price below the price fixed in the undermentioned table for the class and grade of tobacco in question:

Tabakraad, vermeld in artikel 6 van die Tabakskema, afgekondig by Proklamasie R. 159 van 1971, soos gewysig, kragtens artikel 36 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die pryse in die Bylae hiervan uiteengesit, vasgestel het, ter vervanging van die vasstelling afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 819 van 13 Mei 1977, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 2517 van 2 Desember 1977 en verbeter deur Goewermentskennisgewing R. 347 van 24 Februarie 1978 wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Tabakskema, afgekondig by Proklamasie R. 159 van 1971, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"gespesifiseerde persoon" 'n persoon deur die Raad kragtens artikel 37 van die genoemde Skema aangewys as 'n persoon deur bemiddeling van wie produsente tabak deur hul geproduseer, moet verkoop;

"graad" 'n graad voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968);

"klas" 'n klas voorgeskryf by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968).

2. Geen gespesifiseerde persoon mag 'n hoeveelheid tabak wat aan hom vir verkoop gelewer is deur 'n produsent ooreenkomstig 'n verbod deur die Raad opgelê kragtens artikel 37 van die genoemde Skema, verkoop nie teen 'n laer prys as 'n prys in die onderstaande tabel vasgestel vir die betrokke klas en graad tabak:

TABLE—TABEL

CLASS: FLUE-CURED TOBACCO
KLAS: OONDDROOGTABAK

| *Grade* / *Graad* | *Cent per kg* / *Sent per kg* |
|---|---|
| AE | 317,25 |
| BE | 313,25 |
| IL | 313,25 |
| 2LO | 309,25 |
| 1X | 308,00 |
| 2LL | 305,50 |
| 1GL | 302,50 |
| OBS1 | 267,50 |
| 2X | 296,25 |
| 3LO | 293,50 |
| 3LL | 287,75 |
| 1T | 272,75 |
| 2GL | 267,50 |
| 4L | 258,75 |
| GT | 246,75 |
| 3G | 231,75 |
| 3X | 225,50 |
| 2T | 205,00 |
| 4G | 166,75 |
| 5L | 136,25 |
| 6L | 112,25 |
| OBS2 | 235,00 |
| OSL1 | 217,00 |
| OSL | 201,50 |
| OSD | 136,25 |
| OSLS1 | 106,75 |
| OSLS | 99,25 |
| OSSL | 79,25 |
| OSDS | 94,25 |

CLASS: BURLEY TOBACCO
KLAS: BURLEYTABAK

| *Grade* / *Graad* | *Cent per kg* / *Sent per kg* |
|---|---|
| BPX | 232,00 |
| AO | 236,25 |
| BLO | 232,75 |
| BLR | 220,75 |
| BT | 208,75 |
| BBS1 | 210,50 |
| BL | 138,75 |
| BD | 125,75 |
| BSL | 185,00 |
| BSLS | 89,00 |
| BSSL | 78,25 |

CLASS: LIGHT AIR-CURED TOBACCO
KLAS: LIGTE LUGDROOGTABAK

| *Grade* / *Graad* | *Cent per kg* / *Sent per kg* |
|---|---|
| AL1 | 195,00 |
| AL2 | 193,00 |
| AL3 | 188,50 |
| AT | 175,75 |
| BS1 | 161,25 |
| AL4 | 155,00 |
| AX1 | 152,50 |
| AX2 | 131,75 |
| AL5 | 141,50 |
| BS2 | 147,50 |
| SL1 | 135,75 |
| SL | 124,75 |
| SLS1 | 90,25 |
| SLS | 84,75 |
| SSL | 74,00 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



CLASS: DARK AIR-CURED TOBACCO
KLAS: DONKER LUGDROOGTABAK

| Grade<br>Graad | Cent per kg<br>Sent per kg |
|---|---|
| DS1 | 198,25 |
| DS2 | 194,25 |
| DS3 | 190,25 |
| DSU | 188,50 |
| DS4 | 186,25 |
| DSX | 183,50 |
| DLS | 173,75 |
| DL | 163,25 |
| DT | 157,75 |
| DX | 157,75 |
| DXLT | 161,75 |
| SD | 157,75 |
| SDS1 | 90,50 |
| SDS | 85,50 |
| DSSL | 76,75 |
| Average/Gemiddeld DL–SD | 161,75 |
| DLT1 | 196,00 |
| DLT2 | 186,25 |
| DLT3 | 185,00 |
| DLT4 | 183,75 |
| Average/Gemiddeld DLT2–DLT4 | 185,00 |
| FDS1 | 213,25 |
| FDS2 | 210,00 |
| FDS3 | 202,00 |
| F/DSU | 195,75 |
| FDL | 177,25 |
| FDT | 171,25 |
| FDX | 171,25 |
| FDXLT | 173,75 |
| FSD | 171,25 |
| FSDS | 85,50 |
| FDSSL | 76,75 |
| Average/Gemiddeld FDL–FSD | 173,75 |

No. R. 806 21 April 1978

## LEVY AND SPECIAL LEVY ON TOBACCO

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Tobacco Board, referred to in section 6 of the Tobacco Sheme, published by Proclamation R. 159 of 1971, as amended, has in terms of sections 23 and 24 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, imposed the levy and special levy set out in the Schedule hereto, in substitution for the levy and the special levy, published by Government Notice R. 924 of 28 May 1976, which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

1. In this notice unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Tobacco Scheme, published by Proclamation R. 159 of 1971, as amended, shall have a corresponding meaning.

2. A levy and special levy are hereby imposed at the undermentioned rates on tobacco which—

(1) is imported into the Republic;
(2) is sold by producers thereof; and
(3) is processed for sale by producers thereof.

| Kind of tobacco | Levy | Special levy |
|---|---|---|
| | c per kg | c per kg |
| 1. Virginian: | | |
| (a) Flue-cured | 0,35 | 19,90 |
| (b) Burley | 0,35 | 15,90 |
| (c) Light air-cured | 0,35 | 11,90 |
| (d) Dark air-cured | 0,35 | 11,40 |
| 2. Oriental | 0,35 | 1,65 |

No. R. 806 21 April 1978

## HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP TABAK

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Tabakraad, vermeld in artikel 6 van die Tabakskema, afgekondig by Proklamasie R. 159 van 1971, soos gewysig, ingevolge artikels 23 en 24 van daardie Skema met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan die heffing en spesiale heffing in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het, ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 924 van 28 Mei 1976 wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Tabakskema, afgekondig by Proklamasie R. 159 van 1971, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Hierby word 'n heffing en 'n spesiale heffing opgelê teen die onderstaande koerse op tabak wat—

(1) in die Republiek ingevoer word;
(2) deur produsente daarvan verkoop word; en
(3) deur produsente daarvan vir verkoop verwerk word.

| Soort tabak | Heffing | Spesiale heffing |
|---|---|---|
| | c per kg | c per kg |
| 1. Virginiese: | | |
| (a) Oonddroog | 0,35 | 19,90 |
| (b) Burley | 0,35 | 15,90 |
| (c) Ligte lugdroog | 0,35 | 11,90 |
| (d) Donker lugdroog | 0,35 | 11,40 |
| 2. Oriëntale tabak | 0,35 | 1,65 |

No. R. 812 21 April 1978

## LEVY AND SPECIAL LEVY ON BUCKWHEAT

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Maize Board, referred to in section 2A of the Maize and Grain Sorghum Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, has in terms of sections 22 and 23 of that Scheme, with my approval imposed a levy and special levy on buckwheat as set out in the Schedule hereto.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

No. R. 812 21 April 1978

## HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP BOKWIET

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Mielieraad, genoem in artikel 2A van die Mielie- en Graansorghumskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, kragtens artikels 22 en 23 van daardie Skema, met my goedkeuring die heffing en spesiale heffing op bokwiet, in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Maize and Grain Sorghum Scheme, published by Proclamation R. 113 of 1961, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"controlled area" means the area comprising the provinces of the Transvaal and the Orange Free State, the Magisterial Districts of Hartswater, Mafeking, Vryburg and Warrenton in the Cape Province and the Magisterial Districts of Bergville, Dannhauser, Dundee, Estcourt, Glencoe, Klip River, Newcastle, Paulpietersburg, Utrecht and Vryheid in the Province of Natal;

"buckwheat" means the seed of the plant *Fagopyrum esculentum.*

2. A levy of 40c per ton and a special levy of R2,20 per ton are hereby imposed on buckwheat produced in the controlled area and which is sold through the Board.

3. Government Notice R. 653 of 19 April 1974, as amended, is hereby repealed.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Mielie- en Graansorghumskema, afgekondig by Proklamasie R. 113 van 1961, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

"beheerde gebied" die gebied bestaande uit die provinsies Transvaal en Oranje-Vrystaat en die landdrosdistrikte Hartswater, Mafeking, Vryburg en Warrenton in die Kaapprovinsie en die landdrosdistrikte Bergville, Dannhauser, Dundee, Estcourt, Glencoe, Kliprivier, Newcastle, Paulpietersburg, Utrecht en Vryheid in die provinsie Natal;

"bokwiet" die saad van die plant *Fagopyrum esculentum.*

2. 'n Heffing van 40c per ton en 'n spesiale heffing van R2,20 per ton word hierby opgelê op bokwiet in die beheerde gebied geproduseer en wat deur bemiddeling van die Raad verkoop word.

3. Goewermentskennisgewing R. 653 van 19 April 1974, soos gewysig, word hierby herroep.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

No. R. 775 21 April 1978

FERTILIZERS, FARM FEEDS, AGRICULTURAL REMEDIES AND STOCK REMEDIES ACT, 1947, (ACT 36 OF 1947)

AMENDMENT OF REGULATIONS REGARDING FERTILIZERS

The Deputy Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 23 of the Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act 36 of 1947), amended the regulations regarding fertilizers published under Government Notice R. 799 of 20 May 1977, as corrected under Government Notice R. 1371 of 22 July 1977—

(a) by the substitution in regulation 1 for the definition of "Group 2 fertilizer" of the following definition:

"(iii) 'Group 2 fertilizer' means a fertilizer which is not classified as a Group 1 fertilizer but which, in the opinion of the registrar, contains sufficient quantities of plant nutrients, and which is registered as a fertilizer in terms of regulation 18 or 19 (1), (2), (3), (4) or (5) (b), as the case may be, and is sold under a name referred to in or approved in terms of the regulation concerned; (v)";

(b) by the substitution in regulation 2—

(i) for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) An application for the registration of a fertilizer shall be made to the registrar by a person who is resident in the Republic or, in the case of a juristic person, who has a registered office in the Republic, and such application shall be submitted in a form which is obtainable from the registrar for this purpose.";

(ii) for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) A person so applying shall on request supply or make available to the registrar—

(a) the samples of such fertilizer; and

(b) the other particulars regarding such fertilizer

which he requires to enable him to determine whether such fertilizer complies with the requirements of the Act and the regulations."; and

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE

No. R. 775 21 April 1978

WET OP MISSTOWWE, VEEVOEDSEL, LANDBOUMIDDELS EN VEEMIDDELS, 1947 (WET 36 VAN 1947)

WYSIGING VAN REGULASIES MET BETREKKING TOT MISSTOWWE

Die Adjunk-minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 23 van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels 1947 (Wet 36 van 1947) die regulasies met betrekking tot misstowwe gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 799 van 20 Mei 1977, soos verbeter by Goewermentskennisgewing R. 1371 van 22 Julie 1977 gewysig—

(a) deur in regulasie 1 die woordomskrywing van "Groep 2-misstof" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

"(v) 'Groep 2-misstof' 'n misstof wat nie as 'n Groep 1-misstof geklassifiseer is nie, maar wat volgens die oordeel van die registrateur voldoende hoeveelhede plantvoedingstowwe bevat en wat ingevolge regulasie 18 of 19 (1), (2), (3), (4) of (5) (b), na gelang van die geval, as 'n mistof geregistreer en onder 'n naam vermeld in of goedgekeur ingevolge die betrokke regulasie verkoop word; (iii)";

(b) deur in regulasie 2—

(i) subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) 'n Aansoek om die registrasie van 'n misstof moet by die registrateur gedoen word deur iemand wat in die Republiek woonagtig is of, in die geval van 'n regspersoon, wat 'n geregistreerde kantoor in die Republiek het, en so 'n aansoek moet in 'n vorm wat vir die doel van die registrateur verkrygbaar is, ingedien word.";

(ii) subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) Iemand wat aldus aansoek doen moet op versoek—

(a) die monsters van so 'n misstof; en

(b) die ander besonderhede aangaande so 'n misstof

aan die registrateur verskaf of tot sy beskiking stel wat hy nodig het ten einde hom in staat te stel om te bepaal of so 'n misstof aan die vereistes van die Wet en die regulasies voldoen."; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iii) for subregulation (4) of the following subregulation:

"(4) The registrar shall not register a fertilizer containing any constituent of such nature or in such quantity that it will cause an interaction leading to the partial or complete loss of one or more of the plant nutrients in that fertilizer, or will detrimentally influence the effectiveness of that fertilizer.";

(c) by the substitution for regulation 5 of the following regulation:

"5. (1) The period within which a certificate of registration in respect of a fertilizer is to be returned in terms of section 4A. (3) of the Act, shall be 14 days after the date on which—

(a) the registrar has furnished the person to whom the certificate of registration in question was issued, in writing with the reasons for the cancellation thereof; or

(b) the registration of the fertilizer concerned has lapsed in terms of section 4A. (2) of the Act.

(2) When an amendment or transfer of rights referred to in regulation 4 (2) has occured, the certificate of registration in respect of the fertilizer concerned shall likewise be returned.";

(d) by the substitution for regulation 7 of the following regulation:

"7. A fertilizer which may be imported into the Republic in terms of section 16 of the Act, shall only be imported through a port or place specified in Table 9 hereto.";

(e) by the substitution in regulation 8—

(i) for the words preceding paragraph (a) of subregulation (1) of the following words:

"(1) Each person in whose favour a fertilizer is registered, shall on or before 1 March of each year render a written return regarding such fertilizer to the registrar in which is indicated—"; and

(ii) for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1) such person shall, when the registrar requests so in writing, furnish the further particulars of such fertilizer which the registrar requires for the efficient carrying out of the objectives and purposes of the Act.";

(f) by the substitution in regulation 10—

(i) for paragraph (e) of subregulation (4) of the following paragraph:

"(e) in the case of a fertilizer registered in terms of regulation 19 (5) (b) (i), the registrar has approved the furnishing of directions for use in respect thereof.";

(ii) for paragraph (a) of subregulation (5) of the following paragraph:

"(a) shall be approved by the registrar; and"; and

(iii) for paragraph (b) of subregulation (6) of the following paragraph:

"(b) The provisions of paragraph (a) shall not apply with reference to particulars approved by the registrar, regarding the name of an agricultural remedy which is compatible with the fertilizer contained in such container, and of such compatibility.";

(iii) subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(4) Die registrateur registreer nie 'n misstof wat enige bestanddeel van so 'n aard of in so 'n hoeveelheid bevat dat dit 'n wisselwerking kan veroorsaak wat die gedeeltelike of algehele verlies van een of meer van die plantvoedingstowwe in daardie misstof tot gevolg kan hê nie, of wat die doeltreffendheid van daardie misstof nadelig beïnvloed nie.";

(c) deur regulasie 5 deur die volgende regulasie te vervang:

"5. (1) Die tydperk waarbinne 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n misstof ingevolge artikel 4A. (3) van die Wet teruggestuur moet word, is 14 dae na die datum waarop—

(a) die registrateur die persoon aan wie die betrokke registrasiesertifikaat uitgereik is, skriftelik verwittig het van die redes vir die intrekking daarvan; of

(b) die registrasie van die betrokke misstof ingevolge artikel 4A. (2) van die Wet verval het.

(2) Wanneer 'n wysiging of oordrag van regte in regulasie 4 (2) vermeld, plaasgevind het, moet die registrasiesertifikaat ten opsigte van die betrokke misstof insgelyks teruggestuur word.";

(d) deur regulasie 7 deur die volgende regulasie te vervang:

"7. 'n Misstof wat ingevolge artikel 16 van die Wet in die Republiek ingevoer mag word, mag slegs deur 'n hawe of plek in Tabel 9 hierby aangedui, ingevoer word.";

(e) deur in regulasie 8—

(i) die woorde wat paragraaf (a) van subregulasie (1) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"(1) Elke persoon ten gunste van wie 'n misstof geregistreer is, moet voor of op 1 Maart van elke jaar 'n skriftelike opgawe betreffende sodanige misstof aan die registrateur verstrek waarin aangedui word—"; en

(ii) subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) moet so 'n persoon, wanneer die registrateur skriftelik so versoek, die verdere besonderhede van so 'n misstof verstrek wat die registrateur nodig het vir die doeltreffende uitvoer van die doelstellings en oogmerke van die Wet.";

(f) deur in regulasie 10—

(i) paragraaf (e) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(e) in die geval van 'n misstof wat ingevolge regulasie 19 (5) (b) (i) geregistreer is, die registrateur die verstrekking van gebruiksaanwysings ten opsigte daarvan goedgekeur het.";

(ii) paragraaf (a) van subregulasie (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) moet wees soos deur die registrateur goedgekeur; en"; en

(iii) paragraaf (b) van subregulasie (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing nie met betrekking tot besonderhede deur die registrateur goedgekeur, betreffende die naam van 'n landboumiddel wat met die misstof wat in so 'n houer bevat is, verenigbaar is, en van sodanige verenigbaarheid.";

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(g) by the substitution in regulation 13 for paragraph (b) of subregulation (3) of the following paragraph;

"(b) raw phosphate, the name of the place of origin thereof as approved by the registrar, shall be indicated immediately preceding and forming part of the name 'raw phosphate'.";

(h) by the substitution in regulation 16—

(i) for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) In this regulation the expressions 'total phosphorus' and 'total potassium' shall refer to such quantities of the said elements as will dissolve in equal quantities of concentrated hydrochloric acid (S.G. 1,16) and concentrated nitric acid (S.G. 1,34), in accordance with the methods which the registrar may determine."; and

(ii) for paragraph (c) of subregulation (4) of the following paragraph:

"(c) by any other method which has been approved by the registrar in writing and which renders it free from *bacillus anthracis* and organisms of the gas gangrene type.";

(i) by the substitution in regulation 17—

*(i)* for paragraph (c) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(c) at least 50 per cent of the nitrogen contents thereof is of animal or plant origin when it is sold as a half organic fertilizer;";

(ii) for subregulation (2) of the following subregulation;

"(2) Notwithstanding the provisions of subregulation (1) it shall be permissible to register and sell the fertilizers 2:3:0, 2:3:2, 3:2:0, 3:2:1 and 2:3:4 with zinc added thereto if the added zinc contents thereof—

(a) is 0,5 per cent or 1,0 per cent where the sum of the nitrogen and phosphorus contents of such fertilizer is less than 20,0 per cent; or

(b) is 0,75 per cent or 1,5 per cent where the sum of the nitrogen and phosphorus contents of such fertilizer is more than 20,0 per cent.";

(iii) for subregulation (6) of the following subregulation:

"(6) A fertilizer which is manufactured by mixing various constituents and which is suitable for water, sand and gravel culture shall only be registered and sold for that purpose if it contains all the macro elements and micro elements approved by the registrar in the quantities and proportions which he thus approved.";

(iv) for subregulation (7) of the following subregulation:

"(7) The particulars specified in column 3 of Table 6 hereto opposite the name of a fertilizer shall be indicated in terms of regulation 10 (1) (c) in respect of that fertilizer.";

(v) for subregulation (8) of the following subregulation:

"(8) The further particulars registered in respect of a fertilizer and which is specified in column 4 of Table 6 hereto opposite the name of such fertilizer shall be indicated on a label affixed to a container thereof or be marked on such container, and shall appear between brackets as part of and immediately following the name of such fertilizer in the sequence specified in the said column opposite that name."; and

(g) deur in regulasie 13 paragraaf (b) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) rufosfaat, moet die naam van die plek van oorsprong daarvan soos deur die registrateur goedgekeur, onmiddellik voor en as deel van die naam 'rufosfaat' aangedui word.";

(h) deur in regulasie 16—

(i) subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) In hierdie regulasie het die uitdrukkings 'totale fosfor' en 'totale kalium' betrekking op sodanige hoeveelhede van vermelde elemente wat oplosbaar is in gelyke hoeveelhede gekonsentreerde soutsuur (S.G. 1,16) en gekonsentreerde salpetersuur (S.G. 1,34), ooreenkomstig die metodes wat deur die registrateur bepaal word."; en

(ii) paragraaf (c) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) deur enige ander metode wat skriftelik deur die registrateur goedgekeur is en wat dit vry maak van *bacillus anthracis* en organismes van die gasgangreentipe.";

(i) deur in regulasie 17—

*(i)* paragraaf (c) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang;

"(c) minstens 50 persent van die stikstofinhoud daarvan van dierlike of plantaardige oorsprong is wanneer dit as 'n half-organisasie misstof verkoop word;";

(ii) subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) is dit toelaatbaar om die misstowwe 2:3:0, 2:3:2, 3:2:0, 3:2:1 en 2:3:4 te registreer en te verkoop met sink daarby gevoeg indien die bygevoegde sinkinhoud daarvan—

(a) 0,5 persent of 1,0 persent is waar die som van die stikstof- en fosforinhoud van so 'n misstof minder as 20,0 persent is; of

(b) 0,75 persent of 1,5 persent is waar die som van die stikstof- en fosforinhoud van so 'n misstof 20,0 persent of meer is.";

(iii) subregulasie (6) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(6) 'n Misstof wat vervaardig is deur verskillende bestanddele te vermeng en wat geskik is vir water-, sand- en gruiskultuur word slegs vir daardie doeleindes geregistreer en verkoop indien dit al die makro-elemente en mikro-elemente bevat wat die registrateur goedkeur in die hoeveelhede en verhoudings wat hy aldus goedkeur.";

(iv) subregulasie (7) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(7) Die besonderhede in kolom 3 van Tabel 6 hierby teenoor die naam van 'n misstof gespesifiseer, moet ingevolge regulasie 10 (1) (c) ten opsigte van daardie misstof aangedui word.";

(v) subregulasie (8) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(8) Die verdere besonderhede wat ten opsigte van 'n misstof geregistreer is en wat in kolom 4 van Tabel 6 hierby teenoor die naam van so 'n misstof gespesifiseer is, moet op 'n etiket wat aan 'n houer daarvan geheg is, aangedui of op so 'n houer gemerk word, en moet tussen hakies as deel van en onmiddellik na die naam van so 'n misstof verskyn in die volgorde in vermelde kolom teenoor daardie naam gespesifiseer."; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(vi) for paragraph (a) of subregulation (9) of the following paragraph:

"(a) The name to be used for, and the particulars to be indicated in terms of regulation 10 (1) in respect of a fertilizer referred to in subregulation (5) or (6) shall be approved by the registrar.";

(j) by the substitution in regulation 18 for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) The particulars to be indicated in terms of regulation 10 (1) in respect of agricultural lime referred to in subregulation (1) shall be approved by the registrar.";

(k) by the substitution in regulation 19—

(i) for the words preceding paragraph (a) of subregulation (5) of the following words:

"(5) The registrar may, in respect of a fertilizer not specified elsewhere in these regulations, register such fertilizer—"; and

(ii) for the words preceding paragraph (a) of subregulation (6) of the following words:

"(6) The registrar shall, notwithstanding the provisions of regulation 10—";

(l) by the substitution in regulation 22 for the words preceding paragraph (a) of the following words:

"22. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, a fertilizer shall not be deemed deficient in any of its registered plant nutrients if a certificate referred to in regulation 21 (3) regarding a sample of such fertilizer indicates that—";

(m) by the substitution in regulation 23 for subregulation (4) of the following subregulation:

"(4) A person intending to have an advertisement relating to a fertilizer published shall furnish the registrar at least two months prior to the date of the first publication of such proposed advertisement, with three copies of a typed version thereof."; and

(n) by the substitution for regulation 25 of the following regulation:

"25. Postage on and delivery costs of any document submitted to the registrar in terms of these regulations, as well as on or of anything else pertaining thereto, shall be prepaid, and shall—

(a) when forwarded by post, be addressed to—

The Registrar of Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies, Private Bag X116, Pretoria, 0001; or

(b) when forwarded by rail or delivered by hand, be addressed or delivered to—

The Registrar of Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies, Department of Agricultural Technical Services, Agriculture Buildings, Beatrix Street, Pretoria.";

(o) by the deletion of regulation 27;

(p) by the substitution for Tables 1, 2 and 6 to the said regulations of the corresponding Tables hereto and the insertion after Table 8 of that regulations of Table 9 hereto; and

(q) by the substitution in Schedule D of the words in paragraphs C. (1) (b) (iii) and C. (1) (c) (iii) respectively of the words "Total/Totaal [reg. 16 (3)]".

(vi) paragraaf (a) van subregulasie (9) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die naam wat gebruik moet word vir, en die besonderhede wat ingevolge regulasie 10 (1) aangedui moet word ten opsigte van 'n misstof in subregulasie (5) of (6) vermeld, moet deur die registrateur goedgekeur word.";

(j) deur in regulasie 18 subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Die besonderhede wat ingevolge regulasie 10 (1) ten opsigte van landboukalk in subregulasie (1) vermeld, aangedui moet word, moet deur die registrateur goedgekeur word.";

(k) deur in regulasie 19—

(i) die woorde wat paragraaf (a) van subregulasie (5) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"(5) Die registrateur kan ten opsigte van 'n misstof wat nie elders in hierdie regulasies gespesifiseer is nie, so 'n misstof—"; en

(ii) die woorde wat paragraaf (a) van subregulasie (6) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"(6) Die registrateur moet, ondanks die bepalings van regulasie 10—";

(l) deur in regulasie 22 die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

"22. Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie regulasies word 'n misstof nie geag 'n tekort aan die een of ander van sy geregistreerde plantvoedingstowwe te hê nie, indien 'n sertifikaat in regulasie 21 (3) vermeld, met betrekking tot 'n monster van so 'n misstof aandui dat—";

(m) deur in regulasie 23 subregulasie (4) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(4) Iemand wat beoog om 'n advertensie met betrekking tot 'n misstof te publiseer, moet minstens twee maande voor die datum van eerste publikasie van so 'n beoogde advertensie, drie kopieë van die getikte weergawe daarvan aan die registrateur voorlê.";

(n) deur regulasie 25 deur die volgende regulasie te vervang:

"25. Posgeld op en afleweringskoste van enige stuk wat ingevolge hierdie regulasies aan die registrateur voorgelê word, asook op of van enigiets anders in verband daarmee, moet vooruitbetaal word, en moet—

(a) wanneer per pos gestuur, geadresseer wees aan—

Die Registrateur van Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, Privaatsak X116, Pretoria, 0001; of

(b) wanneer per spoor gestuur of per hand afgelewer, geadresseer wees aan of afgelewer word by—

Die Registrateur van Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, Departement van Landboutegniese Dienste, Landbougebou, Beatrixstraat, Pretoria.";

(o) deur regulasie 27 te skrap;

(p) deur Tabelle 1, 2 en 6 by vermelde regulasies deur die ooreenstemmende Tabelle hierby te vervang en Tabel 9 hierby na Tabel 8 van daardie regulasies in te voeg; en

(q) deur in Bylae D die woorde in paragrawe C. (1) (b) (iii) en C. 1 (c) (iii) onderskeidelik te vervang deur die woorde "Total/Totaal [reg. 16 (3)]".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



TABLE/TABEL 1

REQUIREMENTS FOR NITROGENOUS FERTILIZERS (REG. 12)
VEREISTES VIR STIKSTOFMISSTOWWE (REG. 12)

| Name of fertilizer<br>Naam van misstof | Minimum nitrogen contents<br>Minimum stikstof inhoud | Further requirements<br>Verdere vereistes | Particulars of plant nutrients to be indicated<br>Besonderhede van plantvoedingstowwe wat aangedui moet word |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| | % | | |
| Ammonium sulphate/Ammoniumsulfaat.. | 20,0 | — | Nitrogen contents/Stikstofinhoud (N). |
| Sodium nitrate (nitrate of soda)/Natriumnitraat (nitraat van soda) | 15,0 | — | |
| Calcium nitrate (nitrate of lime)/Kalsiumnitraat (nitraat van kalk) | 12,0 | Shall have a calcium contents of at least 18,0 per cent/Moet 'n kalsiuminhoud van minstens 18,0 persent hê | Nitrogen contents/Stikstofinhoud (N).<br>Calcium contents/Kalsiuminhoud (Ca). |
| Calcium cyanamide/Kalsiumsianamied... | 20,0 | — | Nitrogen contents/Stikstofinhoud (N). |
| Urea/Ureum.......................... | 45,0 | — | |
| Limestone ammonium nitrate/Kalksteenammoniumnitraat | 20,0 | Shall comply with the requirements of the Explosives Act, 1956 (Act 26 of 1956), and the regulations thereunder/Moet aan die vereistes van die Wet op Ontplofbare stowwe 1956 (Wet 26 van 1956), en die regulasies daarkragtens voldoen | |
| Ammonium sulphate nitrate/Ammoniumsulfaatnitraat | 25,0 | — | |
| Anhydrous ammonia / Anhidriese ammoniak | 80,0 | — | |
| Aqua ammonia/Ammoniakoplossing..... | 20,0 | — | |
| Urea formaldehyde /Ureumformaldehied.. | 37,0 | — | |

TABLE/TABEL 2

REQUIREMENTS FOR PHOSPHATIC FERTILIZERS (REG. 13)
VEREISTES VIR FOSFAATMISSTOWWE (REG. 13)

| Name of fertilizer<br>Naam van misstof | Water soluble phosphorus contents<br>Wateroplosbare fosforinhoud | Phosphorus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution<br>Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroen=suuroplossing | Total phosphorus contents<br>Totale fosfosinhoud | Further requirements<br>Verdere vereistes | Particulars of plant nutrients to be indicated<br>Besonderhede van plantvoedingstowwe wat aangedui moet word |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| | % | | | | |
| Superphosphate (super)/Superfosfaat (super) | 8,0 minimum | — | — | — | Water soluble phosphorus contents/Wateroplosbare fosforinhoud (P). |
| Double superphosphate (double super) / Dubbelsuperfosfaat (dubbel super) | 19,5 minimum | — | — | — | |
| Basic superphosphate (basic super)/Basiese superfosfaat (basiese super) | 1,3 maximum maksimum | 7,5 minimum | — | Shall consist of a mixture of superphosphate and lime/Moet uit 'n mengsel van superforfaat en kalk bestaan | Phosphorus contents soluble in 2 per cent citric acid solution/Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P). |
| Basic double superphosphate/Basiese dubbelsuperfosfaat | 3,5 maximum maksimum | 18,0 minimum | — | Shall consist of a mixture of double superphosphate and lime/Moet uit 'n mengsel van dubbelsuperfosfaat en kalk bestaan | |
| Basic slag/Slakmeel........ | — | 7,0 minimum | — | Shall be a by-product of the manufacturing of steel and be so fine that at least 80 persent thereof will pass through a 150 micrometre standard sieve/Moet 'n neweproduk by die vervaardiging van staal wees en so fyn wees dat minstens 80 persent daarvan deur 'n 150 mikrometer standaardsif sal gaan | |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Name of fertilizer<br>Naam van misstof | Water soluble phosphorus contents<br>Wateroplosbare fosforinhoud | Phosphorus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution<br>Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing | Total phosphorus contents<br>Totale fosforinhoud | Further requirements<br>Verdere vereistes | Particulars of plant nutrients to be indicated<br>Besonderhede van plantvoedingstowwe wat aangedui moet word |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| | % | | | | |
| Treated phosphate / Behandelde fosfaat | — | 6,0 minimum | 8,0 minimum | (i) Shall be a natural phosphate which, through fusion with another substance or through chemical treatment, has become more effective as a fertilizer / Moet 'n natuurlike fosfaat wees wat deur samesmelting met 'n ander stof of deur chemiese behandeling meer doeltreffend as 'n misstof geword het<br>(ii) If in granular form, it shall be so fine that all of it will pass through a 1,70 mm standard sieve / Indien in korrelvorm, moet dit so fyn wees dat alles daarvan deur 'n 1,70 mm standaardsif sal gaan<br>(iii) If in powder form it shall be so fine that at least 80 per cent thereof will pass throught a 150 micrometre standard sieve / Indien in poeiervorm, moet dit so fyn wees dat minstens 80 persent daarvan deur 'n 150 mikrometer standaardsif sal gaan | (i) Phosphorus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution / Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P).<br>(ii) Total phosphorus contents/ Totale fosforinhoud (P). |
| Raw phosphate/Rufosfaat.. | — | 2,6 minimum | 8,0 minimum | (i) Shall be a natural phosphate, consisting mainly of tricalcium phosphate and which has been subjected to no processing other than crushing, drying, sifting or mechanical concentration/ Moet 'n natuurlike fosfaat wees wat hoofsaaklik uit trikalsiumfosfaat bestaan en wat aan geen verwerking anders as vergruising, droging, sifting of meganiese konsentrasie onderwerp is nie<br>(ii) Shall be so fine that at least 80 per cent thereof will pass through a 150 micrometre standard sieve/Moet so fyn wees dat minstens 80 persent daarvan deur 'n 150 mikrometer standaardsif sal gaan | |
| Super and raw phosphate/ Super en rufosfaat | 3,5 minimum | 5,7 minimum | 11,0 minimum | Shall consist of a mixture of superphosphate (super) and raw phosphate/Moet uit 'n mengsel van superfosfaat (super) en rufosfaat bestaan | (i) Water soluble phosphorus contents / Wateroplosbare fosforinhoud (P).<br>(ii) Phosphorus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution / Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P).<br>(iii) Total phosphorus contents/ Totale fosforinhoud (P). |
| Phosphoric acid/Fosforsuur. | — | — | 20,0 minimum | — | Total phosphorus contents/Totale fosforinhoud (P). |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



TABLE/TABEL 6

REQUIREMENTS FOR ARTIFICIALLY MIXED FERTILIZERS (REG. 17)
VEREISTES VIR KUNSMATIGE GEMENGDE MISSTOWWE (REG. 17)

| Name of fertilizer and ratio (in sequence) of nitrogen, phosphorus and potassium therein<br>Naam van misstof en verhouding (in volgorde) van stikstof, fosfor en kalium daarin | Minimum of sum of nitrogen contents and phosphorus and potassium contents soluble in a 2 per cent citric acid solution<br>Minimum van som van stikstofinhoud en fosfor- en kaliuminhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing | Particulars of plant nutrients to be indicated<br>Besonderhede van plantvoedingstowwe wat aangedui moet word | Particulars to be indicated together with name<br>Besonderhede wat saam met naam aangedui moet word |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| | % | | |
| 1:0:1<br>2:2:1<br>4:1:0<br>5:1:5 | 29,0<br>22,0<br>20,0<br>22,0 | (i) Nitrogen contents/Stikstofinhoud (N)<br>(ii) Phosphosrus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Fosforinhoud op losbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P)<br>(iii) Potassium contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Kaliuminhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (K) | (i) The sum of the plant nutrients referred to in column 2/Die som van die plantvoedingstowwe in kolom 2 vermeld.<br>(ii) The applicable expressions/Die toepaslike uitdrukkings—<br>"½ Org. N".<br>"Granulated"/"Korrel".<br>"Powder"/"Poeier".<br>"Liquid"/"Vloeistof".<br>"Solution"/"Oplossing".<br>"Water soluble" or the abbreviation "WS" therefor / "Wateroplosbaar" of die afkorting "WO" daarvoor. |
| 2:3:0<br>2:3:2<br>3:2:0<br>3:2:1<br>2:3:4 | 15,0<br>14,0<br>20,0<br>22,0<br>21,0 | (i) Nitrogen/Stikstofinhoud (N).<br>(ii) Phosphoras contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P)<br>(iii) Potassium contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Kaliuminhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (K)<br>(iv) Zinc contents (if applicable)/ Sinkinhoud (indien van toepassing) (Zn) | (i) The sum of the plant nutrients referred to in column 2/Die som van die plantvoedingstowwe in kolom 2 vermeld.<br>(ii) The applicable expressions/Die toepaslike uitdrukkings—<br>"Plus Zinc/Sink" or the abbreviation/of die afkorting "+Zn".<br>"½ Org. N".<br>"Granulated"/"Korrel".<br>"Powder"/"Poeier".<br>"Liquid"/"Vloeistof".<br>"Solution"/"Oplossing".<br>"Water soluble" or the abbreviation "WS" therefore "Wateroplosbaar" of die afkorting "WO" daarvoor. |
| 3:1:5<br>4:1:1 | 26,0<br>21,0 | (i) Nitrogen contents/Stikstofinhoud (N).<br>(ii) Phosphorus contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Fosforinhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (P)<br>(iii) Potassium contents soluble in a 2 per cent citric acid solution/Kaliuminhoud oplosbaar in 'n 2 persent sitroensuuroplossing (K) | (i) The sum of the plant nutrients referred to in column 2/Die som van die plantvoedingstowwe in kolom 2 vermeld.<br>(ii) The applicable expression/Die toepaslike uitdrukkings—<br>"Chlorine free" or the abbreviation "Cl-free" therefor/"Chloorvry" of die afkorting "Cl-vry" daarvoor.<br>"½ Org. N".<br>"Granulated"/"Korrel".<br>"Powder"/"Poeier".<br>"Liquid"/"Vloeistof".<br>"Solution"/"Oplossing".<br>"Water soluble" or the abbreviation "WS" therefor/"Wateroplosbaar" of die afkorting "WO" daarvoor. |

TABLE 9

PORTS OF ENTRY

The port of Cape Town.
The container depot at Cape Town.
D. F. Malan airport (Cape Town).
The main post office at Cape Town.
The port of Durban.
The container depot at Durban.
Louis Botha airport (Durban).
The main post office at Durban.
The port of East London.
Ben Schoeman airport (East London).
The main post office at East London.
The port of Port Elizabeth.
The container depot at Port Elizabeth.
The H. F. Verwoerd airport (Port Elizabeth).

TABEL 9

PLEKKE VAN BINNEKOMS

Die hawe van Kaapstad.
Die behoueringsdepot te Kaapstad.
D. F. Malan-lughawe (Kaapstad).
Die hoofposkantoor te Kaapstad.
Die hawe van Durban.
Die behoueringsdepot te Durban.
Louis Botha-lughawe (Durban).
Die hoofposkantoor te Durban.
Die hawe van Oos-Londen.
Ben Schoeman-lughawe (Oos-Londen).
Die hoofposkantoor te Oos-Londen.
Die hawe van Port Elizabeth.
Die behoueringsdepot te Port Elizabeth.
H. F. Verwoerd-lughawe (Port Elizabeth).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



The main post office at Port Elizabeth.
Jan Smuts airport (Kempton Park).
The container depot at City Deep (Johannesburg).
The main post office at Johannesburg.
The main post office at Pretoria.
The port of Richard's Bay.
The port of Maputo.
The customs post at Komatipoort.
The customs post at Beitbrug.

Die hoofposkantoor te Port Elizabeth.
Jan Smuts-lughawe (Kemptonpark).
Die behoueringsdepot te City Deep (Johannesburg).
Die hoofposkantoor te Johannesburg.
Die hoofposkantoor te Pretoria.
Die hawe van Richardsbaai.
Die hawe van Maputo.
Die doeanepos by Komatipoort.
Die doeanepos by Beitbrug.

## DEPARTMENT OF DEFENCE

No. R. 832 21 April 1978

AMENDMENTS TO THE GENERAL REGULATIONS FOR THE SA DEFENCE FORCE AND THE RESERVE

The State President has in terms of section 87 (1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), amended the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve as follows:

1. Chapter III of the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice R. 2213 of 10 December 1971, is hereby amended—

(a) by the deletion of paragraph (c) of regulation 2 (1);

(b) by the substitution for subregulation (3) of regulation 2 of the following subregulation:

"(3) A member who is a medical officer, a nursing officer or a member of the SA Medical Service shall exercise over a patient, irrespective of his rank, such authority as may be necessary for his medical treatment or for the discipline of any hospital or other institution established for the care of the sick, injured or wounded.".

2. Chapter IV of the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve promulgated in Government Notice R. 274 of 26 February 1971, is hereby amended by the substitution for subregulation (7) of regulation 1 of the following subregulation:

"(7) A member who is a medical officer, a nursing officer or a member of the SA Medical Service shall exercise over a patient, irrespective of his rank, such authority as may be necessary for his medical treatment or for the discipline of any hospital or other institution established for the care of the sick, injured or wounded.".

3. Chapter XIX of the General Regulations for the SA Defence Force and the Reserve promulgated under Government Notice R. 1223 of 20 August 1965, is hereby amended—

(a) by the substitution for subregulation (2) of regulation 20 of the following subregulation:

"(2) A member who is a medical officer, a nursing officer or a member of the SA Medical Service shall exercise over a patient, irrespective of his rank, such authority as may be necessary for his medical treatment or for the discipline of any hospital or other institution established for the care of the sick, injured or wounded.".

(b) by the deletion of subregulation (3) of regulation 20.

*Amendment Slip* 30]

## DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 832 21 April 1978

WYSIGINGS AAN DIE ALGEMENE REGULASIES VIR DIE SA WEERMAG EN DIE RESERWE

Die Staatspresident het kragtens artikel 87 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe soos volg gewysig:

1. Hoofstuk III van die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2213 van 10 Desember 1971 word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (c) van regulasie 2 (1) te skrap;

(b) deur subregulasie (3) van regulasie 2 deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) 'n Lid wat 'n mediese offisier, 'n offisierverpleegster of 'n lid van die SA Geneeskundige Diens is, oefen oor 'n pasiënt, ongeag sy rang, die gesag uit wat nodig is vir sy geneeskundige behandeling of vir die dissipline van enige hospitaal of ander inrigting wat vir die versorging van siekes, beseerdes of gewondes opgerig is.".

2. Hoofstuk IV van die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 274 van 26 Februarie 1971, word hierby gewysig deur subregulasie (7) van regulasie 1 deur die volgende subregulasie te vervang—

"(7) 'n Lid wat 'n mediese offisier, 'n offisierverpleegster of 'n lid van die SA Geneeskundige Diens is, oefen oor 'n pasiënt, ongeag sy rang, die gesag uit wat nodig is vir sy geneeskundige behandeling of vir die dissipline van enige hospitaal of ander inrigting wat vir die versorging van siekes, beseerdes of gewondes opgerig is.".

3. Hoofstuk XIX van die Algemene Regulasies vir die SA Weermag en die Reserwe afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1223 van 20 Augustus 1965, word hierby gewysig—

(a) deur subregulasie (2) van regulasie 20 deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) 'n Lid wat 'n mediese offisier, 'n offisierverpleegster of 'n lid van die SA Geneeskundige Diens is, oefen oor 'n pasiënt, ongeag sy rang, die gesag uit wat nodig is vir sy geneeskundige behandeling of vir die dissipline van enige hospitaal of ander inrigting wat vir die versorging van siekes, beseerdes of gewondes opgerig is.".

(b) deur subregulasie (3) van regulasie 20 te skrap.

*Wysigingsblaadjie* 30]

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 800 21 April 1978

AMENDMENT OF SMOKE CONTROL REGULATIONS IN TERMS OF SECTION 18 OF ACT 45 OF 1965

The Minister of Health has, under and by virtue of the powers conferred on him by section 18 of the Atmospheric Pollution Prevention Act, 1965 (Act 45 of 1965), amended the Regulations made under the said section 18 in respect of the area of jurisdiction of the Municipality of Cape Town and published under Notice 1997 in the *Provincial Gazette* of the Cape of Good Hope 742/1968 dated 25 October 1968, by the substitution for the clauses 2 (b), 3, 4, 6 and 7 of the following:

"2. (b) The provisions of subparagraph (a) shall not apply to smoke emanating from a fuel burning appliance during the start-up period or while such appliance is being overhauled or during the period of any breakdown of such appliance, if such emission could not reasonably have been prevented, and emitted in contravention of that subparagraph.";

"3. No person shall install, alter, extend or replace, or cause or permit to be installed, altered, extended or replaced, any fuel burning appliance designed to burn solid or liquid fuel, or any part of any flue or chimney, unless the plans and/or the specifications in respect of such installation, alteration, extension or replacement have been approved by the Council.";

"4. In the event of any contravention of the provisions of paragraph 3, the Council may by notice in writing require the owner or occupier of the premises in question to remove, within a period specified in the notice and at his own expense, such fuel burning appliance from such premises.";

"6. The provisions of this regulation, except paragraph 7, shall not apply to smoke emitted from any dwelling-house or to the installation, alteration or extension of any fuel burning appliance in any dwelling-house.";

"7. (a) No person shall, and no owner, occupier or person in control of any premises or part thereof shall allow any waste material, tyres, rubbish, garden refuse, grass or any similar material to be burnt in or on any premises, or any part thereof, except in a fuel burning appliance which has been duly approved for this purpose in terms of these regulations.

(b) In any proceedings under this regulation it shall not be a defence to prove that the accused either did not know of, was not aware of, did not permit, or prohibited any of the acts mentioned herein.".

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 800 21 April 1978

WYSIGING VAN ROOKBEHEERREGULASIES INGEVOLGE ARTIKEL 18 VAN WET 45 VAN 1965

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 18 van die Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965 (Wet 45 van 1965), die Regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel 18 ten opsigte van die regsgebied van die Munisipaliteit van Kaapstad en afgekondig by Kennisgewing 1997 in die *Provinsiale Koerant* van die Kaap die Goeie Hoop 742/1968 van 25 Oktober 1968, gewysig deur klousules 2 (b), 3, 4, 6 en 7 deur die volgende te vervang:

"2. (b) Die bepalings van subparagraaf (a) is nie van toepassing nie op rook wat deur 'n brandstofverbruikende toestel afgegee word terwyl dit aan die gang gesit word of terwyl sodanige toestel nagesien word of gedurende die tydperk wanneer die bedoelde toestel tot stilstand kom, indien sodanige uitlatings nie redelikerwys verhoed kon word nie, en uitgelaat word in stryd met daardie subparagraaf.";

"3. Niemand mag 'n brandstof-verbruikende toestel ontwerp om vaste of vloeibare brandstof te verbrand, of enige gedeelte van 'n skoorsteengang of skoorsteen inrig, verander, uitbrei of vervang, of laat inrig, verander, uitbrei of vervang of toelaat dat dit ingerig, verander, uitgebrei of vervang word nie, tensy die planne en/of spesifikasies ten opsigte van sodanige inrigting, verandering, uitbreiding of vervanging deur die Raad goedgekeur is.";

"4. Ingeval van enige oortreding van die bepalings van paragraaf 3 kan die Raad by skriftelike kennisgewing vereis dat die eienaar of okkupeerder van die betrokke perseel sodanige brandstof-verbruikende toestel binne 'n tydperk in die kennisgewing voorgeskryf en op sy eie onkoste van sodanige perseel verwyder.";

"6. Die bepalings van hierdie regulasie, met uitsondering van paragraaf 7, is nie op rook wat van 'n woning uitgelaat word of op die inrigting, verandering of uitbreiding van enige brandstof-verbruikende toestel in enige woning van toepassing nie.";

"7. (a) Niemand mag en geen eienaar, okkupeerder of persoon in beheer van enige perseel of gedeelte daarvan mag toelaat dat enige afvalmateriaal, buitebande, vullis, tuinvullis, gras of soortgelyke materiaal gebrand word in of op enige perseel of gedeelte daarvan nie, behalwe in 'n brandstof-verbruikende toestel wat behoorlik deur die Raad vir hierdie doel goedgekeur is kragtens hierdie regulasies.

(b) In enige regsgeding kragtens hierdie regulasie is dit geen verweer om te bewys dat die beskuldigde nie geweet het of bewus was van, nie verlof toegestaan het vir enige van die handelings hierin genoem of dit verbied het nie.".

## DEPARTMENT OF INDIAN AFFAIRS

No. R. 773 21 April 1978

INDIANS EDUCATION ACT, 1965

REGULATIONS RELATING TO THE GRANTING OF FINANCIAL OR OTHER MATERIAL ASSISTANCE TO PUPILS AND STUDENTS

The Executive Committee of the South African Indian Council has, in terms of section 33 (1) (p) of the Indians Education Act, 1965 (Act 61 of 1965), read with section 10A (4) of the South African Indian Council Act, 1968 (Act 31 of 1968), and Government Notice 7 of 2 January

## DEPARTEMENT VAN INDIËRSAKE

No. R. 773 21 April 1978

WET OP ONDERWYS VIR INDIËRS, 1965

REGULASIES BETREFFENDE VERLENING VAN FINANSIËLE EN ANDER MATERIËLE HULP AAN LEERLINGE EN STUDENTE

Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Indiërraad het kragtens artikel 33 (1) (p) van die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965 (Wet 61 van 1965), gelees met artikel 10A (4) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad, 1968 (Wet 31 van 1968), en Goewermentskennisgewing 7 van 2 Januarie 1976 die regulasies afgekondig by

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



1976, repealed the regulations promulgated by Government Notice R. 1284 of 26 August 1966 and Government Notice R. 470 of 26 March 1970, and has made the following regulations:

DEFINITIONS

1. In these regulations "the Act" means the Indians Education Act, 1965 (Act 61 of 1965), and any term to which a meaning has been assigned in the Act shall have the same meaning, and, unless inconsistent with the context—

"course" means a course of study approved by the Secretary;

"Director" means the head of the Division of Education of the Department of Indian Affairs;

"Executive Committee" means the Executive Committee of the South African Indian Council as constituted in terms of section 10 of the South African Indian Council Act, 1968 (Act 31 of 1968);

"institution" means an educational institution offering courses for the training of teachers;

"parent" means the parent, guardian or other person who normally has custody of or exercises control over a pupil or student;

"principal" means the principal of the institution at which a pupil or student has enrolled;

"pupil" means a pupil attending any educational institution other than a training college, technical college or university;

"quarter" means any period indicated as a school quarter in the school calendar issued annually by the Director;

"student" means any person who possesses the necessary qualifications for enrolment in any approved course for the training of teachers, and is enrolled.

BOARDING ALLOWANCE

2. Subject to these regulations a pupil boarding at a suitable boarding establishment, excluding a State hostel, or at a State-aided school hostel may be granted a boarding allowance as determined by the Executive Committee in consultation with the Minister of Finance on condition that—

(a) such pupil is, to the satisfaction of the Director, under proper supervision and provided with suitable food and accommodation;

(b) the parent of such pupil is in the opinion of the Director not financially able properly to care for and lodge him away from his home; and

(c) such pupil resides more than five kilometres from the school and cannot be transported daily to and from school in a suitable manner: Provided that a boarding allowance may be granted for health or other approved reasons despite the said distance being five kilometres or less.

3. Application for a boarding allowance shall be made to the Director on a form supplied by him.

4. An approved boarding allowance shall continue to be available until the end of the school year for which approval has been granted: Provided that the payment of a boarding allowance may be discontinued if the Director is satisfied that the pupil concerned is not making the desired progress in his studies, or if the pupil discontinues attendance at the school.

Goewermentskennisgewing R. 1284 van 26 Augustus 1966 en by Goewermentskennisgewing R. 470 van 26 Maart 1970 herroep en die volgende regulasies gemaak:

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Wet op Onderwys vir Indiërs, 1965 (Wet 61 van 1965), en het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, dieselfde betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"Direkteur" die hoof van die Afdeling Onderwys van die Departement van Indiërsake;

"inrigting" 'n onderwysinrigting wat kursusse vir die opleiding van onderwysers aanbied;

"kursus" 'n studiekursus goedgekeur deur die Sekretaris;

"kwartaal" 'n tydperk aangedui as 'n skoolkwartaal op die skoolkalender wat jaarliks deur die Direkteur uitgereik word;

"leerling" 'n leerling wat 'n onderwysinrigting, uitgesonderd 'n opleidingskollege, tegniese kollege of universiteit, bywoon;

"ouer" die ouer, voog of ander persoon in wie se bewaring of onder wie se beheer 'n leerling of student gewoonlik is;

"prinsipaal" die prinsipaal van 'n inrigting waar 'n leerling of student ingeskryf is;

"student" 'n persoon wat die nodige kwalifikasies het vir inskrywing vir 'n goedgekeurde kursus vir die opleiding van onderwysers, en wat ingeskryf is;

"Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Indiërraad gekonstitueer ingevolge artikel 10 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad, 1968 (Wet 31 van 1968).

LOSIESTOELAE

2. Behoudens hierdie regulasies, kan 'n losiestoelae soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee in oorleg met die Minister van Finansies toegestaan word aan 'n leerling wat in 'n geskikte losiesinrigting, uitgesonderd 'n staatskoshuis, of 'n staatsondersteunde skoolkoshuis loseer, op voorwaarde dat—

(a) sodanige leerling, tot tevredenheid van die Direkteur, onder behoorlike toesig is en van geskikte kos en akkommodasie voorsien word;

(b) die ouer van sodanige leerling na die mening van die Direkteur finansieel nie in staat is om hom weg van sy huis behoorlik te versorg en van akkommodasie te voorsien nie; en

(c) sodanige leerling verder as vyf kilometer van die skool af woon en nie op geskikte wyse daagliks na en van die skool vervoer kan word nie: Met dien verstande dat 'n losiestoelae om gesondheids- of ander goedgekeurde redes toegestaan kan word nieteenstaande dat genoemde afstand vyf kilometer of korter is.

3. Aansoek om 'n losiestoelae moet by die Direkteur gedoen word op 'n vorm deur hom verskaf.

4. 'n Goedgekeurde losiestoelae bly beskikbaar tot die end van die skooljaar waarvoor goedkeuring verleen is: Met dien verstande dat die betaling van 'n losiestoelae gestaak kan word indien die Direkteur daarvan oortuig is dat die betrokke leerling nie die gewenste vordering met sy studies maak nie of indien die leerling sy bywoning van die skool staak.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



5. A boarding allowance shall not be payable in advance, and payment shall be made half-yearly direct to the person supplying board and lodging to the pupil on receipt of a certificate from the principal of the school attended by the pupil to the effect that the provisions of regulation 2 (a) have been complied with: Provided that—

(a) payment of such allowance may be made in respect of—

(i) Saturdays, Sundays and public holidays during the quarter, irrespective of whether or not the pupil is in residence with the recipient of such allowance on the aforementioned days; and

(ii) a period during which the pupil is in residence but, due to illness, unable to attend school;

(b) If a pupil is absent from the boarding establishment for not more than seven consecutive days by reason of illness, payment of the grant for the period in question shall not be affected;

(c) if a pupil is absent from the boarding establishment for a period in excess of seven consecutive days during the quarter, the allowance for the full period of absence shall be withheld, the amount per day to be deducted being calculated by dividing the boarding allowance granted by the number of school days for the particular year for each day of absence.

## TRAVELLING ALLOWANCE

6. Subject to these regulations, a pupil may be granted a travelling allowance as determined by the Executive Committee in consultation with the Minister of Finance, on condition that—

(a) such pupil resides three kilometres or further from the school having the necessary accommodation, except in the case of exeptional circumstances or physical disability;

(b) such pupil makes use of public transport unless the parent furnishes proof that it is not possible for the pupil to make use of public transport and such parent must incur expenditure to transport the pupil; and

(c) no pupil who has been granted a boarding allowance shall be granted a travelling allowance.

7. Application for a travelling allowance shall be made to the Director on a form supplied by him.

8. An approved travelling allowance shall continue to be available until the end of the school year for which approval has been granted: Provided that the payment of a travelling allowance may be discontinued if the Director is satisfied that the pupil concerned is not making the desired progress in his studies, or if the pupil discontinues attendance at the school.

9. The approved travelling allowance shall be paid half-yearly in arrear direct to the parent: Provided that—

(a) such allowance shall be reduced by an amount per day calculated by dividing the travelling allowance granted by the number of school days for the particular year for each school day on which the pupil did not attend school, regardless of the reason for his absence;

(b) such allowance shall not be affected when a public holiday falls on a week day in the quarter.

10. Where the distance to be travelled by a pupil to the nearest school having the necessary accommodation is such that the approved travelling allowance is inadequate and the pupil cannot be transported by means of a bus service instituted by the Director, a higher allowance may be paid: Provided that such allowance shall be limited

5. 'n Losiestoelae is nie vooruitbetaalbaar nie en betaling, direk aan die persoon wat losies en inwoning aan die leerling verskaf, geskied halfjaarliks by ontvangs van 'n sertifikaat van die prinsipaal van die skool wat die leerling bywoon dat die bepalings van regulasie (2) (a) nagekom is: Met dien verstande dat—

(a) die betaling van sodanige toelae kan geskied ten opsigte van—

(i) Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae gedurende die kwartaal, afgesien daarvan of die leerling op voornoemde dae by die ontvanger van sodanige toelae inwoon al dan nie; en

(ii) 'n tydperk wanneer 'n leerling inwoon maar weens siekte nie in staat is om die skool te besoek nie;

(b) indien 'n leerling vir hoogstens sewe opeenvolgende dae weens siekte van die losiesplek afwesig is, betaling van die toelae vir die betrokke tydperk nie geraak word nie; en

(c) indien 'n leerling vir 'n tydperk van meer as sewe opeenvolgende dae gedurende die kwartaal van die losiesplek afwesig is, die toelae vir die volle tydperk van afwesigheid teruggehou word teen 'n bedrag per dag vir elke dag van afwesigheid, bereken deur die goedgekeurde losiestoelae te deel deur die getal skooldae van die betrokke skooljaar.

## VERVOERTOELAE

6. Behoudens hierdie regulasies, kan 'n vervoertoelae soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee in oorleg met die Minister van Finansies aan 'n leerling toegestaan word op voorwaarde dat—

(a) 'n vervoertoelae nie toegestaan word nie aan 'n leerling wat binne drie kilometer woon van 'n skool wat oor die nodige akkommodasie beskik, behalwe in die geval van buitengewone omstandighede of liggaamlike ongeskiktheid;

(b) sodanige leerling van openbare vervoer gebruik maak, tensy bewys gelewer word dat dit nie vir die leerling moontlik is om van openbare vervoer gebruik te maak nie en die ouer onkoste moet aangaan om die leerling te vervoer; en

(c) 'n vervoertoelae nie toegestaan word aan 'n leerling aan wie 'n losiestoelae toegestaan is nie.

7. Aansoek om 'n vervoertoelae moet by die Direkteur gedoen word op 'n vorm deur hom verskaf.

8. 'n Goedgekeurde vervoertoelae bly beskikbaar tot die end van die skooljaar waarvoor die goedkeuring verleen is: Met dien verstande dat die betaling van 'n vervoertoelae gestaak kan word indien die Direkteur daarvan oortuig is dat die betrokke leerling nie die gewenste vordering met sy studies maak nie of indien die leerling sy bywoning van die skool staak.

9. Die goedgekeurde vervoertoelae word halfjaarliks agterna direk aan die ouer betaal: Met dien verstande dat—

(a) sodanige toelae verminder word met 'n bedrag per dag, bereken deur die reistoelae te deel deur die getal skooldae van die betrokke skooljaar, vir elke skooldag wat die leerling nie die skool bywoon nie, ongeag die rede vir sy afwesigheid; en

(b) die toelae nie geraak word wanneer 'n openbare vakansiedag op 'n weeksdag in die kwartaal val nie.

10. Wanneer die afstand wat die leerling moet reis om die naaste skool wat oor die nodige akkommodasie beskik by te woon sodanig is dat die goedgekeurde reistoelae ontoereikend is en die leerling nie vervoer kan word met 'n busdiens wat deur die Direkteur ingestel is nie, kan 'n hoër toelae betaal word: Met dien verstande dat sodanige toelae tot die werklike uitgawe vir openbare vervoer

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



to the actual expenditure incurred by using public transport and shall not exceed the approved boarding allowance: Provided further that where no public transport or suitable public transport exists, the parent of the pupil may be compensated for expenditure actually incurred to a maximum of the approved boarding allowance.

11. The Director may, as approved from time to time by the Treasury and in consultation with the Director of State Purchases, institute bus services to transport pupils to and from schools or award grants-in-aid or subsidies to parents and employer organisations for the transporting of pupils.

## BURSARIES

12. Subject to these regulations, the Secretary may annually grant bursaries to students, in amounts as determined by the Executive Committee in consultation with the Minister of Finance, to enable them to take the courses mentioned in regulation 14.

13. Bursaries may be granted by the Secretary to students for different courses with due regard to the need for trained teachers.

14. A bursary may be granted to enable a person to take a course of training at—

(a) a training college under the control of the Department; or

(b) a university or university college or technical college or other institution.

15. The granting of a bursary shall be subject to the following conditions:

(a) The successful applicant shall be a citizen of the Republic of South Africa.

(b) The successful applicant shall be in possession of the entrance qualifications for the course for which the bursary is available.

(c) The successful applicant shall submit a certificate of satisfactory health: Provided that the Secretary may at any time during the course require a student to whom a bursary has been granted to submit a further certificate of health on a form supplied by the Department and to submit to a medical examination by a medical officer of the Department of Health.

16. A bursary shall be paid annually in two instalments and shall be forwarded to the principal of the institution attended by the student.

17. Payment of the first instalment of a bursary shall be made on receipt of a certificate from the principal of the institution attended by the student confirming that such student is registered at the institution and is already attending lectures. The second instalment be paid at the beginning of the second half-year on receipt of a further certificate by the principal to the effect that the conduct, attendance at lectures and progress of such student have been satisfactory.

18. A bursary granted under these regulations shall be charged to the bursary account of the student on the first day of July or the first day of January following the payment of the instalments referred to in regulation 17.

19. If at the end of the probationary period referred to in regulation 5 of the Regulations relating to the Admission of Persons to Training Colleges, published under Government Notice R. 359, dated 11 March 1966, a student is discharged, the Director may withdraw the bursary of such student without requiring repayment of that portion of the bursary advanced up to the time of withdrawal.

beperk word en nie die goedgekeurde losiestoelae oorskry nie: Met dien verstande verder dat, waar geen openbare vervoer of geskikte openbare vervoer bestaan nie, die ouer van die leerling vergoed kan word vir werklike uitgawes aangegaan tot 'n maksimum van die goedgekeurde losiestoelae.

11. Die Direkteur kan soos van tyd tot tyd deur die Tesourie goedgekeur en in oorleg met die Direkteur van Staatsaankope busdienste instel vir die vervoer van leerlinge na en van skole of hulptoelaes of subsidies vir die vervoer van leerlinge aan ouers of werkgewerorganisasies toeken.

## STUDIEBEURSE

12. Behoudens hierdie regulasies, kan die Sekretaris jaarliks studiebeurse tot bedrae wat die Uitvoerende Komitee in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, aan studente toeken om die kursusse wat in regulasie 14 genoem word, te volg.

13. Die Sekretaris kan studiebeurse vir verskillende kursusse aan studente toeken met inagneming van die behoefte aan opgeleide onderwysers.

14. 'n Studiebeurs kan toegeken word ten einde 'n persoon in staat te stel om 'n opleidingskursus te volg aan—

(a) 'n opleidingskollege onder beheer van die Departement; of

(b) 'n universiteit of universiteitskollege of tegniese kollege of ander inrigting.

15. Die toekenning van 'n studiebeurs is onderworpe aan onderstaande voorwaardes:

(a) Die suksesvolle applikant moet 'n burger van die Republiek van Suid-Afrika wees.

(b) Die suksesvolle applikant moet in besit wees van die toelatingskwalifikasies vir die kursus waarvoor die studiebeurs beskikbaar is.

(c) Die suksesvolle applikant moet 'n sertifikaat van bevredigende gesondheid indien: Met dien verstande dat die Sekretaris te eniger tyd gedurende 'n kursus van 'n student aan wie 'n studiebeurs toe geken is, kan vereis dat hy 'n addisionele sertifikaat van gesondheid indien op 'n vorm deur die Departement verskaf, en hom aan 'n mediese ondersoek deur 'n mediese beampte van die Departement van Gesondheid kan onderwerp.

16. 'n Studiebeurs word jaarliks in twee paaiemente betaal en gestuur aan die prinsipaal van die inrigting wat die student bywoon.

17. Die betaling van die eerste paaiement van 'n studiebeurs geskied by ontvangs van 'n sertifikaat van die prinsipaal van die inrigting wat die student bywoon, wat bevestig dat hy by die inrigting ingeskryf is en reeds lesings bywoon. Die tweede paaiement word aan die begin van die tweede halfjaar betaal by ontvangs van 'n bykomende sertifikaat van die prinsipaal dat sodanige student se gedrag, bywoning van lesings en vordering bevredigend is.

18. 'n Studiebeurs kragtens hierdie regulasies toegeken, word op die eerste dag van Julie en die eerste dag van Januarie wat volg op die betaling van die paaiemente in regulasie 17 genoem teen die studiebeursrekening van die student gedebiteer.

19. Indien 'n student ontslaan word aan die end van die proeftydperk genoem in regulasie 5 van die Regulasies betreffende die Toelating van Persone tot Opleidingskolleges vir Indiërs, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 359 van 11 Maart 1966, kan die Direkteur sodanige student se studiebeurs intrek sonder om terugbetaling te eis van dié gedeelte van die studiebeurs wat tot die intrekking reeds voorgeskiet is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



20. A student who has been granted a bursary and has in the opinion of the Director not achieved a sufficient measure of success at any stage of training, may be required by the Director to—

(a) repeat any portion of the course without obtaining a bursary from the Department for such repetition of the course; or

(b) abandon the course of training forthwith, in which event the provisions of regulation 26 shall apply; or

(c) transfer to some other approved course of training.

21. Notwithstanding anything to the contrary contained in these regulations, the Secretary may at any time withdraw the bursary of any student or discontinue further payment thereof for a definite or indefinite period, if the principal reports that such student is indolent, or that his conduct is unsatisfactory, or that he is not making such progress as to afford a reasonable expectation of his passing the prescribed examination or qualifying for the teaching profession, or that he is suffering from any physical or mental defect or disease which might detrimentally affect his studies or, at a later date his work as a teacher, or which might be dangerous to the health of other persons: Provided that the Secretary may—

(a) at his discretion and on such conditions as he may determine, resume payment of a bursary at any time after the discontinuation of such payment; or

(b) withdraw a bursary, payment of which has been discontinued, if he is satisfied that the student is not willing or able to make profitable use thereof or to use it for the purpose for which it was granted.

If the bursary of a student is withdrawn in terms of this regulation, such student shall immediately become liable for the repayment in terms of regulation 28 of the amount of the bursary advanced.

22. A student who has been granted a bursary shall observe the rules of the institution attended by him and of any hostel at which accommodation may be assigned to him.

23. Every student who has been granted a bursary shall enter into an agreement with the Secretary providing for such conditions as the Secretary may deem fit, in which such student shall, *inter alia*—

(a) state that he is fully conversant with these regulations;

(b) acknowledge and agree that these regulations form an integral part of such agreement;

(c) undertake to fulfil the obligations imposed on him by and in terms of these regulations; and

(d) undertake that upon the completion of the course for which such bursary was granted, he shall serve in the Department subject to the conditions of service prescribed and for a continuous period of one year for each separate year of study or part thereof in respect of which he received the bursary: Provided that the period of service so determined shall be extended by the number of days of leave without pay in excess of 30 days in any one calendar year.

24. No instalment of a bursary shall be paid until the student or, in the case of a minor student, the student and parent, shall have entered into an agreement with the Secretary in terms of regulation 23.

25. In the event of the death of the parent of a minor student, the student shall immediately inform the Director accordingly.

20. 'n Student aan wie 'n studiebeurs toegeken is en wat na die mening van die Direkteur in enige stadium van opleiding nie 'n voldoende mate van sukses behaal het nie kan deur die Direkteur verplig word om—

(a) enige deel van die kursus te herhaal sonder om van die Departement 'n studiebeurs te verkry vir sodanige herhaling van die kursus; of

(b) die opleidingskursus onmiddellik te staak, en in dié geval is die bepalings van regulasie 26 van toepassing; of

(c) na 'n ander goedgekeurde opleidingskursus oor te gaan.

21. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie regulasie, kan die Sekretaris die studiebeurs van 'n student intrek of verdere betaling daarvan vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk opskort, indien die prinsipaal rapporteer dat sodanige student traag is, of dat sy gedrag onbevredigend is, of dat hy nie sodanige vordering maak dat redelikerwys verwag kan word dat hy die voorgeskrewe eksamen sal slaag of vir die onderwysberoep sal kwalifiseer nie, of dat hy ly aan 'n liggaamlike of geestelike gebrek of siekte wat sy studies, of later sy werk as onderwyser, nadelig kan beïnvloed of wat gevaarlik vir die gesondheid van ander persone kan wees: Met dien verstande dat die Sekretaris—

(a) na goeddunke en op sodanige voorwaardes as wat hy bepaal betaling van 'n studiebeurs te eniger tyd na die opskorting van sodanige betaling kan herinstel; of

(b) 'n studiebeurs waarvan die betaling opgeskort is, kan intrek, as hy daarvan oortuig is dat die student nie gewillig is of daartoe in staat is om met voordeel daarvan gebruik te maak of om dit te gebruik vir die doel waarvoor dit toegeken is nie.

As 'n studiebeurs van 'n student ingevolge die bepalings van hierdie regulasie ingetrek is, word sodanige student dadelik aanspreeklik vir die terugbetaling ingevolge regulasie 28 van die bedrag van die studiebeurs aan hom voorgeskiet.

22. 'n Student aan wie 'n studiebeurs toetgeken is, moet die reëls gehoorsaam van die inrigting wat hy bywoon en van die koshuis waarin akkommodasie aan hom toegewys is.

23. 'n Student aan wie 'n studiebeurs toegeken is, moet 'n ooreenkoms met die Sekretaris aangaan waarin sodanige voorwaardes vervat is as wat die Sekretaris nodig ag en waarin sodanige student onder andere—

(a) verklaar dat hy ten volle vertroud is met hierdie regulasies;

(b) erken en instem dat hierdie regulasies 'n integrerende deel van sodanige ooreenkoms uitmaak;

(c) onderneem om die verpligting na te kom wat hom by en ingevolge hierdie regulasies opgelê word; en

(d) onderneem om na voltooiing van die kursus waarvoor sodanige studiebeurs toegeken is, behoudens die voorgeskrewe diensvoorwaardes, in die Departement te dien vir 'n ononderbroke tydperk van een jaar vir elke afsonderlike studiejaar of gedeelte daarvan ten opsigte waarvan hy 'n studiebeurs ontvang het: Met dien verstande dat die tydperk aldus bepaal verleng word met die getal dae verlof sonder betaling wat 30 dae in enige kalenderjaar oorskry.

24. Geen paaiement van 'n studiebeurs word uitbetaal voor die student of, in die geval van 'n minderjarige student, die student en ouer, 'n ooreenkoms met die Sekretaris ingevolge regulasie 23 aangegaan het nie.

25. In geval van die afsterwe van die ouer van 'n minderjarige student, moet die student die Direkteur onverwyld daarvan in kennis stel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



26. A student who has been granted a bursary, or the parent of a minor student, shall, subject to the provisions of regulation 28, refund to the State all bursary moneys paid to or for the benefit of such student as well as interest at the rate fixed from time to time by the Minister of Finance—

(a) if such student abandons the course of training or is discharged or for any other reason fails to complete the course successfully: Provided that if such student fails to complete the course successfully, the Secretary may defer the refund of the bursary to enable such student to complete the course at his own expense;

(b) if, upon an appointment being offered to the student by the Director within a year of the completion of the course of training, the student fails to accept such appointment or to assume duty in the post on the required date;

(c) if such student, after having entered the teaching service of the Department, resigns or for any other reason fails to serve therein uninterruptedly for the full period required in terms of these regulations; or

(d) if, in the case of a woman, such student marries during the period of training and fails to complete the course and the period of service required of her in terms of these regulations.

27. The total amount to be refunded in terms of regulation 26 shall be all the instalments paid to or for the benefit of such student up to the date on which such student abandons or completes the course, plus interest calculated at the rate fixed from time to time by the Minister of Finance with effect from the first day of the month following the month in which the obligation to refund such amount arose.

28. Payment of the amount determined under regulation 27 (hereinafter referred to as the indebtedness) shall be made on demand: Provided that, in special circumstances, the Secretary may approve the indebtedness being redeemed by such instalments and on such conditions as he may deem fit: Provided further that the indebtedness of a student shall be reduced in the proportion of the number of completed months of service rendered to the period of service laid down in the contract: Provided further that, if a student dies before the completion of the course or the period of service provided for in regulation 23 (d), the indebtedness of such student shall be cancelled.

29. No reduction in a student's indebtedness in respect of a bursary shall be made in respect of any period of leave without pay in excess of 30 days in any one calendar year.

30. Whenever the services of a woman teacher employed in a permanent capacity are terminated on marriage and such woman is reappointed as a teacher in the Department in a temporary capacity and assumes duty within 30 days of the date of such termination, her temporary service shall be deemed to be continuous with her permanent service.

J. N. REDDY, Chairman of the Executive Committee.

29 March 1978.

26. 'n Student aan wie 'n studiebeurs toegeken is, of die ouer van 'n minderjarige student, moet, behoudens die bepalings van regulasie 28, alle studiebeursgelde wat aan of ten behoewe van sodanige student uitbetaal is aan die Staat terugbetaal saam met rente teen die koers wat die Minister van Finansies van tyd tot tyd vasstel —

(a) indien sodanige student die studiekursus staak of ontslaan word of om enige ander rede in gebreke bly om die kursus met goeie gevolg te voltooi: Met dien verstande dat, as sodanige student nie daarin slaag om die kursus met goeie gevolg te voltooi nie, die Sekretaris terugbetaling van die studiebeurs kan uitstel om sodanige student in staat te stel om op eie koste die kursus te voltooi;

(b) indien die student, ingeval die Direkteur hom binne een jaar na die voltooiing van die opleidingskursus 'n aanstelling aanbied, in gebreke bly om die aanstelling te aanvaar of om op die vereiste datum diens in die pos te aanvaar;

(c) indien sodanige student, na toetreding tot die onderwysdiens van die Departement, bedank of om enige ander rede in gebreke bly om daarin ononderbroke diens te doen vir die volle tydperk ingevolge hierdie regulasies van hom vereis; of

(d) indien, in die geval van 'n vrou, sodanige student in die loop van die opleidingstydperk trou en in gebreke bly om die kursus en die dienstydperk ingevolge hierdie regulasies van haar vereis, te voltooi.

27. Die totale bedrag wat ingevolge regulasie 26 terugbetaal moet word, is al die paaiemente wat aan of ten behoewe van sodanige student betaal is tot die datum waarop sodanige student die kursus staak of voltooi, plus rente bereken teen die koers wat die Minister van Finansies van tyd tot tyd vasstel, en met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die verpligting om sodanige terugbetaling te maak, ontstaan het.

28. Delging van die bedrag ingevolge regulasie 27 bepaal (hieronder die skuldelas genoem) geskied op aanvraag: Met dien verstande dat die Sekretaris dit onder buitengewone omstandighede kan goedkeur dat die skuldelas gedelg word in sodanige paaiemente en op sodanige voorwaardes as wat hy goeddink: Met dien verstande voorts dat die skuldelas van die student verminder word met die getal voltooide maande diens gelewer in verhouding tot die dienstydperk in die ooreenkoms bepaal: Met dien verstande voorts dat, as die student te sterwe kom voordat hy die kursus of die dienstermyn voltooi het waarvoor voorsiening gemaak word in regulasie 23 (d), die skuldelas van sodanige student afgeskryf word.

29. Geen vermindering van die studiebeursskuldelas van 'n student word toegestaan ten opsigte van 'n tydperk van verlof sonder betaling wat 30 dae in 'n kalenderjaar oorskry nie.

30. Wanneer die dienste van 'n onderwyseres wat in 'n permanente hoedanigheid in diens is met haar huwelik beëindig word en sodanige vrou in 'n tydelike hoedanigheid as onderwyseres in die Departement heraangestel word en diens aanvaar binne 30 dae na die datum van sodanige beëindiging, word haar tydelike diens geag aaneenlopend te wees met haar permanente diens.

J. N. REDDY, Voorsitter van die Uitvoerende Komitee.

29 Maart 1978.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 774 21 April 1978

INDIANS EDUCATION ACT, 1965

(ACT 61 OF 1965)

CORRECTION NOTICE

The following correction should be made to the English text of the regulation published in Government Notice R. 275 of 17 February 1978:

For the expression "R. 275" where it appears in the last line, substitute the expression "R. 276".

No. R. 774 21 April 1978

WET OP ONDERWYS VIR INDIËRS, 1965

(WET 61 VAN 1965)

VERBETERINGSKENNISGEWING

Die volgende verbetering moet in die Afrikaanse teks van die regulasie gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 275 van 17 Februarie 1978, aangebring word:

Vervang die uitdrukking "R. 275" deur die uitdrukking "R. 276" waar dit in die voorlaaste reël voorkom.

## DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. R. 835 21 April 1978

PUBLICATIONS ACT, 1974

AMENDMENT OF PUBLICATIONS REGULATIONS

The Minister of the Interior has in terms of section 44 of the Publications Act, 1974 (Act 42 of 1974), amended the Publications Regulations, published by Government Notice R. 536 of 18 March 1975, as amended by Government Notice R. 819 of 25 April 1975, R. 1751 of 24 September 1976 and R. 2014 of 30 September 1977, as set out in the Schedule.

SCHEDULE

1. Regulation 4 is hereby amended with effect from 1 January 1978 by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) The remuneration and allowances payable to members of the directorate shall be as follows:

| | *Per annum* *Remuneration* | *Allowances* |
|---|---|---|
| | R | R |
| Director | 16 170 | 1 530 |
| Deputy director | 14 850 | 1 350 |
| Assistant director | 14 190 | 510 |

monthly payable in equal amounts.".

2. Regulation 10 is hereby amended with effect from 1 January 1978—

(a) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(a) the remuneration and allowance payable to the said chairman shall be as follows:

| *Per annum* *Remuneration* | *Allowance* |
|---|---|
| R19 050 | R1 650 |

monthly payable in equal amounts"; and

(b) by the substitution for subparagraph (i) of paragraph (a) of subregulation (3) of the following subparagraph:

"(i) R22 848 per annum;"

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. R. 835 21 April 1978

WET OP PUBLIKASIES, 1974

WYSIGING VAN REGULASIES OP PUBLIKASIES

Die Minister van Binnelandse Sake het kragtens artikel 44 van die Wet op Publikasies, 1974 (Wet 42 van 1974), die Regulasies op Publikasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 536 van 18 Maart 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 819 van 25 April 1975, R. 1751 van 24 September 1976 en R. 2014 van 30 September 1977 gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

1. Regulasie 4 word hierby gewysig deur subregulasie (1) met ingang van 1 Januarie 1978 deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Die besoldiging en toelaes betaalbaar aan lede van die direktoraat is soos volg:

| | *Per jaar* *Besoldiging* | *Toelaes* |
|---|---|---|
| | R | R |
| Direkteur | 16 170 | 1 530 |
| Adjunk-direkteur | 14 850 | 1 350 |
| Onderdirekteur | 14 190 | 510 |

maandeliks betaalbaar in gelyke bedrae.".

2. Regulasie 10 word hierby met ingang van 1 Januarie 1978 gewysig—

(a) deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

(a) is die besoldiging en toelae betaalbaar aan bedoelde voorsitter soos volg:

| *Per jaar* *Besoldiging* | *Toelae* |
|---|---|
| R19 050 | R1 650 |

maandeliks betaalbaar in gelyke bedrae"; en

(b) deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subregulasie (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) R22 848 per jaar;"

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 795 21 April 1978

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE SOUTH-WEST AFRICA DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

Notice is hereby given that the following amendments to the rules regulating the conduct of the proceedings of the South-West Africa Division of the Supreme Court of South Africa, published under Government Notice R. 3292, dated 12 September 1969, have, in terms of

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 795 21 April 1978

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE SUIDWES-AFRIKA-AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Kennis word hierby gegee dat die volgende wysigings aan die reëls waarby die verrigtings van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 3292 van 12 September 1969, kragtens artikel 43 (2) (b)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



section 43 (2) (b) of the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), been made by the Judge President of that Division:

The amendment of rule 2 by the substitution for subrule (1) of the following subrule:

"(1) For the despatch of civil business there shall be two terms yearly as from—

(a) 1 February to 15 June, inclusive;

(b) 1 August to 30 November, inclusive; and

three inter-term days, namely 15 January, 30 June and 15 July, whereas the rest of the year shall be vacation.".

van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959), deur die Regter-president van daardie Afdeling uitgevaardig is:

Die wysiging van reël 2 deur subreël (1) deur die volgende subreël te vervang:

"(1) Vir die afhandeling van siviele aangeleenthede is daar jaarliks twee sittingstermyne, naamlik vanaf—

(a) 1 Februarie tot en met 15 Junie; en

(b) 1 Augustus tot en met 30 November; en

drie tussentermdae, naamlik 15 Januarie, 30 Junie en 15 Julie, terwyl die res van die jaar vakansie is.".

## DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 776 21 April 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BREWING INDUSTRY, CAPE TOWN.—RENEWAL OF PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 1643 of 20 September 1974 and R. 2546 of 27 August 1976 to be effective as from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 July 1978.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 777 21 April 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING INDUSTRY, WORCESTER.—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 693 of 26 April 1974, R. 1606 of 3 September 1976 and R. 2226 of 28 October 1977 to be effective from 1 May 1978 and for the period ending 31 October 1978.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 778 21 April 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

RETAIL MEAT TRADE (WITWATERSRAND).—EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the period fixed in Government Notices R. 734 of 18 April 1975 and R. 161 of 6 February 1976, by a further period of six months ending 27 October 1978.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 779 21 April 1978

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

MOTOR TRANSPORT UNDERTAKING (GOODS).—EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Industrial Conciliation Act, 1956, extend the period fixed in Government Notice R. 676 of 11 April 1975 by a further period of three months ending 31 July 1978.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 776 21 April 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BROUNYWERHEID, KAAPSTAD.—HERNUWING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 1643 van 20 September 1974 en R. 1546 van 27 Augustus 1976 van krag is vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Julie 1978 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 777 21 April 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOUNYWERHEID, WORCESTER.—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 693 van 26 April 1974, R. 1606 van 3 September 1976 en R. 2226 van 28 Oktober 1977 van krag is met ingang van 1 Mei 1978 en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1978 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 778 21 April 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

KLEINHANDELVLEISBEDRYF (WITWATERSRAND).—VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperk vasgestel in Goewermentskennisgewings R. 734 van 18 April 1975 en R. 161 van 6 Februarie 1976, met 'n verdere tydperk van ses maande wat op 27 Oktober 1978 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

No. R. 779 21 April 1978

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MOTORVERVOERONDERNEMING (GOEDERE).—VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, die tydperk vasgestel in Goewermentskennisgewing R. 676 van 11 April 1975 met 'n verdere tydperk van drie maande wat op 31 Julie 1978 eindig.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 780 21 April 1978

APPRENTICESHIP ACT, 1944

EAST LONDON HAIRDRESSING APPRENTICESHIP COMMITTEE.—PROPOSED AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the above-mentioned Act, propose to amend Government Notice R. 1972 of 29 October 1976 (as applied by Government Notice R. 188 of 11 February 1977), by the substitution for clause 1 of the Conditions of Apprenticeship of the following clause:

"1. *Qualifications for commencing apprenticeship*

The minimum age and educational qualifications for commencing apprenticeship shall be 16 years and Standard VIII or a statement of attainment issued by or on behalf of the school attended by the prospective apprentice reflecting a pass at Standard VIII level in the subjects Afrikaans, English, Arithmetic or General Mathematics and at least one other subject.".

All interested persons who have any objections to the above proposals are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, East London Hairdressing Apprenticeship Committee, P.O. Box 312, East London, 5200, within 30 days from the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

No. R. 780 21 April 1978

WET OP VAKLEERLINGE, 1944

VAKLEERLINGSKAPKOMITEE VIR DIE HAARSNYERSBEDRYF, OOS-LONDEN.—VOORGENOME WYSIGING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van bogemelde Wet, is voornemens om Goewermentskennisgewing R. 1972 van 29 Oktober 1976 (soos toegepas by Goewermentskennisgewing R. 188 van 11 Februarie 1977) te wysig deur klousule 1 van die leervoorwaardes deur die volgende klousule te vervang:

"1. *Kwalifikasies vir begin van vakleerlingskap*

Die minimum leeftyd en opvoedkundige kwalifikasies vir die begin van vakleerlingskap is 16 jaar en standerd VIII of 'n verklaring van prestasie uitgereik deur of namens die skool wat deur die voornoemde vakleerling besoek is waarin verklaar word dat hy op die standerd VIII-peil geslaag het in die vakke Afrikaans, Engels, Rekenkunde of Algemene Wiskunde en minstens een ander vak.".

Alle belanghebbende persone wat enige besware teen bogemelde voornemens het, word aangesê om binne 30 dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing sodanige besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Vakleerlingskapkomitee vir die Haarsnyersbedryf, Oos-Londen, Posbus 312, Oos-Londen, 5200.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

## DEPARTMENT OF PLURAL RELATIONS AND DEVELOPMENT

No. R. 813 21 April 1978

ESTABLISHMENT OF COMMUNITY COUNCILS FOR VRYBURG AND OTHER URBAN RESIDENTIAL AREAS

I, Wilhelm Laubscher Vosloo, Deputy Minister of Plural Relations and Development, hereby establish, on behalf of the Minister of Plural Relations and Development by virtue of the powers vested in him by section 2 (1) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), a community council for each urban residential area defined in the Schedule hereto.

W. L. VOSLOO, Deputy Minister of Plural Relations and Development.

(File A2/14/2/V36/1)

SCHEDULE

| *Urban residential area* | *Defined in Government Notice* |
|---|---|
| Vryburg | No. 1124 of 24 July 1959, as amended by No. 1796 of 6 November 1964. |
| Postmasburg | No. 1716 of 26 September 1930; No. 1128 of 29 July 1960. |
| Daniëlskuil | No. 1220 of 20 July 1928; No. 1150 of 4 August 1967. |
| Olifantshoek | No. 1870 of 28 October 1927. |
| Upington | No. 1579 of 29 June 1951; No. 1388 of 13 September 1957. |
| Prieska | No. 2485 of 13 October 1950. |
| Griekwastad | No. 2113 of 7 December 1928; No. 2026 of 7 October 1977. |
| Reivilo | No. 545 of 21 April 1967. |

## DEPARTEMENT VAN PLURALE BETREKKINGE EN ONTWIKKELING

No. R. 813 21 April 1978

INSTELLING VAN GEMEENSKAPSRADE VIR VRYBURG EN ANDER STEDELIKE WOONGEBIEDE

Ek, Wilhelm Laubscher Vosloo, Adjunk-minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, stel hierby, namens die Minister van Plurale Betrekking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (1) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), 'n gemeenskapsraad in vir elke stedelike woongebied omskryf in die Bylae hiervan.

W. L. VOSLOO, Adjunk-minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling.

(Lêer A2/14/2/V36/1)

BYLAE

| *Stedelike woongebied* | *Omskryf by Goewermentskennisgewing* |
|---|---|
| Vryburg | No. 1124, gedateer 24 Julie 1959, soos gewysig deur No. 1796, gedateer 6 November 1964. |
| Postmasburg | No. 1716, gedateer 26 September 1930; No. 1128, gedateer 29 Julie 1960. |
| Daniëlskuil | No. 1220, gedateer 20 Julie 1928; No. 1150, gedateer 4 Augustus 1967. |
| Olifantshoek | No. 1870, gedateer 28 Oktober 1927. |
| Upington | No. 1579, gedateer 29 Junie 1951; No. 1388, gedateer 13 September 1957. |
| Prieska | No. 2485, gedateer 13 Oktober 1950. |
| Griekwastad | No. 2113, gedateer 7 Desember 1928; No. 2026, gedateer 7 Oktober 1977. |
| Reivilo | No. 545, gedateer 21 April 1967. |

No. R. 814 21 April 1978

REGULATIONS GOVERNING COMMUNITY COUNCILS IN THE BANTU AFFAIRS ADMINISTRATION AREA OF THE NORTHERN CAPE BANTU AFFAIRS ADMINISTRATION BOARD

I, Wilhelm Laubscher Vosloo, Deputy Minister of Plural Relations and Development, hereby make on behalf of the Minister of Plural Relations and Development under the powers vested in him by section 11 (1)

No. R. 814 21 April 1978

REGULASIES BETREFFENDE GEMEENSKAPSRADE IN DIE BANTOESAKE-ADMINISTRASIEGEBIED VAN DIE NOORD-KAAPSE BANTOESAKE-ADMINISTRASIERAAD

Ek, Wilhelm Laubscher Vosloo, Adjunk-minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling, vaardig hierby, namens die Minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), the regulations contained in the Schedule hereto and declare that the said regulations shall apply to any community council referred to in section 2 (1) of the said Act, in the Bantu Affairs administration area of the Northern Cape Bantu Affairs Administration Board referred to in section 2 (1) (a) of the Bantu Affairs Administration Act, 1971 (Act 45 of 1971).

W. L. VOSLOO, Deputy Minister of Plural Relations and Development.

(File A2/14/2/V36/1)

SCHEDULE

CHAPTER I

DEFINITIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"agent" means an agent appointed under regulation 23;

"Bantu Affairs Commissioner" means the person appointed Bantu Affairs Commissioner under section 2 (2) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927);

"Board" means the Northern Cape Bantu Affairs Administration Board established by section 2 (1) of the Bantu Affairs Administration Act, 1971 (Act 45 of 1971), read with Government Notice 1001 of 1973;

"Chief Director" means the Chief Director of the Board;

"committee" means any committee of the Community Council appointed under section 5 (1) (k) of the Act; "Community Council" means the Community Council established under section 2 (1) of the Act and "Council" has a corresponding meaning;

"corrupt practice" means any of the offences of treating, undue influence, bribery and personation;

"electoral officer" means the electoral officer referred to in regulation 15 and includes an assistant electoral officer;

"identity document" means a reference book referred to in the Bantu (Abolition of Passes and Co-ordination of Documents) Act, 1952 (Act 67 of 1952), and a passport, permit, document of identity or other travel document referred to in the Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act 59 of 1972);

"illegal practice" means any of the offences created by regulations 58, 59 and 60;

"member" means a member of the Community Council;

"registered occupier" means a person to whom a site, residential, hostel or lodger's permit or certificate of occupation has been issued in terms of the Regulations governing the Control and Supervision of an Urban Bantu Residential Area and Relevant Matters contained in the Schedule to Government Notice R. 1036 of 1968, the wife of any person to whom such a site, residential or lodger's permit or certificate of occupation has been issued if her name apears on such permit or certificate and any person to whom the township manager has issued a permit permitting him to occupy any approved dwelling on any church, school or institutional site and the wife of such person if her name appears on such permit;

11 (1) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), die regulasies uit wat in die Bylae hiervan vervat is en verklaar dat genoemde regulasies van toepassing is op enige gemeenskapsraad bedoel in artikel 2 (1) van genoemde Wet, binne die Bantoesake-administrasiegebied van die Noord-Kaapse Bantoesake-administrasieraad bedoel in artikel 2 (1) (a) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 (Wet 45 van 1971).

W. L. VOSLOO, Adjunk-minister van Plurale Betrekkinge en Ontwikkeling.

(Lêer A2/14/2/V36/1)

BYLAE

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"agent" 'n agent aangestel kragtens regulasie 23;

"Bantoesakekommissaris" die persoon aangestel as Bantoesakekommissaris, kragtens artikel 2 (2) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927);

"die Hoofwet" die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945);

"die Wet" die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977);

"dorpsbestuurder" enige beampte aangewys kragtens artikel 22 van die Hoofwet en gelisensieer kragtens Goewermentskennisgewing 552 van 1958 om die stedelike woongebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is, te bestuur, asook die behoorlik aangestelde en gelisensieerde adjunk en assistent van sodanige beampte;

"Gemeenskapsraad" die Gemeenskapsraad ingestel kragtens artikel 2 (1) van die Wet;

"geregistreerde bewoner" 'n persoon aan wie 'n perseel-, woon-, tehuis- of loseerderspermit of 'n sertifikaat van bewoning kragtens die Regulasies betreffende die Beheer van en Toesig oor 'n Stedelike Bantoewoongebied en Aanverwante Aangeleenthede vervat in die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 1036 van 1968 uitgereik is, die eggenote van 'n persoon aan wie sodanige perseel-, woon-, of loseerderspermit of sertifikaat van bewoning uitgereik is, indien haar naam op sodanige permit of sertifikaat verskyn, en 'n persoon aan wie die dorpsbestuurder 'n permit om 'n goedgekeurde woning op 'n kerk-, skool- of inrigtingterrein te bewoon, uitgereik het en die eggenote van sodanige persoon, indien haar naam op sodanige permit verskyn;

"Hoofdirekteur" die Hoofdirekteur van die Raad;

"identiteitsdokument" 'n bewysboek in die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet, 1952 (Wet 67 van 1952), bedoel en 'n paspoort, permit, identifikasiebewys of ander reisdokument in die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet 59 van 1972) bedoel;

"kieser" iemand wat ingevolge regulasie 3 bevoeg is om by 'n verkiesing van verkose lede van die Gemeenskapsraad te stem en wie se naam op 'n kieserslys in regulasie 4 bedoel, voorkom;

"komitee" 'n komitee van die Gemeenskapsraad aangestel kragtens artikel 5 (1) (k) van die Wet;

"korrupte bedrywigheid" enige van die misdrywe van trakteerdery, onbehoorlike beïnvloeding, omkopery en uitgee vir 'n ander;

"lid" 'n lid van die Gemeenskapsraad;

"onwettige bedrywigheid" enige van die misdrywe geskep deur regulasies 58, 59 en 60;

"Raad" die Noord-Kaapse Bantoesake-administrasieraad ingestel by artikel 2 (1) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake, 1971 (Wet 45 van 1971), gelees met Goewermentskennisgewing 1001 van 1973;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"Secretary of the Community Council" means the person appointed or employed as such by the Community Council under section 5 (1) (i) of the Act;

"the Act" means the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977);

"the principal Act" means the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945);

"township manager" means any officer appointed in terms of section 22 of the principal Act and licensed under Government Notice 552 of 1958 to manage the urban residential area for which the Community Council has been established and includes the duly appointed and licensed deputy and assistant of such officer;

"voter" means any person who is qualified to vote at any election of elected members of the Community Council in terms of regulation 3 and whose name appears on any voters' list referred to in regulation 4.

## CHAPTER 2

## DELIMITATION

*Delimitation of wards*

2. (1) The Board shall divide the area for which the Community Council has been established into wards.

(2) Such division shall be made within one month after the date of publication of these Regulations and thereafter at intervals of not less than five years and not more than 10 years commencing from the last delimitation of wards.

(3) Details of such division shall be made available for inspection at the office of the township manager.

## CHAPTER 3

## VOTERS AND VOTERS' LISTS

*Qualification of voters*

3. Only persons who are citizens of the Republic of South Africa or any territory which previously formed part of the Republic and who are registered occupiers within the area for which the Community Council has been established and whose names appear on the voters' list, shall be qualified to vote at any election of elected members of the Community Council.

*Voters' lists*

4. (1) Within two months of the delimitation of wards under regulation 2, the electoral officer shall prepare for each ward a list of persons who are entitled to vote.

(2) The lists prepared after any such delimitation of wards shall come into operation immediately after they have been so prepared by the electoral officer.

(3) Until the coming into operation of the voters' lists prepared after the delimitation of wards, the current voters' lists shall continue to be valid, but thereafter the lists prepared after such delimitation shall be the voters' lists for the respective wards.

(4) The voters' lists prepared for the various wards after any delimitation of wards shall be—

(a) supplemented by the insertion therein of the names of voters whose names do not appear therein and who have satisfied the electoral officer that they are qualified to have their names inserted therein; and

(b) further adjusted by the deletion of the name of any person who is dead or no longer qualifies for continuance of registration as a voter.

*Voters' list in which voter's name is to be entered*

5. No person's name shall be entered in a voters' list for any particular ward unless he actually resides in such ward on the date on which his name is so entered in the voters' list.

"Sekretaris van die Gemeenskapsraad" die persoon wat kragtens artikel 5 (1) (i) van die Wet as sodanig deur die Gemeenskapsraad aangestel of in diens van die Gemeenskapsraad is;

"verkiesingsbeampte" die verkiesingsbeampte in regulasie 15 bedoel en ook 'n assistent-verkiesingsbeampte.

## HOOFSTUK 2

## AFBAKENING

*Afbakening van wyke*

2. (1) Die Raad verdeel die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is in wyke.

(2) Sodanige verdeling word binne een maand na die datum van publikasie van hierdie Regulasies gedoen en daarna met tussenpose van minstens vyf jaar en hoogstens 10 jaar, gereken van die jongste afbakening van wyke.

(3) Besonderhede van sodanige verdeling word vir inspeksie by die kantoor van die dorpsbestuurder beskikbaar gestel.

## HOOFSTUK 3

## KEISERS EN KIESERSLYSTE

*Kwalifikasie van kiesers*

3. Alleenlik burgers van die Republiek van Suid-Afrika of 'n gebied wat voorheen deel van die Republiek uitgemaak het en wat geregistreerde bewoners is binne die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is en wie se name op die kieserslys verskyn, kwalifiseer om by 'n verkiesing van gekose lede van die Gemeenskapsraad te stem.

*Kieserslyste*

4. (1) Binne twee maande na die afbakening van wyke kragtens regulasie 2 moet die verkiesingsbeampte 'n lys van persone wat geregtig is om te stem, vir elke wyk opstel.

(2) Die lyste wat na sodanige afbakening van wyke opgestel is, tree in werking onmiddellik nadat dit aldus deur die verkiesingsbeampte opgestel is.

(3) Die lopende kieserslyste bly van krag totdat die kieserslyste wat na die afbakening van wyke opgestel is in werking tree, en daarna is die lyste wat na sodanige afbakening opgestel is, die kieserslyste vir die onderskeie wyke.

(4) Die kieserslyste wat na 'n afbakening van wyke vir die verskillende wyke opgestel is, word—

(a) aangevul deur die opname daarin van die name van kiesers wie se name nie daarin verskyn nie en wat die verkiesingsbeampte daarvan oortuig dat hul kwalifiseer vir die opname van hul name daarin; en

(b) verder aangepas deur die skrapping daarin van die name van kiesers wat oorlede is of nie langer bevoeg is om as 'n kieser geregistreer te wees nie.

*Kieserslys waarin kiesersnaam ingeskryf moet word*

5. Geen persoon se naam word in 'n kieserslys vir 'n besondere wyk ingeskryf nie tensy hy inderdaad in sodanige wyk woon op die datum waarop sy naam aldus in die kieserslys ingeskryf word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Particulars to be shown in voters' list*

6. A voters' list shall show in respect of every person whose name is included therein—

(a) a serial number;

(b) his surname and immediately thereafter his first names;

(c) his residential address; and

(d) his identity document number;

in order of house numbers and, in the case of persons resident in hostels, all surnames shall be in alphabetical order.

*Permanent change in the place of residence of voter*

7. (1) Whenever there has been a permanent change in the place of residence of a voter, he shall forthwith notify the electoral officer of the change.

(2) On receipt of any such notification the electoral officer shall amend the voters' list or lists as circumstances may require.

*List of insertions*

8. On the first day of every month the electoral officer shall prepare in respect of each ward, a list of insertions, *mutatis mutandis* in the form prescribed in regulation 6 in respect of a voters' list, showing the names inserted in terms of regulations 4 (4) (a) and 7 (2) in the voters' list for the ward in question during the immediately preceding month.

*Amendment of voters' list by electoral officer*

9. (1) Subject to the provisions of subregulations (2) and (3), the electoral officer shall, if he is satisfied as to the relative facts, amend the voters' list for any ward by—

(a) correcting any mistake, supplying any omission or recording any change in the particulars of the registration of any person;

(b) after ascertaining by virtue of the provisions of regulation 7 that a person has ceased to be permanently resident in the ward in which he is registered as a voter, transferring his name to the list in respect of the ward to which he has moved, or, in the case of a person who has left the area for which the Community Council has been established, removing his name from the list;

(c) removing the name of any person who is dead or no longer qualifies for continuance of registration as a voter;

(d) removing any superfluous entry where the name of the same person appears more than once in the same voters' list or in voters' lists for more than one ward.

(2) Before removing the name of any person from the voters' list, or adding it thereto, the electoral officer shall, by such means as are practicable, satisfy himself that the name relates to the person concerned.

(3) The electoral officer shall cause a copy of a list containing the names of persons who no longer qualify for continuance of registration as voters and whose names were removed from the voters' list during any month, to be displayed on the notice board at the township manager's office for a period of a least 30 days commencing not later than the 20th day of the next ensuing month.

*When voters' lists to be printed*

10. (1) The voters' lists as prepared and supplemented and further adjusted from time to time in accordance with the provisions of these Regulations, shall be printed, subject to the provisions of subregulation (2), not later than one month before an election referred to in regulation 19, and at such other times as the electoral officer considers necessary.

*Besonderhede wat op 'n kieserslys aangegee moet word*

6. Op 'n kieserslys moet ten aansien van iedere persoon wie se naam daarin opgeneem is, aangegee word—

(a) 'n volgnommer;

(b) sy van en onmiddellik daarna sy voorname;

(c) sy woonadres; en

(d) sy identiteitsdokumentnommer;

in volgorde van huisnommers, en in die geval van persone woonagtig in tehuise, moet alle vanne in alfabetiese volgorde wees.

*Permanente verandering in verblyfplek van kieser*

7. (1) Wanneer daar 'n permanente verandering plaasvind in die verblyfplek van 'n kieser, stel hy onverwyld die verkiesingsbeampte in kennis van die verandering.

(2) By ontvangs van so 'n kennisgewing, wysig die verkiesingsbeampte die kieserslys of -lyste, na gelang van die omstandighede.

*Lys van opnames*

8. Die verkiesingsbeampte stel op die eerste dag van elke maand ten opsigte van elke wyk 'n lys van opnames op, *mutatis mutandis* in die vorm in regulasie 6 ten opsigte van 'n kieserslys voorgeskryf, waarin die name wat gedurende die onmiddellik voorafgaande maand ingevolge regulasies 4 (4) (a) en 7 (2) in die kieserslys vir die betrokke wyk opgeneem is.

*Wysiging van kieserslys deur verkiesingsbeampte*

9. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2) en (3), wysig die verkiesingsbeampte, indien hy oortuig is ten opsigte van die feite wat ter sake is, die kieserslys vir 'n wyk deur—

(a) 'n fout in die besonderhede van die registrasie van 'n persoon te verbeter, 'n weglating daarin aan te vul of 'n verandering daarin aan te teken;

(b) na vasstelling uit kragte van die bepalings van regulasie 7 dat 'n persoon opgehou het om permanent in die wyk waarin hy as 'n kieser geregistreer is te woon, sy naam oor te plaas na die lys ten opsigte van die wyk waarheen hy verhuis het of, in die geval van 'n persoon wat die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is verlaat het, sy naam van die lys te verwyder;

(c) die naam van 'n persoon wat oorlede is of onbevoeg is om as kieser geregistreer te bly, te verwyder;

(d) 'n oortollige inskrywing te verwyder, waar die naam van dieselfde persoon meer as een maal in dieselfde kieserslys of in kieserslyste vir meer as een wyk voorkom.

(2) Alvorens die naam van 'n persoon uit die kieserslys te verwyder of dit daarin by te voeg, vergewis die verkiesingsbeampte hom deur sodanige middele as wat uitvoerbaar is, daarvan dat die naam op die betrokke persoon betrekking het.

(3) Die verkiesingsbeampte laat 'n afskrif van 'n lys bevattende die name van persone wat onbevoeg is om as kiesers geregistreer te bly en wie se name gedurende enige maand van die kieserslys verwyder is, op die aanplakbord by die dorpsbestuurder se kantoor vertoon vir 'n tydperk van minstens 30 dae beginnende voor of op die 20ste dag van die daaropvolgende maand.

*Wanneer kieserslyste gedruk moet word*

10. (1) Die kieserslyste, soos ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies opgestel en van tyd tot tyd aangevul en verder aangepas, word, behoudens die bepalings van subregulasie (2), gedruk uiterlik een maand voor 'n verkiesing in regulasie 19 bedoel, en op die ander tye wat die verkiesingsbeampte nodig ag.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) The voters' lists printed for the purposes of an election referred to in subregulation (1) shall be the voters' lists for the wards in question as supplemented and further adjusted from time to time up to and including the last day of the month preceding the month in which the notice referred to in regulation 19 is issued.

(3) A voters' list printed for the purposes of an election referred to in subregulation (1), shall not be amended and shall prior to such election be made available for inspection for a period of at least 14 days at the office of the township manager within whose area of jurisdiction the ward is situated.

*Voters' lists not invalidated by reason of errors*

11. If through accident, inadvertence or oversight, anything required by law to be done in the preparation of any voters' list is erroneously done or omitted to be done, the voters' list shall not be invalidated thereby and the electoral officer may take or cause to be taken such steps as are necessary to rectify the error or omission.

## CHAPTER 4

## QUALIFICATIONS

*Qualifications*

12. Subject to the provisions of section 3 (5) of the Act, no person shall be qualified to be or remain a member of the Community Council if he—

(a) is not a registered occupier in the area for which the Community Council has been established;

(b) is not a voter;

(c) is in arrears for more than two months with any charges, fees or other dues payable by him to the Board or the Community Council on the day when nominations of candidates for the election of members of the Community Council close;

(d) has, within the period of five years immediately preceding the date of his nomination for election, been convicted of any offence in respect of which he has been sentenced to imprisonment without the option of a fine for a period of more than three months, or with the option of a fine for a period of more than six months;

(e) is being detained as mentally disordered or defective under the Mental Disorders Act, 1916 (Act 38 of 1916) or the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973);

(f) is an employee of the Community Council;

(g) is prohibited in terms of section 2 (4) of the Riotous Assemblies Act, 1956 (Act 17 of 1956), from attending gatherings, and particulars of the notice addressed to him under the said section 2 (4) have been published in the *Government Gazette* in terms of section 2 (5) of the said Act;

(h) is prohibited in terms of section 5 (1) (e) or section 9 (1) of the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), from attending gatherings;

(i) is a person whose name appears on a list compiled in terms of the provisions of section 4 (10) of the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), and published in the *Government Gazette* in terms of section 8 (4) of the said Act.

## CHAPTER 5

## ELECTIONS

*General elections*

13. A general election of members of the Community Council shall take place not later than six months after the publication of these Regulations and thereafter in every third year during September.

(2) Die kieserslyste wat vir die doeleindes van 'n verkiesing in subregulasie (1) bedoel, gedruk word, is die kieserslyste vir die betrokke wyke soos van tyd tot tyd aangevul en verder aangepas tot en met die laaste dag van die maand wat die maand waarin die in regulasie 19 bedoelde kennisgewing uitgevaardig word, voorafgaan.

(3) 'n Kieserslys wat vir die doeleindes van 'n verkiesing in subregulasie (1) bedoel, gedruk is, word nie gewysig nie en word voor sodanige verkiesing vir inspeksie beskikbaar gestel vir 'n tydperk van minstens 14 dae by die kantoor van die dorpsbestuurder binne wie se regsgebied die wyk geleë is.

*Kieserslyste nie as gevolg van foute ongeldig nie*

11. Indien per ongeluk, per abuis of deur onoplettendheid iets wat regtens by die opstel van 'n kieserslys gedoen moet word, verkeerd gedoen word of nie gedoen word nie, maak dit die kieserslys nie ongeldig nie, en kan die verkiesingsbeampte die stappe doen of laat doen wat nodig is om die fout te verbeter of om die versuim te herstel.

## HOOFSTUK 4

## KWALIFIKASIES

*Kwalifikasies*

12. Behoudens die bepalings van artikel 3 (5) van die Wet, is geen persoon bevoeg om lid van die Gemeenskapsraad te wees of te bly nie indien hy—

(a) nie 'n geregistreerde bewoner binne die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is, is nie;

(b) nie 'n kieser is nie;

(c) op die dag waarop nominasies van kandidate vir die verkiesing van lede van die Gemeenskapsraad sluit, vir meer as twee maande agterstallig is met die betaling van vorderings, gelde of ander bedrae wat deur hom aan die Raad of die Gemeenskapsraad verskuldig is;

(d) binne die tydperk van vyf jaar wat die datum van sy nominasie vir verkiesing onmiddellik voorafgaan, skuldig bevind is aan enige misdryf ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van meer as drie maande of met die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van meer as ses maande gevonnis is;

(e) kragtens die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet 38 van 1916), of die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), as geestelik gekrenk of gebrekkig aangehou word;

(f) 'n werknemer van die Gemeenskapsraad is;

(g) kragtens artikel 2 (4) van die Wet op Oproerige Byeenkomste, 1956 (Wet 17 van 1956), verbied is om byeenkomste by te woon en besonderhede van die kennisgewing wat kragtens bedoelde arikel 2 (4) aan hom gerig is, kragtens artikel 2 (5) van bedoelde Wet in die *Staatskoerant* afgekondig is;

(h) kragtens artikel 5 (1) (e) of 9 (1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), verbied is om byeenkomste by te woon;

(i) iemand is wie se naam verskyn op 'n lys, saamgestel kragtens die bepalings van artikel 4 (10) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), en in die *Staatskoerant* kragtens artikel 8 (4) van bedoelde Wet afgekondig is.

## HOOFSTUK 5

## VERKIESINGS

*Algemene verkiesings*

13. 'n Algemene verkiesing van lede van die Gemeenskapsraad word gehou uiterlik ses maande nadat hierdie Regulasies bekendgemaak is en daarna driejaarliks gedurende September.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*Term of office of members*

14. (1) A member elected at a general election or an election held to fill a casual vacancy shall assume office on the date of such election.

(2) A member designated by the Minister under section 3 (2) of the Act shall assume office on a date determined by the Minister.

(3) A member shall, subject to the provisions of regulations 61 and 62, remain in office up to and including the day immediately preceding the next succeeding general election or until the term for which he was designated by the Minister in terms of section 3 (2) of the Act, has expired.

*Electoral officer*

15. (1) The Bantu Affairs Commissioner shall appoint, after consultation with the Board, an electoral officer and as many assistant electoral officers as he may deem necessary.

(2) The electoral officer shall be responsible for the conduct of elections of members of the Community Council.

*Presiding officer, polling officers, counting officers and witnesses*

16. The electoral officer shall appoint in writing a presiding officer and as many polling officers and witnesses as may be necessary for effectually taking poll at every polling station and he shall appoint as many counting officers as may be necessary for the counting of votes after the close of the poll.

*Polling stations*

17. There shall be polling stations at such place or places as the electoral officer deems necessary.

*Members to be elected*

18. One member shall be elected in respect of each ward.

*Fixing of nomination and polling dates*

19. (1) The electoral officer shall, not later than three months after the date of publication of these Regulations, and thereafter not later than the first day of August of each year in which a general election is to be held, call, in a notice which shall be in both official languages and shall be published in at least one newspaper which generally circulates in the area for which the Community Council has been established and shall be displayed on the notice board at each township manager's office situated in such area, for the nomination of candidates for the election of members of the Community Council.

(2) The notice referred to in subregulation (1) shall specify—

(a) the place at which and the date and time before which nominations shall be received by the electoral officer, which date shall be not less than 14 days and not more than 21 days from the date of first publication of such notice; and

(b) the places at which and the date, other than a Sunday, on which polling shall take place.

*Hours of poll*

20. The poll shall commence at 07h00 and close at 21h00 on the polling day, but the presiding officer shall permit every voter who is at 21h00 inside the room in which the ballot box is, to record his vote before the closing of the poll.

*Nomination of candidates*

21. (1) Nominations of candidates for election as members of the Community Council shall be submitted in writing to the electoral officer in the form contained in Annexure A hereto, which form shall be supplied by the

*Ampstermyn van lede*

14. (1) 'n Lid verkies in 'n algemene verkiesing of 'n verkiesing gehou om 'n toevallige vakature te vul, aanvaar sy amp op die datum van sodanige verkiesing.

(2) 'n Lid deur die Minister kragtens artikel 3 (2) van die Wet aangewys, aanvaar sy amp op die datum deur die Minister bepaal.

(3) 'n Lid bly, behoudens die bepalings van regulasies 61 en 62, in sy amp aan tot en met die dag wat die eersvolgende algemene verkiesing onmiddellik voorafgaan of totdat die termyn waarvoor hy ingevolge artikel 3 (2) van die Wet deur die Minister aangewys is, verstryk.

*Verkiesingsbeampte*

15. (1) Die Bantoesakekommissaris na oorlegpleging met die Raad, stel 'n verkiesingsbeampte en soveel assistent verkiesingsbeamptes as wat hy nodig ag, aan.

(2) Die verkiesingsbeampte is verantwoordelik vir die hou van verkiesings van lede van die Gemeenskapsraad.

*Voorsittende beampte, stemopnemers, telbeamptes en getuies*

16. Die verkiesingsbeampte stel skriftelik 'n voorsittende beampte en soveel stemopnemers en getuies aan as wat nodig is om die stemming doeltreffend te laat plaasvind by iedere stemburo en stel soveel telbeamptes aan as wat nodig is vir die tel van die stemme na die sluiting van die stemming.

*Stemburo's*

17. Daar moet stemburo's wees by sodanige plek of plekke as wat die verkiesingsbeampte nodig ag.

*Lede wat verkies moet word*

18. Een lid word verkies ten opsigte van elke wyk.

*Bepaling van nominasie- en stemdatums*

19. (1) Die verkiesingsbeampte moet binne drie maande na die bekendmaking van hierdie Regulasies en daarna uiters op die eerste dag van Augustus van elke jaar waarin 'n algemene verkiesing gehou staan te word, in 'n kennisgewing, in albei amptelike tale, wat afgekondig word in ten minste een nuusblad wat gewoonlik in die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is, versprei word en wat op die aanplakbord by elke dorpsbestuurder se kantoor in sodanige gebied geleë vertoon word, om nominasies vra van kandidate vir verkiesing tot lede van die Gemeenskapsraad.

(2) Die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, vermeld—

(a) die plek waar en die datum en tyd tot en met wanneer nominasies deur die verkiesingsbeampte ontvang sal word, welke datum minstens 14 dae en hoogstens 21 dae na die datum van eerste afkondiging van sodanige kennisgewing moet wees; en

(b) die plekke waar en die datum, uitgesonderd 'n Sondag, waarop stemming sal plaasvind.

*Ure van stemming*

20. Stemming begin om 07h00 en sluit om 21h00 op die dag van stemming, maar die voorsittende beampte laat elke kieser wat om 21h00 binne die kamer waarin die stembus is, sy stem uitbring voor die sluiting van die stemming.

*Nominasie van kandidate*

21. (1) Die nominasie van kandidate vir verkiesing tot lede van die Gemeenskapsraad moet skriftelik by die verkiesingsbeampte ingedien word in die vorm in Aanhangsel A hiervan vervat en wat deur die dorpsbestuurder verskaf

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



township manager, and shall be supported by the signatures of not less than 10 persons who are registered as voters in the ward for which the nomination is made.

(2) The electoral officer shall as soon as practicable, and not later than 14 days after the date referred to in subregulation (1), affix on the notice board at the office of the township manager a notice containing a list of the candidates duly nominated in terms of these Regulations and shall also declare those candidates who have been returned unopposed to be elected members for their respective wards.

*Deposit by or on behalf of persons nominated*

22. (1) There shall be deposited by or on behalf of each person nominated as a candidate for election as a member of the Community Council the sum of R20 with the electoral officer on or before the date and time referred to in regulation 19 (2) (a).

(2) If poll takes place and the total number of votes received thereat by any unsuccessful candidate is less than one-fifth of the number of votes received by the successful candidate the sum deposited by or on behalf of such unsuccessful candidate shall be forfeited and shall be paid into the funds of the Community Council.

(3) Save as is in this regulation expressly provided, the sum deposited shall be returned to the depositor.

*Candidates and agents*

23. (1) Any duly nominated candidate at an election of members of the Community Council may, in the form contained in Annexure B hereto, appoint one or more agents to assist him and shall advise the electoral officer in writing of the name(s) and address(es) of such agent or agents.

(2) The candidates and only one agent per candidate shall be allowed at any particular time to be present inside any polling station or any place where votes are counted.

(3) Any person appointed an agent in terms of subregulation (1) shall produce his letter of appointment to the electoral officer, presiding officer or polling officer, as the case may be, if required to do so.

*Provision of equipment*

24. (1) For all elections the electoral officer shall arrange for voting compartments, ballot boxes, ballot papers, instruments for marking ballot papers with the official mark and other requirements to be provided and shall do such other acts and make such arrangements to facilitate the taking of the poll as he may deem necessary for effectually conducting the election.

(2) The equipment and requirements in connection with any election shall be supplied by and all expenditure in this connection shall be for the account of the Community Council: Provided that the equipment and requirements in connection with the first election shall be supplied by and all expenditure in connection with such election shall be for the account of the Board.

*Polling station at which voter shall vote*

25. A voter voting in the area of jurisdiction of the Community Council may vote only at a polling station situated in the ward in which he is registered as a voter.

*Declaration of secrecy*

26. (1) The electoral officer and every presiding officer, polling officer, candidate, agent, witness or any other person or official (except a policeman) entitled to attend at a polling station or at the counting of votes shall, before the opening of the poll, and every counting officer shall, before the commencement of the counting of votes, make, in duplicate, in the form contained in Annexure

word en dit moet gestaaf word deur die handtekeninge van 10 persone wat as kiesers geregistreer is in die wyk ten opsigte waarvan sodanige nominasie geskied.

(2) Die verkiesingsbeampte moet so gou doenlik, en uiters 14 dae na die datum in subregulasie (1) bedoel, 'n kennisgewing met die lys van kandidate wat behoorlik ingevolge hierdie Regulasies genomineer is, op die aanplakbord by die kantoor van die dorpsbestuurder opplak en moet ook dié kandidate wat onbestrede verkies is, tot verkose lede vir hul onderskeie wyke verklaar.

*Deposito deur of namens genomineerde persone*

22. (1) Daar word op of voor die datum en tyd in regulasie 19 (2) (a) bedoel, deur of ten behoewe van elke persoon wat genomineer is as kandidaat vir verkiesing tot lid van die Gemeenskapsraad die bedrag van R20 by die verkiesingsbeampte gestort.

(2) Indien 'n stemming plaasvind en die totale getal stemme wat daarby op enige verslane kandidaat uitgebring is, minder is as 'n vyfde van die getal stemme van die suksesvolle kandidaat, word die bedrag wat deur of ten behoewe van sodanige verslane kandidaat gestort is, verbeur en in die fondse van die Gemeenskapsraad gestort.

(3) Behoudens die uitdruklike bepalings van hierdie regulasie, word die gestorte bedrag aan die deposant terugbetaal.

*Kandidate en agente*

23. (1) Enige behoorlik genomineerde kandidaat by 'n verkiesing van lede van die Gemeenskapsraad kan, in die vorm vervat in Aanhangsel B hiervan, een of meer agente aanstel om hom behulpsaam te wees, en hy moet die verkiesingsbeampte skriftelik in kennis stel van die naam (name) en adres(se) van sodanige agent(e).

(2) Die kandidate en slegs een agent per kandidaat word toegelaat om op enige bepaalde tydstip binne enige stemburo of by enige plek waar stemme getel word, teenwoordig te wees.

(3) 'n Persoon wat kragtens subregulasie (1) as agent aangestel is, moet sy aanstellingsbrief toon aan die verkiesingsbeampte, voorsittende beampte of stemopnemer na gelang van die geval, indien dit van hom verlang word.

*Verskaffing van uitrusting*

24. (1) Die verkiesingsbeampte reël by alle verkiesings dat stemhokkies, stembusse, stembriewe, toestelle om die stembriewe met die amptelike merk te merk en ander benodigdhede verskaf word en doen sodanige ander stappe en tref sodanige reëlings ter vergemakliking van die stemming as wat hy nodig ag ten einde die verkiesing op doeltreffende wyse te kan laat geskied.

(2) Die Gemeenskapsraad verskaf die uitrusting en benodigdhede in verband met 'n verkiesing en alle uitgawes in verband met sodanige verkiesing is vir sy rekening: Met dien verstande dat die Raad die uitrusting en benodigdhede in verband met die eerste verkiesing verskaf en dat alle uitgawe in dié verband vir sy rekening is.

*Stemburo waar kieser moet stem*

25. 'n Kieser wat binne die regsgebied van die Gemeenskapsraad stem, kan alleenlik stem by 'n stemburo geleë binne die wyk waarin hy as kieser geregistreer is.

*Verklaring van geheimhouding*

26. (1) Die verkiesingsbeampte en elke voorsittende beampte, stemopnemer, kandidaat, agent, getuie of enige ander persoon of beampte (uitgesonderd 'n polisiebeampte) wat geregtig is om in 'n stemburo of by die tel van stemme teenwoordig te wees, moet voor die aanvang van die stemming, en elke telbeampte moet voor die aanvang van

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



C hereto, a declaration of secrecy under oath before a justice of the peace or a commissioner of oaths, or before the electoral officer or a presiding officer who are hereby authorised to administer such oath.

(2) The original declaration of secrecy shall be handed to the electoral officer by the person who made it, before the opening of the poll or before the commencement of the counting of votes, as the case may be, and such person shall at all times during the polling or the counting of votes have the duplicate of such declaration of secrecy in his possession and shall on demand produce it to the electoral officer or the presiding officer for inspection.

*Procedure at ballot*

27. The presiding officer, in the presence of such candidates and agents as may be present, shall—

(a) before the commencement of the poll, seal each ballot box, leaving open an opening through which ballot papers may be inserted into the ballot box;

(b) at the closing of the poll, seal the opening referred to in paragraph (a).

*Powers of the presiding officer at a polling station*

28. (1) The presiding officer shall keep order at a polling station, shall regulate the number of voters to be admitted at any time and shall exclude all other persons except the electoral officer, the candidates or their agents, and policemen and other officials on duty.

(2) Save as is excepted in subregulation (1), the presiding officer may require any person (other than a person recording his vote) to leave the polling station and any person who fails to leave the polling station when so required may be arrested without a warrant on the order of the presiding officer and shall be guilty of an offence.

(3) The powers conferred by this regulation shall not be exercised so as to prevent any voter who is otherwise entitled to vote from having an opportunity of voting at the polling station.

*Ballot papers*

29. Every ballot paper to be used for voters who wish to vote shall be in both official languages and in the form set out in Annexure D hereto, and there shall be printed or written on every ballot paper in alphabetical order the names of all the duly nominated candidates at the election and their addresses and occupations.

*No voter to vote more than once*

30. A voter shall, whether or not his name appears on more than one voters' list or more than once on the same voters' list, be entitled to cast at an election one vote only and no voter shall be entitled to vote unless he has produced to the presiding officer or a polling officer his identity document.

*Identification of voters*

31. (1) Save as provided in regulation 36, no enquiry shall be made at an election as to the identity of any person or his right to vote, except that the presiding officer may himself, and if required by any candidate or an agent of any candidate shall, after any person has established his identity in the manner contemplated in regulation 30, and before he is allowed to vote, put to him either or both of the following questions, but no other, namely:

(a) Are you the person whose name appears as A.B. on the list of voters in this ward?

(b) Have you already voted at this election in this or any other ward?

die tel van stemme, in die vorm vervat in Aanhangsel C hiervan, in duplikaat, 'n beëdigde verklaring van geheimhouding aflê voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede, of voor die verkiesingsbeampte of 'n voorsittende beampte wat hierby gemagtig word om sodanige eed af te neem.

(2) Die oorspronklike verklaring van geheimhouding word aan die verkiesingsbeampte, voor die aanvang van die stemming of die begin van die tel van stemme, na gelang van die geval, deur die persoon wat dit afgelê het, oorhandig en sodanige persoon moet die duplikaat van sodanige verklaring van geheimhouding te alle tye gedurende die stemming of tel van stemme in sy besit hê en moet dit op aandrang aan die verkiesingsbeampte of die voorsittende beampte vir inspeksie toon.

*Prosedure by stemming*

27. Die voorsittende beampte, in teenwoordigheid van sodanige kandidate en agente as wat teenwoordig is, verseël—

(a) voor die aanvang van die stemming, elke stembus maar laat 'n opening oop waardeur stembriewe in die stembus ingesit kan word;

(b) by die sluiting van die stemming, die opening in paragraaf (a) bedoel.

*Bevoegdhede van voorsittende beampte by 'n stemburo*

28. (1) Die voorsittende beampte hou orde by 'n stemburo, reël hoeveel kiesers tegelyk binnegelaat word en hou alle ander persone, uitgesonderd die verkiesingsbeampte, die kandidate of hulle agente en polisiebeamptes en ander beamptes op diens, buite.

(2) Behoudens die uitsonderings wat by subregulasie (1) gemaak word, kan die voorsittende beampte enige persoon (uitgesonderd 'n persoon wat sy stem uitbring) aansê om die stemburo te verlaat en enige persoon wat versuim om dit te doen wanneer dit van hom vereis word, begaan 'n misdryf en kan op bevel van die voorsittende beampte sonder lasbrief in hegtenis geneem word.

(3) Die bevoegdhede by hierdie regulasie verleen, word nie so uitgeoefen dat dit 'n kieser wat andersins geregtig is om te stem, verhinder om sy stem by die stemburo uit te bring nie.

*Stembriewe*

29. Elke stembrief wat gebruik word deur kiesers wat wil stem, moet in albei amptelike tale wees en in die vorm vervat in Aanhangsel D hiervan en op elke stembrief moet die name staan van al die behoorlik genomineerde kandidate by die verkiesing in alfabetiese orde afgedruk of ingeskryf en hul adresse en beroepe.

*Geen kieser mag meer as een maal stem nie*

30. 'n Kieser is, ongeag of sy naam op meer as een kieserslys of meer as een maal op dieselfde kieserslys voorkom, geregtig om by 'n verkiesing slegs een stem uit te bring, en geen kieser is geregtig om te stem nie tensy hy sy identiteitsdokument aan die voorsittende beampte of 'n stemopnemer oorlê.

*Identifikasie van kiesers*

31. (1) Behoudens soos by regulasie 36 bepaal, word by 'n verkiesing geen navraag gedoen omtrent enige persoon se identiteit of sy reg om te stem nie, behalwe dat die voorsittende beampte nadat iemand sy identiteit op die wyse in regulasie 30 beoog, bewys het, en voordat hy toegelaat word om te stem, hom een van of albei die volgende vrae, en geen ander nie, uit eie beweging kan, en op versoek van 'n kandidaat of 'n agent van 'n kandidaat moet, stel, naamlik:

(a) Is u die persoon wie se naam as A.B. op die kieserslys van hierdie wyk voorkom?

(b) Het u reeds in hierdie verkiesing of in 'n ander wyk gestem?

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Any person who fails to establish his identity in the manner contemplated in regulation 30 or who does not answer the first question distinctly and absolutely in the affirmative and the second question distinctly and absolutely in the negative, shall not be permitted to vote.

(3) A person who makes a false answer to either of those questions shall be guilty of an offence.

(4) The presiding officer may make enquiry of any other presiding officer at any polling station for the purpose of verifying an answer to either of the two questions referred to in subregulation (1), and may further order the arrest without warrant of any person who is suspected by him on reasonable grounds of making a false answer to either of such questions or of committing the offence of personation as defined in regulation 57.

(5) Every person empowered by law to make arrests shall carry out such an order of the presiding officer.

*Manner of voting*

32. (1) The voting at all elections held in terms of the provisions of these Regulations shall be by secret ballot.

(2) Every person who wishes to vote shall apply to the presiding officer or a polling officer for a ballot paper and such officer shall, if he is satisfied that such person is entitled to vote in the ward concerned and after determining that no ballot paper has already been issued at that polling station to that person at such election, he shall—

(a) call out the serial number and name of the voter as it appears on the voter's list;

(b) enter the serial number in the appropriate space on the counterfoil of the ballot paper that is to be issued to the voter;

(c) tear out the ballot paper and stamp the official mark on the back thereof in the space provided;

(d) fold the ballot paper so that the front thereof is on the inside and the official mark is on the outside and hand it to the applicant; and

(e) on the voters' list, draw a line through the serial number, identity document number and name of the voter as proof that a ballot paper has been issued.

(3) When the voter has received such ballot paper he shall take it to the compartment provided for that purpose and signify for whom he desires to vote by secretly placing a cross opposite the name of the candidate for whom he wishes to vote. He shall then fold the ballot paper so that the official mark can be seen and having held up the ballot paper so that the presiding officer or polling officer can recognise the official mark, shall drop the ballot paper in the ballot box placed in front of the presiding officer or polling officer.

(4) If the ballot paper that is about to be dropped into the ballot box has inadvertently not been marked with the official mark, the presiding officer or polling officer may cause such ballot paper to be so marked.

(5) If the presiding officer or polling officer has any reason to doubt that a ballot paper in the possession of a voter is the ballot paper issued to him, he may, for the purpose of comparing the numbers printed on the ballot paper and the counterfoil, request the voter to show him the number and official mark appearing on the back of the ballot paper and the voter shall do so.

(6) The voter shall vote without undue delay and shall leave the polling station as soon as he has put his ballot paper into the ballot box.

(2) Iemand wat versuim om sy identiteit op die wyse in regulasie 30 beoog, te bewys, of wat nie die eerste vraag duidelik en sonder voorbehoud bevestigend en die tweede duidelik en sonder voorbehoud ontkennend beantwoord nie, word nie toegelaat om te stem nie.

(3) Iemand wat op enigeen van daardie vrae 'n valse antwoord gee, is aan 'n misdryf skuldig.

(4) Die voorsittende beampte kan by 'n ander voorsittende beampte by enige stemburo navraag doen ten einde die waarheid van 'n antwoord op enigeen van die vrae in subregulasie (1) bedoel te toets en kan verder beveel dat enigiemand wat hy op redelike gronde verdink daarvan dat hy op enigeen van bedoelde vrae 'n valse antwoord gegee het, of hom skuldig maak aan die misdryf om hom vir 'n ander uit te gee, soos in regulasie 57 omskryf, sonder lasbrief in hegtenis geneem word.

(5) Iedereen wat regtens bevoeg is tot inhegtenisneming, voer so 'n bevel van die voorsittende beampte uit.

*Wyse waarop gestem word*

32. (1) Die stemming by alle verkiesings wat kragtens die bepalings van hierdie Regulasie gehou word, geskied by geheime stemming.

(2) Elke persoon wat wil stem, doen aansoek om 'n stembrief by die voorsittende beampte of 'n stemopnemer en sodanige beampte of stemopnemer, indien hy oortuig is dat sodanige persoon geregtig is om in die betrokke wyk te stem en nadat hy vasgestel het dat geen stembrief reeds aan daardie persoon by daardie stemburo by sodanige verkiesing uitgereik is nie, moet hy—

(a) die volgnommer en naam van die kieser soos dit op die kieserslys voorkom, uitroep;

(b) die volgnommer in die toepaslike ruimte op die teenblad van die stembrief wat aan die kieser uitgereik gaan word, inskryf;

(c) die stembrief uitskeur en dit op die keersy in die ruimte voorsien met die amptelike merk, merk;

(d) die stembrief vou sodat die voorkant daarvan aan die binnekant en die amptelike merk aan die buitekant is en dit aan die kieser oorhandig; en

(e) op die kieserslys 'n streep trek deur die volgnommer, identiteitsdokumentnommer en naam van die kieser, as bewys dat 'n stembrief uitgereik is.

(3) Wanneer die kieser sodanige stembrief ontvang, neem hy dit na die stemhokkie wat vir dié doel verskaf is en dui aan vir wie hy stem deur in die geheim 'n kruisie teenoor die naam van die kandidaat vir wie hy wil stem, aan te bring. Hy vou dan die stembrief sodat die amptelike merk sigbaar is en nadat hy die stembrief só opgehou het dat die voorsittende beampte of stemopnemer die amptelike merk kan herken, laat hy die stembrief val in die stembus wat voor die voorsittende beampte of stemopnemer staan.

(4) Indien die stembrief wat in die stembus ingesit staan te word, onopsetlik nie met die amptelike merk gemerk is nie, kan die voorsittende beampte of stemopnemer sodanige stembrief aldus laat merk.

(5) Indien die voorsittende beampte of stemopnemer om enige rede twyfel of 'n stembrief in besit van 'n kieser die stembrief is wat aan hom uitgereik is, kan hy, met die doel om die nommers gedruk op die stembrief en die teenblad te vergelyk, die kieser versoek om die nommer en amptelike merk op die keersy van die stembrief aan hom te toon, en die kieser moet dit doen.

(6) Die kieser moet sonder onnodige versuim sy stem uitbring en die stemburo verlaat sodra hy sy stembrief in die stembus geplaas het.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Voters who are unable to vote in the manner prescribed*

33. (1) Any voter who is unable to vote in the prescribed manner may request the presiding officer or polling officer to complete his ballot paper on his behalf.

(2) Such presiding officer or polling officer, as the case may be, shall thereupon, with due regard to the maintenance of secrecy and in the presence of one witness and a person of the voter's own choice who shall accompany him, read to such voter the names of the candidates for the particular ward and affix a cross in the space provided on the ballot paper opposite the name of the candidate selected by word of mouth by such voter and shall thereafter fold the ballot paper and put it into the ballot box.

(3) In the performance of his functions under this regulation such polling officer shall disregard any document or thing exhibited or produced by or in the possession of the voter which indicates or suggests or purports to indicate or suggest the name of any candidate for whom such voter is or is not to vote.

*Spoilt ballot papers*

34. If a voter inadvertently spoils a ballot paper he may return it to the presiding officer or polling officer who, if he is satisfied of such inadvertence, shall give him another ballot paper and retain the spoilt ballot paper which he shall immediately cancel and endorse with the words "returned under regulation 34" and the fact of such cancellation shall be noted upon the counterfoil.

*Tendered ballot papers*

35. If a person representing himself to be a particular voter applies for a ballot paper after another person has voted in his name, the applicant shall, upon duly answering the questions permitted by regulation 31 to be asked of voters at the time of polling, be entitled to mark a ballot paper in the same manner as any other voter, but the ballot paper shall not be put into the ballot box but shall be given to the presiding officer, endorsed by him with the name of the voter and his serial number on the voters' list and set aside in a separate packet.

*Circumstances under which ballot paper may be refused by presiding officer*

36. (1) If any candidate or an agent of any candidate or any voter makes before the presiding officer a declaration on oath stating that a person enrolled on the voters' list is dead or is so incapacitated by sickness, absence or otherwise, that it is impossible for such person to be present at the polling station to record his vote at the election then being held, the presiding officer shall refuse to hand a ballot paper to any person who applies for the same in the name of the person who is the subject of the declaration unless the person so applying proves his identity to the satisfaction of the presiding officer or makes a delcaration on oath before the presiding officer that he is the person whose name appears on the voters' list for the ward and that the statements made in the first-mentioned declaration (which shall be read over to him) are false.

(2) The presiding officer is hereby authorised and required to administer any such oath as is required by subregulation (1).

(3) Any person who makes any false statement in any declaration referred to in subregulation (1), knowing the statement to be false, shall be guilty of an offence.

*Kiesers wat nie in staat is om op die voorgeskrewe wyse te stem nie*

33. (1) Enige kieser wat nie in staat is om sy stem op die voorgeskrewe wyse uit te bring nie, kan die verkiesingsbeampte of stemopnemer versoek om sy stembrief namens hom in te vul.

(2) Sodanige verkiesingsbeampte of stemopnemer, na gelang van die geval, moet daarop met behoorlike inagneming van die handhawing van geheimhouding en in teenwoordigheid van een getuie en 'n persoon van die kieser se eie keuse wat hom moet vergesel, aan sodanige kieser die name van die kandidate vir die bepaalde wyk voorlees en 'n kruis in die ruimte op die stembrief aanbring teenoor die naam van die kandidaat wat mondeling deur sodanige kieser gekies is, en moet daarna die stembrief vou en dit in die stembus plaas.

(3) By die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie regulasie moet sodanige stemopnemer enige dokument of ding verontagsaam wat deur die kieser vertoon of getoon word of in die kieser se besit is en wat die naam van enige kandidaat vir wie sodanige kieser moet stem of nie moet stem nie, aandui of suggereer of veronderstel is om dit aan te dui of te suggereer.

*Bedorwe stembriewe*

34. Indien 'n kieser onopsetlik 'n stembrief bederf, kan hy dit aan die voorsittende beampte of stemopnemer teruggee, en as laasgenoemde daarvan oortuig is dat dit onopsetlik gebeur het, gee hy hom 'n ander stembrief en behou hy die bedorwe stembrief wat hy onmiddellik kanselleer en teken hy die woorde "teruggee kragtens regulasie 34" daarop aan, en die feit dat dit aldus gekanselleer is, word op die teenblad aangeteken.

*Aangebode stembriewe*

35. Indien iemand wat voorgee dat hy 'n bepaalde kieser is, om 'n stembrief aansoek doen nadat 'n ander persoon in sy naam gestem het, is die aansoeker, nadat hy behoorlik geantwoord het op die vrae wat volgens regulasie 31 tydens die stemming aan kiesers gestel kan word, geregtig om 'n stembrief te merk op dieselfde wyse as enige ander kieser, maar die stembrief word nie in die stembus geplaas nie, maar word aan die voorsittende beampte gegee en deur hom met die naam van die kieser en sy volgnommer geëndosseer en eenkant gesit in 'n afsonderlike pakket.

*Omstandighede waaronder voorsittende beampte 'n stembrief kan weier*

36. (1) Indien 'n kandidaat of 'n agent van 'n kandidaat of 'n kieser voor die voorsittende beampte 'n beëdigde verklaring aflê dat 'n persoon wat in die kieserslys ingeskryf is, oorlede is of dat bedoelde persoon weens siekte, afwesigheid of om 'n ander rede onmoontlik by die stemburo teenwoordig kan wees om by die verkiesing wat dan gehou word, sy stem uit te bring, weier die voorsittende beampte om 'n stembrief uit te reik aan enigiemand wat daarom aansoek doen in naam van die persoon op wie die verklaring betrekking het, tensy die persoon wat aldus aansoek doen sy identiteit tot tevredenheid van die voorsittende beampte bewys of voor die voorsittende beampte 'n beëdigde verklaring aflê dat hy die persoon is wie se naam op die kieserslys vir die wyk voorkom en dat die bewerings in eersbedoelde verklaring (wat aan hom voorgelees moet word) vals is.

(2) Aan die voorsittende beampte word hierby die bevoegdheid verleen en die verpligting opgelê om 'n in subregulasie (1) bedoelde eed af te neem.

(3) Iemand wat in 'n in subregulasie (1) bedoelde verklaring 'n valse verklaring doen, wetende dat dit vals is, is aan 'n misdryf skuldig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) More than one person may be referred to in any declaration on oath made under subregulation (1), provided the reason why each of the persons referred to is unable to attend at a polling station can be clearly connected with the person to whom the declaration relates.

*Sealing of ballot boxes, etc.*

37. (1) Every presiding officer shall, immediately after the close of the poll, in the presence of such candidates or their agents (if any) as may be in attendance, make up into separate packets, sealed with his own seal and with the seals of those candidates or agents (if any) who desire to affix their seals—

(a) each ballot box entrusted to him, unopened;
(b) the unused and spoiled ballot papers;
(c) the counterfoils of all used ballot papers; and
(d) tendered ballot papers;

and shall forthwith deliver or cause to be delivered the packets to the electoral officer.

(2) The packets shall be accompanied by a return made by the presiding officer, in the form contained in Annexure E hereto, showing the number of ballot papers entrusted to him and accounting for them under the heads of "Ballot papers in the ballot box", "Unused ballot papers", "Spoiled ballot papers" and "Tendered ballot papers".

(3) A label in the form contained in Annexure F hereto shall be affixed to each of the packets mentioned in subregulation (1) and to the return mentioned in subregulation (2).

*Action to be taken by the electoral officer upon receipt of ballot papers*

38. The electoral officer shall upon receipt of voters' ballot papers retain such ballot papers unopened in safe custody until the counting of votes.

*Verification of ballot paper return*

39. (1) The electoral officer shall, upon receipt of all the packets and ballot boxes from every presiding officer, and not before, examine whether the seals are in order and afford such candidates or their agents as may be in attendance an opportunity to do the same and after that open the sealed packets containing the ballot paper return and shall open each ballot box and verify the number of ballot papers in the ballot box according to the ballot paper return given by each presiding officer by comparing it with the number of ballot papers in each such ballot box.

(2) When the electoral officer has completed the verification of the ballot papers in the ballot boxes for each polling station, and whether or not the number of ballot papers in the ballot boxes is found to correspond with the number appearing on the return, he shall in the presence of such candidates or their agents as may be present mix together the ballot papers contained in all the ballot boxes for a particular ward so that it is impossible to determine from which ballot box any particular ballot paper was taken.

(3) The electoral officer shall, after scrutinising the official mark on the ballot papers, proceed to count or cause to be counted the votes and while counting the votes shall cause the ballot papers to be kept with their faces upwards.

*Manner of counting votes*

40. The ballot papers shall, for the purposes of counting, be fastened together in packets of 50 (to each of which a distinctive number shall be assigned) and thereafter the number of votes for each candidate shall be recorded and checked.

(4) In 'n beëdigde verklaring ingevolge subregulasie (1) afgelê, kan na meer as een persoon verwys word, mits die rede waarom elkeen van die persone na wie verwys word, nie by die stemburo kan wees nie, duidelik met die persoon op wie die verklaring betrekking het, verbind kan word.

*Verseëling van stembusse, ens.*

37. (1) Elke stemopnemer maak onmiddellik na die sluiting van die stemming, in teenwoordigheid van sodanige kandidate of hulle agente (as daar is) as wat aanwesig is, afsonderlike pakkette, verseël met sy eie seël en met die seëls van dié kandidate of hulle agente (as daar is) wat hulle seëls ook daarop wil afdruk, van—

(a) elke stembus wat aan hom toevertrou is, onoopgemaak;
(b) die ongebruikte en die bedorwe stembriewe;
(c) die teenblaaie van alle gebruikte stembriewe; en
(d) aangebode stembriewe;

en lewer die pakkette onverwyld aan die verkiesingsbeampte af of laat hulle aan hom aflewer.

(2) Die pakkette gaan vergesel van 'n opgawe in die vorm vervat in Aanhangsel E hiervan deur die voorsittende beampte verstrek waarin hy die getal stembriewe aan hom toevertrou noem en waarin hy van hulle rekenskap gee onder die hoofde "Stembriewe in die stembus", "Ongebruikte stembriewe", "Bedorwe stembriewe" en "Aangebode stembriewe".

(3) Elkeen van die pakkette in subregulasie (1) genoem en die opgawe in subregulasie (2) genoem, word voorsien van 'n etiket in die vorm vervat in Aanhangsel F hiervan.

*Optrede deur verkiesingsbeampte by ontvangs van stembriewe*

38. Elke verkiesingsbeampte moet by ontvangs van kiesers se stembriewe sodanige stembriewe onoopgemaak in veilige bewaring hou totdat die stemme getel word.

*Verifiëring van stembriefopgawe*

39. (1) By ontvangs deur die verkiesingsbeampte van al die pakkette en stembusse van iedere voorsittende beampte, en nie eerder nie, ondersoek hy of die seëls in orde is en gee hy sodanige kandidate of hulle agente as wat aanwesig is 'n geleentheid om dieselfde te doen, en daarna maak hy die verseëlde pakkette oop wat die opgawe van stembriewe bevat, en maak hy elke stembus oop en verifieër hy die getal stembriewe in die stembus ooreenkomstig die stembriefopgawe wat deur elke voorsittende beampte ingelewer is deur dit met die getal stembriewe in elke sodanige stembus te vergelyk.

(2) Wanneer die verkiesingsbeampte die verifiëring van die stembriewe in die stembusse vir elke stemburo uitgevoer het, maak hy, afgesien daarvan of die getal stembriewe in die stembusse klop met die getal wat op die opgawe voorkom al dan nie, in teenwoordigheid van sodanige kandidate of hulle agente as wat aanwesig is, die stembriewe uit al die stembusse vir 'n besondere wyk op so 'n wyse deurmekaar dat dit onmoontlik is om te bepaal uit watter stembus 'n bepaalde stembrief geneem is.

(3) Nadat hy die amptelike merk op die stembriewe nagegaan het, gaan die verkiesingsbeampte oor tot die tel van die stemme en terwyl hy die stemme tel of laat tel, laat hy die stembriewe met hulle voorkant na bo hou.

*Wyse waarop stemme getel moet word*

40. Vir die doel van die tel van stemme word die stembriewe in pakkette van 50 vasgebind (aan elkeen waarvan 'n onderskeidende nommer toegeken word) en daarna word die getal stemme ten opsigte van elke kandidaat opgeskryf en nagegaan.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Ballot papers to be rejected*

41. (1) The electoral officer shall reject and not count any ballot paper—

(a) which does not bear the official mark;

(b) on which votes are cast for more than one candidate;

(c) which is unmarked or invalid owing to uncertainty;

(d) which bears any writing or mark by which a voter can be identified otherwise than in these Regulations prescribed.

(2) Subject to the provisions of subregulation (1), the electoral officer shall not reject any ballot paper on which a voter has clearly indicated, in a manner other than by means of a cross, for which candidate he has voted.

(3) The electoral officer shall endorse the word "Rejected" on a ballot paper which he may reject as invalid.

*Objection against acceptance or rejection of a ballot paper*

42. (1) If a candidate or an agent objects to the acceptance of any ballot paper, the electoral officer shall endorse the words "objection raised against acceptance" on such ballot paper.

(2) If a candidate or an agent objects to the rejection of any ballot paper, the electoral officer shall endorse the words "objection raised against rejection" on such ballot paper.

*Determination of successful candidate in event of equal number of votes*

43. In the event of the number of votes being found to be equal for the candidates who obtained the greater or the greatest number of votes, the electoral officer shall by lot determine the successful candidate.

*Result of election*

44. The electoral officer shall, as soon as possible after determining which candidate has obtained the greater or the greatest number of votes in each ward, in public declare such candidates duly elected and shall make known the number of votes polled by each candidate.

*Publication of names of elected members*

45. (1) As soon as possible after the names of the candidates duly elected as members of the Community Council are known the electoral officer shall cause to be displayed on the notice board of each township manager's office situated in the area for which the Community Council has been established a list reflecting the full name of every member so elected together with the date on which he was duly elected, the name of the ward which such member represents and the total number of votes cast in favour of such member.

(2) A notice displayed in terms of subregulation (1) shall also reflect the names of the unsuccessful candidates in respect of each ward and the total number of votes cast in favour of each such candidate, as well as the number of rejected ballot papers in respect of each ward.

*Disposal of electoral matter by electoral officer after the counting of votes has been completed*

46. (1) The electoral officer shall after the completion of the counting of votes make up into separate packets the following:

(a) All unused, tendered and spoiled ballot papers used at each polling station;

(b) all counted ballot papers in respect of each ward;

(c) all rejected ballot papers in respect of each ward; and

(d) all ballot paper returns duly endorsed with his findings on the verification of such returns.

*Stembriewe wat verwerp moet word*

41. (1) Die verkiesingsbeampte verwerp en tel nie 'n stembrief nie—

(a) wat nie die amptelike merk daarop het nie;

(b) waarop stemme op meer as een kandidaat uitgebring is;

(c) wat ongemerk of weens onsekerheid ongeldig is;

(d) wat enige skrif of merk daarop het waardeur 'n kieser op 'n ander wyse as dié in hierdie Regulasie voorgeskryf, geïdentifiseer kan word.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1), verwerp die verkiesingsbeampte nie 'n stembrief waarop 'n kieser op 'n ander wyse as by wyse van 'n kruis duidelik aangedui het vir watter kandidaat hy stem nie.

(3) Die verkiesingsbeampte endosseer die woord "verwerp" op 'n stembrief wat hy as ongeldig verwerp.

*Beswaar teen aanname of verwerping van stembrief*

42. (1) Indien 'n kandidaat of 'n agent beswaar maak teen die aanname van 'n stembrief, endosseer die verkiesingsbeampte die woorde "beswaar geopper teen aanname" op sodanige stembrief.

(2) Indien 'n kandidaat of 'n agent beswaar maak teen die verwerping van 'n stembrief, endosseer die verkiesingsbeampte die woorde "beswaar geopper teen verwerping" op sodanige stembrief.

*Bepaling van suksesvolle kandidaat in geval van staking van stemme*

43. Ingeval daar bevind word dat ewe veel stemme uitgebring is op die kandidate wat die grootste getal stemme verkry het, bepaal die verkiesingsbeampte die suksesvolle kandidaat deur loting.

*Uitslag van verkiesing*

44. Die verkiesingsbeampte verklaar in die openbaar, so gou moontlik nadat hy bepaal het watter kandidaat die grootste getal stemme in elke wyk verkry het, sodanige kandidate behoorlik verkose en maak die getal stemme bekend wat op elke kandidaat uitgebring is.

*Bekendmaking van name van verkose lede*

45. (1) Sodra die name van die kandidate wat behoorlik as lede van die Gemeenskapsraad verkies is, bekend is, laat die verkiesingsbeampte 'n lys bevattende die volle naam van elke kandidaat aldus verkies tesame met die datum waarop hy behoorlik verkies is, die naam van die wyk wat sodanige lid verteenwoordig en die totale getal stemme wat ten gunste van sodanige lid uitgebring is, op die aanplakbord van elke dorpsbestuurder se kantoor wat in sodanige gebied geleë is, vertoon.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge subregulasie (1) vertoon, dui ook die name van die onsuksesvolle kandidate ten opsigte van elke wyk en die totale getal stemme aan wat ten opsigte van elke sodanige kandidaat uitgebring is, asook die getal bedorwe stembriewe ten opsigte van elke wyk.

*Beskikking oor verkiesingstukke deur verkiesingsbeampte na afloop van tel van stemme*

46. (1) Na afloop van die tel van die stemme maak die verkiesingsbeampte die volgende in afsonderlike pakkette op:

(a) Alle ongebruikte, aangebode en bedorwe stembriewe wat by elke stemburo gebruik is;

(b) alle getelde stembriewe met betrekking tot elke wyk;

(c) alle verworpe stembriewe met betrekking tot elke wyk; en

(d) alle stembriefopgawes behoorlik geëndosseer met sy bevindings betreffende die verifiëring van sodanige opgawes.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(2) The electoral officer shall—

(a) affix a label in the form contained in Annexure F hereto to each of the packets mentioned in subregulation (1);

(b) seal each such packet with his own seal and with the seals of such candidates and agents (if any) as may desire to affix their seals; and

(c) retain such packets for a period of six months and thereafter destroy them.

*Immaterial mistakes not to affect validity of election*

47. No election shall be invalid by reason of any mistake or non-compliance with the provisions of these Regulations if the election was conducted in accordance with the principles laid down herein and such mistake or non-compliance did not affect the result.

*Evidence of election being held*

48. Upon any charge of a corrupt or illegal practice or any other offence under these Regulations alleged to have been committed at or in connection with an election, the certificate of the electoral officer that the election mentioned therein was being or had been held shall be sufficient evidence of the fact that such election was being or had been held.

*Sundays and public holidays*

49. Whenever under these Regulations anything is required to be commenced, concluded or done on a particular date, and that date happens to fall upon a Sunday or a day declared by or under any law to be a public holiday, such thing shall be commenced, concluded or done on the date next succeeding such Sunday or public holiday or if the last-mentioned date is also a Sunday or public holiday, then on the date next succeeding such Sunday or public holiday.

*Interrupting or disturbing proceedings at elections*

50. Any person who wilfully interrupts, obstructs or disturbs any proceedings in connection with the conduct of elections in terms of the provisions of these Regulations or who on polling day uses any form of loudspeaker or forms or organises any procession of or demonstration by persons other than for official purposes, shall be guilty of an offence.

*Fraud in connection with ballot papers, etc.*

51. (1) Any person who—

(a) forges or counterfeits or fraudulently destroys any ballot paper or the official mark on any ballot paper;

(b) without due authority supplies a ballot paper to any person;

(c) fraudulently puts into any ballot box any paper other than the ballot paper which he is authorised by law to put in;

(d) fraudulently takes out of the polling station any ballot paper; or

(e) without due authority destroys, takes, opens or otherwise interferes with any ballot box or packet of ballot papers then in use for the purpose of the election;

shall be guilty of an offence.

(2) In any indictment, summons or charge for an offence in relation to ballot boxes, ballot papers and official marking instruments at an election, the property in such boxes, papers and instruments as well as the property in the counterfoils, may be stated to be in the electoral officer.

(3) If the electoral officer is so indicted or charged such property may be stated to be in the Community Council.

(2) Die verkiesingsbeampte—

(a) voorsien elke pakket genoem in subregulasie (1) van 'n etiket in die vorm vervat in Aanhangsel F hiervan;

(b) verseël elke sodanige pakket met sy eie seël en met die seëls van sodanige kandidate en agente (as daar is) as wat hulle seëls ook daarop wil afdruk; en

(c) bewaar sodanige pakkette vir 'n tydperk van ses maande en vernietig hulle daarna.

*Onbelangrike foute raak nie geldigheid van verkiesing nie*

47. Geen verkiesing is weens 'n fout of nie-nakoming van die bepalings van hierdie Regulasies ongeldig nie indien die verkiesing gehou is ooreenkomstig die beginsels hierin voorgeskryf en sodanige fout of nie-nakoming nie die uitslag geraak het nie.

*Bewys dat verkiesing gehou is*

48. By 'n aanklag van 'n korrupte of onwettige bedrywigheid of van 'n ander misdryf ingevolge hierdie Regulasies, wat volgens bewering by of in verband met 'n verkiesing begaan is, is die sertifikaat van die verkiesingsbeampte dat die verkiesing daarin gemeld aan die gang was of gehou is, voldoende bewys van die feit dat sodanige verkiesing aan die gang was of gehou is.

*Sondae en openbare feesdae*

49. Wanneer enigiets op 'n bepaalde datum ingevolge hierdie Regulasies begin, voltooi of gedoen moet word, en daardie datum op 'n Sondag val of op 'n dag wat by of kragtens 'n wet tot 'n openbare feesdag verklaar is, moet dit begin, voltooi of gedoen word op die eersvolgende datum na sodanige Sondag of openbare feesdag, of as laasgenoemde datum ook op 'n Sondag of openbare feesdag val, dan op die eersvolgende datum na sodanige Sondag of openbare feesdag.

*Onderbreking of steuring van verrigtings by verkiesings*

50. 'n Persoon wat opsetlik verrigtings in verband met die hou van verkiesings ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies onderbreek, belemmer of versteur, of op stemdag enige vorm van luidspreker gebruik of enige optog van, of betoging deur, persone vorm of reël, uitgesonderd vir amptelike doeleindes, begaan 'n misdryf.

*Bedrog met stembriewe, ens.*

51. (1) 'n Persoon wat—

(a) 'n stembrief of die amptelike merk op 'n stembrief vervals, namaak of met opset om te bedrieg vernietig;

(b) sonder behoorlike magtiging 'n ander persoon van 'n stembrief voorsien;

(c) met opset om te bedrieg, enige ander stuk papier in 'n stembus plaas as die stembrief wat hy regtens daarin mag plaas;

(d) met opset om te bedrieg, 'n stembrief uit die stemburo wegneem; of

(e) sonder behoorlike magtiging 'n stembus of pakket stembriewe wat dan vir die doel van die verkiesing in gebruik is, vernietig, neem, oopmaak of hom op 'n ander wyse daarmee bemoei;

begaan 'n misdryf.

(2) In 'n akte van beskuldiging, dagvaarding of aanklag weens 'n misdryf met betrekking tot stembusse, stembriewe en amptelike merkinstrumente by 'n verkiesing kan verklaar word dat die eiendomsreg op die busse, stembriewe en instrumente, asook op die teenblaaie, by die verkiesingsbeampte by die verkiesing berus.

(3) Word die verkiesingsbeampte aldus beskuldig of aangekla, kan verklaar word dat die eiendomsreg by die Gemeenskapsraad berus.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Infringement of secrecy*

52. (1) Every officer, candidate or his agent in attendance at a polling station or at the counting of votes, shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting in that station and shall not communicate, except for some purpose authorised by law, to any person any information likely to defeat the secrecy of the voting.

(2) No person, except as in these Regulations provided, shall interfere with or attempt to interfere with a voter when such voter is marking his ballot paper, or otherwise attempt to obtain information as to the candidate for whom any voter is about to vote or has voted, or communicate at any time to any person any information obtained as to the candidate for whom any voter is about to vote or has voted at a taking of poll under these Regulations.

(3) No person shall directly or indirectly induce any voter to display his ballot paper, after he has marked the same, in such a manner as to make known to any person the name of the candidate for whom the voter has so marked his ballot paper.

(4) No person shall place upon any ballot paper any mark or writing whereby a person who casts his vote on that ballot paper may be identified.

(5) Every person in attendance at the counting of votes shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting, and shall not attempt to ascertain or communicate any information obtained at such counting as to the candidate for whom any vote is cast in any particular ballot paper.

(6) A person who has, in carrying out his duties under these Regulations, obtained knowledge as to the candidate for whom any other person has voted shall not, except in answer to a question lawfully put to him in the course of proceedings in a competent court, disclose such knowledge.

(7) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence.

*Failure by electoral officer or other officer to perform his duties*

53. If the electoral officer or any other officer or person wilfully fails to perform any of the duties which he is required to perform under the provisions of these Regultions, he shall be guilty of an offence.

*Treating*

54. Any person who corruptly by himself or by any other person either before, during or after an election, directly or indirectly gives or provides, or pays wholly or in part the expense of giving or providing, any food, drink, entertainment, lodging or provisions to or for any person for the purpose of corruptly influencing that person or any other person to cast or refrain from casting his vote at an election, or on account of such person or any other person having voted or refrained from voting, or being about to vote or refrain from voting at such election, shall be guilty of the offence of treating.

*Undue influence*

55. (1) Any person who directly or indirectly by himself or by any person makes use or threatens to make use of any force, violence or restraint or inflicts or threatens to inflict any temporal or spiritual injury, damage, harm or loss upon or against, or does or threatens to do anything to the disadvantage o fany person in order to induce or compel that person to vote or refrain from voting, or on account of that person having voted or refrained from voting at any election, shall be guilty of the offence of undue influence.

*Skending van geheimhouding*

52. (1) Iedere beampte, kandidaat of sy agent wat by 'n stemburo of by die tel van stemme aanwesig is, moet die geheimhouding van die stemming in daardie buro handhaaf en help om dit te handhaaf en mag aan geen persoon, uitgesonderd vir die een of ander regtens geoorloofde doel, enige inligting meedeel wat waarskynlik die geheimhouding van die stemming sal verydel nie.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Regulasies, mag geen persoon hom met 'n kieser bemoei of probeer om hom met 'n kieser te bemoei wanneer sodanige kieser sy stembrief merk nie, of andersins by 'n stemming kragtens hierdie Regulasies probeer om te wete te kom vir watter kandidaat 'n kieser op die punt staan om te stem of gestem het nie of te eniger tyd aan enige persoon meedeel vir watter kandidaat, volgens inligting wat verkry is, 'n kieser op die punt staan om te stem of gestem het nie.

(3) Geen persoon mag direk of indirek enige kieser beweeg om sy stembrief, nadat hy dit gemerk het, op so 'n wyse te vertoon dat enige persoon die naam van die kandidaat vir wie hy sy stembrief aldus gemerk het, te wete kom nie.

(4) Geen persoon mag op 'n stembrief enige merk of skrif aanbring waardeur 'n persoon wat met daardie stembrief stem, geïdentifiseer kan word nie.

(5) Iedere persoon wat by die tel van die stemme aanwesig is, moet die geheimhouding van die stemming handhaaf en help om dit te handhaaf, en mag nie probeer vasstel of aan 'n ander persoon meedeel vir watter kandidaat, volgens inligting wat by sodanige telling verkry is, op 'n bepaalde stembrief 'n stem uitgebring is nie.

(6) 'n Persoon wat by die vervulling van sy pligte kragtens hierdie Regulasies te wete gekom het op watter kandidaat enige ander persoon sy stem uitgebring het, mag sodanige kennis nie bekendmaak nie, uitgesonderd in antwoord op 'n vraag wat wettiglik aan hom gestel is in die loop van verrigtings in 'n bevoegde hof.

(7) 'n Persoon wat enige van die bepalings van hierdie Regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf.

*Versuim deur verkiesingsbeampte of ander beampte om sy pligte te vervul*

53. Indien die verkiesingsbeampte of enige ander beampte of persoon opsetlik versuim om enige van die pligte te vervul wat kragtens die bepalings van hierdie Regulasies hom opgelê is, begaan hy 'n misdryf.

*Trakteerdery*

54. 'n Persoon wat korruptelik, hetsy voor, gedurende of na 'n verkiesing, self of deur 'n ander persoon direk of indirek aan of vir enige persoon voedsel, drank, vermaak, inwoning of lewensmiddele gee of verskaf of die koste om dit te gee of te verskaf, of 'n deel daarvan, betaal, met die doel om daardie persoon of 'n ander persoon korruptelik te beïnvloed om sy stem by die verkiesing uit te bring al dan nie, of omdat daardie persoon of 'n ander persoon sy stem by die verkiesing uitgebring het of gaan uitbring al dan nie, begaan die misdryf van trakteerdery.

*Onbehoorlike beïnvloeding*

55. (1) 'n Persoon wat, self of deur 'n ander persoon, direk of indirek teen enige persoon geweld of dwang gebruik of dreig om te gebruik, of aan enige persoon enige wêreldlike of geestelike leed, skade, kwaad of verlies berokken of dreig om dit te berokken of iets ten nadele van enige persoon doen of dreig om dit te doen, ten einde daardie persoon te beweeg of te dwing om sy stem by 'n verkiesing uit te bring al dan nie, of omdat hy sy stem by 'n verkiesing uitgebring het al dan nie, begaan die misdryf van onbehoorlike beïnvloeding.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Any person who, by abduction, duress or fraudulent device or contrivance, impedes or prevents the free exercise of the franchise by any voter, or thereby compels, induces or prevails upon any voter either to cast or to refrain from casting his vote at any election, shall be guilty of the offence of undue influence.

*Bribery*

56. (1) Any person shall be guilty of the offence of bribery if he, directly or indirectly, by himself or by any other person—

(a) gives, lends or procures, or agrees to give, lend or procure, or offers, promises, or promises to procure or to endeavour to procure any money or any other thing, to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person, in order to induce any voter to vote or refrain from voting, or corruptly does any such act as aforesaid on account of such voter having voted or refrained from voting at any election;

(b) gives, lends or agrees to give or lend, or offers, or promises to procure or to endeavour to procure any money or any other thing to or for any voter, or to or for any person on behalf of any voter, or to or for any other person, for acting or joining in any procession or demonstration before, during or after any election;

(c) makes any such gift, loan, offer, promise, procurement or agreement to or for any person in order to induce such person to procure or endeavour to procure, the return of any candidate at any election or the vote of any voter at an election;

(d) upon or in consequence of any such gift, loan, offer, promise, procurement or agreement, procures, or engages, promises or endeavours to procure, the return of any candidate at any election or the vote of any voter at any election;

(e) advances or pays, or causes to be advanced or paid, any money, to, or for the use of, any other person with the intent that such money, or any part thereof, shall be expended in bribery at any election, or knowingly pays, or causes to be paid, any money to any person in discharge or repayment of any money wholly or in part expended in bribery at any election;

(f) before or during any election, receives or contracts for any money or loan, for himself or for any other person, for voting or agreeing to vote, or for refraining or agreeing to refrain from voting, at any election;

(g) after any election receives any money on account of any person having voted or refrained from voting or having induced any other person to vote or refrain from voting at any election; or

(h) conveys or transfers or is concerned with the conveyance or transfer of any property, or pays or is concerned with the payment of any money, to any person for the purpose of enabling him to vote, thereby to influence his vote at any future election, or pays or is concerned with the payment of any money on behalf of any voter for the purpose of inducing him to vote or refrain from voting.

(2) Nothing in this regulation contained shall be construed as applying to any money paid or agreed to be paid for or on account of any electoral expenditure bona fide and lawfully incurred.

(2) 'n Persoon wat deur ontvoering, dwang of enige bedrieglike middel die vrye uitoefening van die stemreg deur 'n kieser belemmer of belet of 'n kieser daardeur dwing, beweeg of oorhaal om sy stem by 'n verkiesing uit te bring al dan nie, begaan die misdryf van ongehoorlike beïnvloeding.

*Omkopery*

56. (1) 'n Persoon begaan die misdryf van omkopery indien hy, self of deur 'n ander, direk of indirek—

(a) aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir enige ander persoon, enige geld of enigiets anders gee, leen of verkry of ooreenkom om dit te gee, te leen of te verkry of dit aanbied, beloof of beloof om dit te verkry of om te probeer om te verkry, ten einde 'n kieser te beweeg om sy stem by 'n verkiesing uit te bring al dan nie, of korruptelik een van voormelde handelinge verrig omdat die kieser sy stem by 'n verkiesing uitgebring het al dan nie;

(b) aan of vir 'n kieser, of aan of vir 'n persoon ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir enige ander persoon, enige geld of enigiets anders gee of leen, of ooreenkom om dit te gee of te leen, of dit aanbied, of beloof om dit te verkry of om te probeer om dit te verkry, vir optrede in of deelname aan enige optog of betoging voor, gedurende of na 'n verkiesing;

(c) aan of vir 'n persoon sodanige skenking, lening, aanbod, belofte, verkryging of ooreenkoms gee, verstrek, doen of aangaan ten einde sodanige persoon te beweeg om die verkiesing van 'n kandidaat by 'n verkiesing of die stem van 'n kieser by 'n verkiesing te verkry of om te probeer om dit te verkry;

(d) teen of ten gevolge van sodanige skenking, lening, aanbod, belofte, verkryging of ooreenkoms, die verkiesing van 'n kandidaat by 'n verkiesing of die stem van 'n kieser by 'n verkiesing verkry of onderneem, beloof of probeer om dit te verkry;

(e) aan of vir die gebruik van 'n ander persoon enige geld voorskiet of betaal of laat voorskiet of betaal, met die bedoeling dat daardie geld of enige deel daarvan by 'n verkiesing aan omkopery bestee moet word, of willens en wetens aan 'n persoon enige geld betaal of laat betaal ter vereffening of terugbetaling van geld wat geheel of ten dele by 'n verkiesing aan omkopery bestee is;

(f) voor of gedurende enige verkiesing, vir homself of 'n ander persoon, enige geld of lening ontvang of beding, omdat hy by 'n verkiesing gestem het of ooreengekom het om te stem, of omdat hy hom by 'n verkiesing van stemming onthou het of ooreengekom het om hom van stemming te onthou;

(g) na 'n verkiesing geld ontvang omdat 'n persoon sy stem uitgebring het al dan nie of 'n ander persoon beweeg het om sy stem by enige verkiesing uit te bring al dan nie; of

(h) eiendom oordra of transporteer of betrokke is by die oordrag of transport van eiendom, of enige geld betaal of betrokke is by die betaal van enige geld aan 'n persoon ten einde hom in staat te stel om te stem en daardeur sy stem by 'n toekomstige verkiesing te beïnvloed, of enige geld betaal of betrokke is by die betaling van enige geld ten behoewe van 'n kieser ten einde hom te beweeg om sy stem uit te bring al dan nie.

(2) Geen bepaling van hierdie Regulasie mag uitgelê word nie as sou dit van toepassing wees op geld wat vir of weens bona fide- en wettig aangegane verkiesingskoste betaal is of volgens ooreenkoms betaal moet word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*Personation*

57. Any person who—

(a) at any election applies for a ballot paper in the name of some other person, whether living, dead or fictitious; or

(b) having voted once at any election, applies again at any polling station at the same election for a ballot paper;

shall be guilty of the offence of personation.

*Corrupt procurement of candidature or withdrawal thereof*

58. Any person who—

(a) corruptly induces or procures any other person to become a candidate or to withdraw as a candidate at any election in consideration of any payment or promise of any nature;

(b) becomes a candidate or withdraws as a candidate at any election in pursuance of such inducement or procurement; or

(c) before or during an election publishes a false statement of the withdrawal of a candidate at an election for the purpose of promoting or procuring the election of another candidate, knowing that statement to be false;

shall be guilty of an offence.

*Bills, placards, etc. to bear publisher's name*

59. (1) Every bill, placard, poster, pamphlet, circular or other printed matter having reference to an election shall clearly bear the name and address of the printer and publisher thereof.

(2) No person shall print, publish or post up or cause to be printed, published or posted up, any such printed matter which fails to bear clearly the name and address of the printer and publisher.

(3) The proprietor and publisher of every newspaper shall cause the word "advertisement" to be printed as a headline to each article or paragraph in his newspaper containing electoral matter, the insertion of which is or is to be paid for or for which any reward or compensation or promise of reward or compensation is or is to be made.

(4) The words "electoral matter" used in subregulation (3) include all matters which on the face of it are intended or calculated to affect the result of an election, and any report of the speech of a candidate if the insertion of the report is or is to be paid for.

(5) Every report, letter, article, bill, placard, poster, pamphlet, circular, cartoon or other printed matter (hereinafter in this subregulation called a newspaper article) which, on the face of it, is intended or calculated to affect the result of an election, and is inserted in any newspaper or otherwise produced and is published on or after the date of commencement of such election of members to the Community Council, shall bear at the foot thereof the full name and address of the person by whom such newspaper article was written or produced: Provided that—

(a) any newspaper article which is inserted in any newspaper as aforesaid and which has been altered materially by the editor of such newspaper, may also be signed by such editor;

(b) in the case of a report of a public meeting which is written jointly by two or more persons, it shall be sufficient for the purposes of this subregulation if the report as a whole bears upon the face of it the full names and addresses of the persons by whom it was written; and

*Uitgee vir 'n ander*

57. 'n Persoon wat—

(a) by enige verkiesing in die naam van 'n ander persoon, hetsy lewend of afgestorwe, of van 'n denkbeeldige persoon, om 'n stembrief aansoek doen; of

(b) nadat hy een maal by 'n verkiesing gestem het, weer by 'n stemburo by dieselfde verkiesing om 'n stembrief aansoek doen;

begaan die misdryf van hom vir 'n ander uit te gee.

*Korrupte verkryging van kandidatuur of terugtrekking daarvan*

58. 'n Persoon wat—

(a) 'n ander persoon korruptelik beweeg of oorhaal om, as teenprestasie vir 'n betaling of belofte van watter aard ook al, 'n kandidaat by enige verkiesing te word of as sodanig terug te trek;

(b) as gevolg daarvan dat hy aldus beweeg of oorgehaal is, 'n kandidaat by enige verkiesing word of as sodanig terugtrek; of

(c) voor of gedurende 'n verkiesing, met die doel om die verkiesing van 'n ander kandidaat te bevorder of te bewerkstellig, 'n valse verklaring dat 'n kandidaat by 'n verkiesing teruggetrek het, publiseer wetende dat die verklaring vals is;

begaan 'n misdryf.

*Biljette, plakkate, ens., moet naam van uitgewer dra*

59. (1) Alle biljette, plakkate, aanplakbiljette, pamflette, omsendbriewe of ander drukwerk wat op 'n verkiesing betrekking het, moet die naam en adres van die drukker en uitgewer daarvan duidelik dra.

(2) Geen persoon mag sodanige drukwerk wat nie die naam en adres van die drukker en uitgewer dra nie, druk, uitgee of aanplak of laat druk, uitgee of aanplak nie.

(3) Die eienaar en uitgewer van iedere nuusblad moet die woord "advertensie" as 'n opskrif laat druk by elke artikel of paragraaf in sy nuusblad wat verkiesingstof bevat, vir die opneming waarvan betaal is of gaan word of waarvoor 'n beloning of vergoeding of 'n belofte van beloning of vergoeding gegee is of gaan word.

(4) Die woord "verkiesingstof" in subregulasie (3) gebesig, omvat alles wat, na die skyn geoordeel, bedoel of daarop bereken is om die uitslag van 'n verkiesing te beïnvloed, asook enige verslag van 'n toespraak van 'n kandidaat, indien vir die opneming van die verslag betaal word of gaan word.

(5) Alle verslae, briewe, artikels, biljette, plakkate, aanplakbiljette, pamflette, omsendbriewe, spotprente of ander drukwerk (hieronder in hierdie subregulasie nuusbladartikels genoem) wat, na die skyn geoordeel, bedoel of daarop bereken is om die uitslag van 'n verkiesing te beïnvloed, en in 'n nuusblad opgeneem of op 'n ander wyse geproduseer word en op of na die datum van die begin van die verkiesing van lede van die Gemeenskapsraad gepubliseer word, moet onderaan die volle naam en adres dra van die persoon deur wie die nuusbladartikel geskryf of geproduseer is: Met dien verstande dat—

(a) enige sodanige nuusbladartikel wat soos voormeld in 'n nuusblad opgeneem word en wat wesenlik deur die redakteur van die nuusblad verander is, ook deur sodanige redakteur onderteken kan word;

(b) in die geval van 'n verslag van 'n openbare vergadering wat deur twee of meer persone gesamentlik geskryf is, dit voldoende vir doeleindes van hierdie subregulasie is as die verslag in sy geheel op die voorkant daarvan die volle name en adresse dra van die persone deur wie dit geskryf is; en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) in the case of headlines to any newspaper article which is inserted in any newspaper as aforesaid, and bills, placards or posters having reference thereto, which are issued in the ordinary practice of a newspaper, it shall be sufficient for the purposes of this subregulation if the full names and addresses of the persons by whom such headlines, bills, placards or posters were written, and a statement that such headlines, bills, placards or posters were written by such persons, are published in the issue of the newspaper in which such newspaper article is inserted.

(6) Subject to the provisions of proviso (c) to subregulation (5), no person shall print or publish any newspaper or other printed matter in which is inserted or produced any such newspaper article, which fails to bear upon the face thereof the full name and address of the person by whom it was written or produced.

(7) For the purposes of this regulation an election shall be deemed to commence on the date of first publication of the notice referred to in regulation 19.

(8) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence.

*Meetings on premises where sale of liquor usually takes place*

60. (1) No person shall hire or use—

(a) any premises on which the sale, by wholesale or retail, of any intoxicating liquor is authorised (whether the authorisation be for consumption of liquor on or off the premises); or

(b) any premises where any intoxicating liquor is sold or is supplied to members of a club, society or association;

or any part of any such premises, as a committee room or for any meeting of voters for the purpose of promoting or procuring the election of a candidate at an election or in connection with arrangements made by any person or party in reference to an election.

(2) No person shall let or make available for use any such premises or part thereof, knowing that it is intended to be so used.

(3) Any agreement entered into in contravention of subregulation (1) or (2) shall be null and void.

(4) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence.

*Consequences to the candidates*

61. If upon trial it is proved that any corrupt practice or illegal practice has been committed in reference to the election of a member to the Community Council by or with the knowledge and consent or approval of any candidate at that election, the election of that candidate shall be void and a casual vacancy shall exist.

*Vacating of seats by members of the Community Council*

62. The seat of a member of the Community Council shall become vacant—

(a) upon the death of such member;

(b) upon receipt by the Secretary of the Community Council of a notice of resignation under the hand of such member;

(c) should such member fail to attend three consecutive general meetings of the Community Council without its special leave;

(c) in die geval van opskrifte by 'n nuusbladartikel wat soos voormeld in enige nuusblad opgeneem is, en van biljette, plakkate of aanplakbiljette wat daarop betrekking het en wat volgens die gewone gebruik van 'n nuusblad uitgegee word, dit voldoende vir doeleindes van hierdie subregulasie is as die volle name en adresse van die persone deur wie sodanige opskrifte, biljette, plakkate of aanplakbiljette geskryf is, met 'n verklaring dat sodanige opskrifte, biljette, plakkate of aanplakbiljette deur daardie persone geskryf is, gepubliseer word in die uitgawe van die nuusblad waarin sodanige nuusbladartikel opgeneem word.

(6) Behoudens die bepalings van voorbehoudsbepaling (c) van subregulasie (5), mag geen persoon enige nuusblad of ander drukwerk waarin enige sodanige nuusbladartikel opgeneem of geproduseer is, wat nie op die voorkant daarvan die volle naam en adres dra van die persoon deur wie dit geskryf of geproduseer is nie, druk of publiseer nie.

(7) Vir doeleindes van hierdie regulasie word 'n verkiesing geag te begin op die datum van eerste afkondiging van die kennisgewing in regulasie 19 bedoel.

(8) 'n Persoon wat enige van die bepalings van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf.

*Vergaderings op persele waar gewoonlik drank verkoop word*

60. (1) Geen persoon mag—

(a) 'n perseel waarop die verkoop van bedwelmende drank, by wyse van groothandel of kleinhandel, deur 'n magtiging gemagtig is (ongeag of dit 'n magtiging is vir verbruik van drank op die perseel of daarbuite); of

(b) 'n perseel waar bedwelmende drank verkoop of verskaf word aan lede van 'n klub, genootskap of vereniging;

of 'n gedeelte van enige sodanige perseel, as 'n komiteekamer of vir 'n vergadering van kiesers ter bevordering of bewerkstelliging van die verkiesing van 'n kandidaat by 'n verkiesing of in verband met reëlings wat deur 'n persoon of party met betrekking tot 'n verkiesing getref is, huur of gebruik nie.

(2) Geen persoon mag sodanige perseel of 'n gedeelte daarvan verhuur of vir gebruik beskikbaar stel nie, wetende dat dit die bedoeling is om dit aldus te gebruik.

(3) Enige ooreenkoms wat strydig met subregulasie (1) of (2) gesluit is, is van nul en gener waarde.

(4) 'n Persoon wat enige van die bepalings van hierdie regulasie oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf.

*Gevolge vir kandidaat*

61. As daar by 'n verhoor bewys word dat 'n korrupte bedrywigheid of 'n onwettige bedrywigheid in verband met die verkiesing van 'n lid van die Gemeenskapsraad deur of met die kennis en instemming of goedkeuring van enige kandidaat by daardie verkiesing begaan is, is die verkiesing van daardie kandidaat nietig en bestaan daar 'n toevallige vakature.

*Ontruiming van setels deur lede van die Gemeenskapsraad*

62. Die setel van 'n lid van die Gemeenskapsraad raak vakant—

(a) by die afsterwe van sodanige lid;

(b) by ontvangs deur die Sekretaris van die Gemeenskapsraad van 'n kennisgewing van bedanking onder die handtekening van sodanige lid;

(c) indien sodanige lid versuim om drie opeenvolgende algemene vergaderings van die Gemeenskapsraad by te woon sonder die spesiale toestemming daarvan;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(d) should such member withdraw from any meeting of the Community Council without the permission of the Chairman;

(e) in the event of such member becoming subject to any of the disqualifications mentioned in regulation 12.

*Filling of casual vacancies*

63. Should the seat of a member become vacant in terms of regulation 61 or 62 or should the Minister under section 3 (2) of the Act determine that a vacancy exist, the vacancy shall, unless the term of the Community Council expires before such vacancy can be filled, be filled within six months of its occurring, by an election which shall be held in accordance with the provisions of these Regulations.

## CHAPTER 6

## THE CONVENING OF, THE PROCEDURE AT AND THE CONDUCT OF MEETINGS OF THE COMMUNITY COUNCIL AND COMMITTEES

*First general meeting of Community Council*

64. The first general meeting of the Community Council shall be convened by the Chief Director on a date, which date shall be within 60 days after the first general election, and at a time and in the manner decided upon by him.

*Election of Chairman*

65. Immediately after all the members present at the first general meeting of the Community Council and thereafter at the general meeting held in October of each year, have taken their seats the Council shall proceed to the election of the Chairman from the ranks of members of the Council in the manner prescribed in regulation 66.

*Manner of election of Chairman*

66. (1) A member having first ascertained that the person whom he wishes to propose as Chairman and who is then present, is willing to serve if elected, may propose such person as Chairman and such proposal shall lapse if not seconded.

(2) There shall be no limit to the number of candidates who may be proposed and seconded under subregulation (1), but no member who has already proposed or seconded a candidate shall propose or second any other candidate and no member shall propose or second his own candidature.

(3) The names of the persons duly nominated shall be announced by the person presiding at the relevant meeting of the Community Council (hereinafter in this regulation referred to as the presiding officer) and no debate shall be allowed at the election.

(4) If more than one member be proposed as Chairman, a secret ballot shall be held at which—

(a) the presiding officer shall hand each member present a ballot paper with the names of all the candidates thereon and with an official mark on the reverse side thereof;

(b) every member shall signify the candidate for whom he desires to vote by placing a cross opposite the name of such candidate;

(c) the presiding officer shall call the names of all the members and each member shall, when his name is called, drop his ballot paper into a ballot box;

(d) when all members who wish to vote have done so the presiding officer shall, in the presence of the Community Council, examine the ballot papers with the assistance of such members as the Community Council may decide upon and declare the result of the ballot.

(d) indien sodanige lid hom onttrek aan enige vergadering van die Gemeenskapsraad sonder die toestemming van die Voorsitter;

(e) indien sodanige lid onderhewig raak aan enige van die diskwalifikasies in regulasie 12 genoem.

*Vulling van toevallige vakatures*

63. Indien die setel van 'n lid ingevolge regulasie 61 of 62 vakant raak of indien die Minister kragtens artikel 3 (2) van die Wet bepaal dat 'n vakature bestaan, moet die vakature, tensy die termyn van die Gemeenskapsraad verstryk voordat sodanige vakature gevul kan word, binne ses maande nadat dit ontstaan het, gevul word deur 'n verkiesing wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies gehou word.

## HOOFSTUK 6

## DIE BYEENROEPING VAN, DIE PROSEDURE OP EN DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE GEMEENSKAPSRAAD EN KOMITEES

*Eerste algemene vergadering van Gemeenskapsraad*

64. Die Hoofdirekteur roep die eerste algemene vergadering van die Gemeenskapsraad byeen op 'n datum, wat binne 60 dae na die eerste algemene verkiesing moet wees, en op 'n tyd en wyse soos deur hom bepaal.

*Verkiesing van Voorsitter*

65. Onmiddellik nadat al die lede wat op die eerste algemene vergadering van die Gemeenskapsraad en daarna op die algemene vergadering gehou in Oktober van elke jaar, hul sitplekke ingeneem het, gaan die Gemeenskapsraad oor tot die verkiesing van die Voorsitter uit die geledere van die lede van die Gemeenskapsraad op die wyse in regulasie 66 voorgeskryf.

*Wyse waarop Voorsitter verkies word*

66. (1) 'n Lid wat vooraf vasgestel het dat die persoon wat hy as Voorsitter wil voorstel en wat dan teenwoordig is, gewillig is om te dien as hy verkies word, kan sodanige persoon as Voorsitter voorstel en indien sodanige voorstel nie gesekondeer word nie, verval dit.

(2) Daar is geen beperking op die getal kandidate wat kragtens subregulasie (1) voorgestel en gesekondeer kan word nie, maar geen lid wat reeds 'n kandidaat voorgestel of gesekondeer het, mag 'n ander kandidaat voorstel of sekondeer nie en geen lid mag sy eie kandidatuur voorstel of sekondeer nie.

(3) Die name van die behoorlik genomineerde persone moet deur die persoon wat by die betrokke vergadering van die Gemeenskapsraad voorsit (hierna in hierdie regulasie die voorsittende beampte genoem) aangekondig word op die sitting waartydens die verkiesing moet plaasvind, en geen debat word by die verkiesing toegelaat nie.

(4) Indien meer as een lid as Voorsitter voorgestel word, word 'n geheime stemming gehou waarby—

(a) die voorsittende beampte aan elke lid teenwoordig 'n stembriefie met die name van al die kandidate daarop en met 'n amptelike merk op die keersy daarvan uitreik;

(b) elke lid die kandidaat vir wie hy wil stem, aandui deur 'n kruis teenoor die naam van sodanige kandidaat te plaas;

(c) die voorsittende beampte die name van al die lede uitroep en elke lid, wanneer sy naam uitgeroep word, sy stembriefie in 'n stembus laat val;

(d) sodra alle lede wat wil stem dit gedoen het, die voorsittende beampte met die hulp van sodanige lede as wat die Gemeenskapsraad bepaal, die stembriefies in teenwoordigheid van die Gemeenskapsraad ondersoek en die uitslag van die stemming bekend maak.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) The successful candidate shall be the candidate who obtains the greater or the greatest number of votes cast.

(6) In the event of the number of votes being found to be equal for the candidates who obtained the greater or the greatest number of votes, the presiding officer shall by lot determine the successful candidate.

(7) A member who arrives after the names of the members have been called shall not be entitled to vote.

(8) If only one member is proposed and seconded as Chairman he shall be declared elected.

*Manner of election of Deputy Chairman*

67. Immediately after the Chairman has been elected, the Community Council shall proceed to the election of a Deputy Chairman and the provisions of regulation 66 shall apply *mutatis mutandis* to the election of a Deputy Chairman: Provided that any reference in regulation 66 to the presiding officer shall be construed as being a reference to the Chairman.

*Period of office of Chairman and Deputy Chairman*

68. Subject to the provisions of regulation 69, the Chairman and the Deputy Chairman shall hold office until their successors be elected at the general meeting referred to in regulation 65.

*Vacation of office by Chairman or Deputy Chairman*

69. (1) The Chairman or the Deputy Chairman shall vacate his office—

(a) if his seat as a member of the Community Council becomes vacant or is deemed to have been vacated in terms of the provisions of these Regulations;

(b) if he resigns his office as Chairman or Deputy Chairman by notice, in writing, to the Secretary of the Community Council or makes an announcement to that effect at a meeting of the Community Council.

(2) If the Chairman or the Deputy Chairman vacates his seat otherwise than in pursuance of his resignation announced at a meeting of the Community Council, the Secretary of the Community Council shall at the first ensuing meeting of the Community Council inform it accordingly.

*Filling of casual vacancies*

70. A casual vacancy in the office of Chairman or of Deputy Chairman shall, if the Community Council is holding a meeting when the vacancy occurs, be filled by the election at that meeting of an incumbent to the office concerned in the manner provided in these Regulations and if the Community Council is then not holding a meeting such election shall take place at its next meeting.

*Meetings of the Community Council*

71. (1) Every meeting of the Community Council shall be held at the seat of the Council which shall be situated within the area for which the Community Council has been established: Provided that the Minister may direct that any such meeting be held at a place situated outside such area.

(2) The Community Council shall hold one general meeting each month.

(3) Notwithstanding the provisions of regulation 78, the Community Council shall at each general meeting thereof, whether or not there is a quorum at such meeting, decide the date and time of the next general meeting.

(5) Die suksesvolle kandidaat is die kandidaat wat die grootste getal stemme uitgebring, verkry.

(6) Ingeval daar bevind word dat daar ewe veel stemme uitgebring is op die kandidate wat die grootste getal stemme verkry het, bepaal die voorsittende beampte die suksesvolle kandidaat by loting.

(7) 'n Lid wat opdaag nadat die lede se name uitgeroep is, is nie geregtig om te stem nie.

(8) Indien slegs een lid as Voorsitter voorgestel en gesekondeer word, word hy verkose verklaar.

*Wyse waarop Ondervoorsitter verkies word*

67. Onmiddellik nadat die Voorsitter verkies is, gaan die Gemeenskapsraad oor tot die verkiesing van 'n Ondervoorsitter en is die bepalings van regulasie 66 *mutatis mutandis* van toepassing by die verkiesing van 'n Ondervoorsitter: Met dien verstande dat 'n verwysing in regulasie 66 na die voorsittende beampte uitgelê word as 'n verwysing na die Voorsitter.

*Ampstermyn van Voorsitter en Ondervoorsitter*

68. Behoudens die bepalings van regulasie 69, beklee die Voorsitter en die Ondervoorsitter hulle amp totdat hul opvolgers gedurende die algemene vergadering in regulasie 65 bedoel, verkies word.

*Ontruiming van amp deur Voorsitter of Ondervoorsitter*

69. (1) Die Voorsitter of die Ondervoorsitter ontruim sy amp—

(a) indien sy setel as lid van die Gemeenskapsraad vakant raak of geag word ontruim te gewees het ingevolge die bepalings van hierdie Regulasies;

(b) indien hy uit sy amp as Voorsitter of Ondervoorsitter bedank by skriftelike kennisgewing aan die Sekretaris van die Gemeenskapsraad of 'n aankondiging tot dien effekte op 'n sitting van die Gemeenskapsraad doen.

(2) Indien die Voorsitter of die Ondervoorsitter sy setel ontruim anders as deur die aankondiging van sy bedanking op 'n sitting van die Gemeenskapsraad, verwittig die Sekretaris van die Gemeenskapsraad gedurende die eerste daaropvolgende vergadering van die Gemeenskapsraad die Gemeenskapsraad dienooreenkomstig.

*Vulling van toevallige vakatures*

70. 'n Toevallige vakature in die amp van Voorsitter of van Ondervoorsitter moet, indien die Gemeenskapsraad in sitting is wanneer die vakature ontstaan, gevul word deur die verkiesing tydens sodanige sitting van 'n bekleër vir die betrokke amp op die wyse in hierdie Regulasies bepaal, en indien die Gemeenskapsraad nie dan in sitting is nie, moet sodanige verkiesing op die daaropvolgende vergadering plaasvind.

*Vergaderings van die Gemeenskapsraad*

71. (1) Elke vergadering van die Gemeenskapsraad word gehou by die setel van die Gemeenskapsraad wat binne die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is, geleë moet wees: Met dien verstande dat die Minister kan gelas dat enige sodanige vergadering gehou moet word op 'n plek geleë buite sodanige gebied.

(2) Die Gemeenskapsraad hou een algemene vergadering elke maand.

(3) Ondanks die bepalings van regulasie 78, bepaal die Gemeenskapsraad by elke algemene vergadering daarvan, of daar 'n kworum by sodanige vergadering is al dan nie, die datum en tyd van die daaropvolgende algemene vergadering.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) Subject to the provisions of regulation 64, the Secretary of the Community Council shall, in writing, not less than seven days prior to a general meeting of the Council inform the members, the Chief Director and the Bantu Affairs Commissioner of the date and time fixed for, and the business to be transacted a., such general meeting.

*Special meeting of the Community Council*

72. (1) The Chairman may at any time convene a special meeting of the Community Council and only such business as the Chairman may lay before it or approve shall be transacted.

(2) The Secretary of the Community Council shall, in writing, not less than 72 hours prior to a special meeting of the Community Council inform the members, the Chief Director and the Bantu Affairs Commissioner of the date and time fixed for, and the business to be transacted at, such special meeting.

*Meetings of Community Council open to public and press*

73. (1) Subject to hhe provisions of subregulation (2, all meetings of the Community Council shall be open to the public and the press.

(2) If the Community Council is of the opinion that any matter can more conveniently or advantageously be dealt with in the absence of members of the public and the press, it may, subject to the provisions of section 3 (6) of the Act, exclude the public and the press from such meeting while such matter is dealt with.

*Chairman to preside at meetings of Community Council*

74. The Chairman or, in his absence, the Deputy Chairman shall preside at all meetings of the Community Council or if both the Chairman and the Deputy Chairman are unable through absence or other cause to preside at a meeting, the members present shall, with the Secretary of the Community Council, who shall not be entitled to vote, as presiding officer, nominate one of the members present to preside at such meeting: Provided that the Chairman of the Board or a member of the Board designated by him shall preside at the first general meeting of the Community Council until a Chairman is elected.

*Attendance register*

75. Every member attending a meeting of the Community Council shall sign the attendance register kept for this purpose.

*Order of business*

76. The business of each meeting of the Community Council shall, in accordance with the need thereof, be transacted in the following order:

(a) Notice convening the meeting;
(b) obituaries and ceremonial speeches;
(c) applications for leave of absence;
(d) official announcements;
(e) unopposed motions of the Chairman;
(f) minutes of previous meeting;
(g) reports of committees;
(h) questions of which notice has been given;
(i) motions held over from previous meetings;
(j) petitions;
(k) new motions;
(l) other matters.

(4) Behoudens die bepalings van regulasie 64, stel die Sekretaris van die Gemeenskapsraad die lede, die Hoofdirekteur en die Bantoesakekommissaris minstens sewe dae voor 'n algemene vergadering van die Gemeenskapsraad skriftelik in kennis van die datum en tyd bepaal vir en die sake wat behandel gaan word gedurende sodanige algemene vergadering.

*Spesiale vergadering van die Gemeenskapsraad*

72. (1) Die Voorsitter kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die Gemeenskapsraad byeenroep en slegs die sake wat die Voorsitter voorlê of goedkeur, word behandel.

(2) Die Sekretaris van die Gemeenskapsraad stel die lede, die Hoofdirekteur en die Bantoesakekommissaris minstens 72 uur voor 'n spesiale vergadering van die Gemeenskapsraad skriftelik in kennis van die datum en tyd bepaal vir en die sake wat behandel gaan word gedurende sodanige spesiale vergadering.

*Vergaderings van Gemeenskapsraad vir publiek en pers toeganklik*

73. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), is alle vergaderings van die Gemeenskapsraad vir die publiek en pers toeganklik.

(2) Indien die Gemeenskapsraad van mening is dat 'n aangeleentheid geriefliker of voordeliger in die afwesigheid van lede van die publiek en die pers behandel kan word, kan hy, behoudens die bepalings van artikel 3 (6) van die Wet, die publiek en die pers van sodanige vergaderings uitsluit terwyl sodanige aangeleentheid behandel word.

*Voorsitter sit voor by vergaderings van Gemeenskapsraad*

74. Die Voorsitter of, in sy afwesigheid, die Ondervoorsitter, sit voor op alle vergaderings van die Gemeenskapsraad of, as sowel die Voorsitter as die Ondervoorsitter weens afwesigheid of om 'n ander rede nie op 'n vergadering kan voorsit nie, benoem die aanwesige lede onder die voorsitterskap van die Sekretaris van die Gemeenskapsraad, wat nie geregtig is om te stem nie, een van die aanwesige lede om op sodanige vergadering voor te sit: Met dien verstande dat die Voorsitter van die Raad of 'n lid van die Raad deur hom aangewys op die eerste algemene vergadering van die Gemeenskapsraad voorsit totdat 'n Voorsitter verkies is.

*Bywoningsregister*

75. Elke lid wat 'n vergadering van die Gemeenskapsraad bywoon, teken sy naam in die bywoningsregister wat vir dié doel gehou word.

*Volgorde van werksaamhede*

76. Die werksaamhede van elke vergadering van die Gemeenskapsraad word na gelang daarvan of dit nodig is, in die volgende volgorde verrig:

(a) Beskrywingsbrief;
(b) sterflys en seremoniële toesprake;
(c) aansoeke om afwesigheidsverlof;
(d) amptelike aankondigings;
(e) onbestrede mosies van die Voorsitter;
(f) notule van vorige vergadering;
(g) verslae van komitees;
(h) vrae waarvan kennis gegee is;
(i) mosies wat sedert vorige vergaderings oorstaan;
(j) versoekskrifte;
(k) nuwe mosies;
(l) ander aangeleenthede.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Business to be transacted at meeting of Community Council*

77. No business other than that included in the agenda embodied in the notice convening a meeting shall be transacted at such meeting of the Community Council: Provided that at such meeting, and with the approval of the Chairman, matters of urgency may be raised and submitted to the Council.

*Quorum*

78. Any number of members exceeding half the number of members of the Community Council shall form a Quorum.

*Procedure when quorum not present*

79. (1) If after the expiration of 20 minutes after the time at which any meeting of the Council is appointed to be held, a quorum is not assembled, no meeting shall take place. If the members present unanimously consent thereto, a further period, not exceeding 10 minutes, may be permitted to enable a quorum to assemble, but the members present may by a majority decision at any stage after 10 minutes past the time appointed for such meeting, request the Chairman to convene a further meeting within 10 days, at which meeting, notwithstanding the provisions of regulation 78, the members present shall form a quorum and if the Chairman complies with such request the provisions of regulation 71 shall *mutatis mutandis* apply.

(2) If during the sitting of any meeting of the Council a quorum is found not to be present no further business shall be conducted until a quorum is reassembled. Should a quorum not be present and 10 minutes elapse after the attention of the Chairman is drawn to the absence of a quorum, the meeting shall stand adjourned until a time to be decided by the Chairman.

(3) If from the number of members voting it appears that a quorum is not present the voting shall be invalid.

*Adjournment of meeting*

80. If for any reason whatsoever, the business to be transacted at any meeting of the Community Council cannot be completed at such meeting, the Chairman may adjourn such meeting to a date and time to be determined by the Chairman in consultation with the members.

*Questions*

81. A member may ask a question at any meeting of the Community Council—

(a) in connection with any matter arising out of or having a bearing on an item in the report of a committee during the discussion of such report;

(b) regarding the exercise of any of the Council's powers or performance of any of its duties or conditions within the area for which the Community Council has been established.

*Notice of question, motion or petition to be given*

82. (1) Notice of any question, referred to in regulation 81 (b), motion (excluding any unopposed motion of the Chairman) or petition which a member wishes to pose, move or present, as the case may be, at or to any general meeting of the Community Council shall be in writing and signed by such member and shall be forwarded to the Secretary of the Community Council who shall, subject to the provisions of subregulation (2) and regulation 84, place it on the agenda for the next ensuing general meeting.

*Werksaamhede wat by vergadering van Gemeenskapsraad behandel word*

77. Geen saak wat nie in die sakelys in die beskrywingsbrief vermeld is nie, word op daardie vergadering van die Gemeenskapsraad behandel nie: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Voorsitter, dringende sake op sodanige vergadering geopper en aan die Gemeenskapsraad voorgelê kan word.

*Kworum*

78. Enige getal lede wat meer as die helfte van die getal lede van die Gemeenskapsraad is, vorm 'n kworum.

*Prosedure wanneer kworum nie teenwoordig nie*

79. (1) Indien daar na afloop van 20 minute na die tyd waarop 'n vergadering van die Gemeenskapsraad moet begin geen kworum is nie, vind geen vergadering plaas nie. Indien die aanwesige lede dit eens is, kan 'n verdere tydperk van hoogstens 10 minute toegelaat word om 'n kworum te laat byeenkom, maar die aanwesige lede kan, deur 'n meerderheidsbeslissing, te eniger tyd na die verloop van 10 minute na die tyd waarop sodanige vergadering moet begin, die Voorsitter versoek om 'n verdere vergadering binne 10 dae te belê, en by sodanige vergadering, ondanks die bepalings van regulasie 78, maak die lede teenwoordig 'n kworum uit en indien die Voorsitter aan so 'n versoek voldoen, is die bepalings van regulasie 71 *mutatis mutandis* van toepassing.

(2) Indien daar gedurende die sitting van 'n vergadering van die Gemeenskapsraad bevind word dat 'n kworum nie teenwoordig is nie, word geen verdere sake behandel nie totdat 'n kworum opnuut byeengekom het. Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie en 10 minute verstryk nadat die Voorsitter se aandag op die gebrek aan 'n kworum gevestig is, word die vergadering verdaag tot 'n tyd deur die Voorsitter bepaal.

(3) As dit uit die getal lede wat deelneem aan 'n stemming, blyk dat 'n kworum nie teenwoordig is nie, is die stemming ongeldig.

*Verdaging van vergadering*

80. Indien, om watter rede ook al, die sake wat by 'n vergadering van die Gemeenskapsraad behandel staan te word, nie by sodanige vergadering afgehandel kan word nie, kan die Voorsitter sodanige vergadering verdaag tot 'n datum en tyd wat die Voorsitter in oorleg met die lede bepaal.

*Vrae*

81. 'n Lid kan op 'n vergadering van die Gemeenskapsraad 'n vraag stel—

(a) oor 'n saak wat voortspruit uit of in verband staan met 'n item van die verslag van 'n komitee tydens die bespreking van sodanige verslag;

(b) betreffende die uitoefening van enige van die Gemeenskapsraad se bevoegdhede, die uitvoering van enige van sy pligte, of toestande binne die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is.

*Wyse waarop kennisgewing van vraag, mosie of versoekskrif geskied*

82. (1) Kennis van 'n vraag in regulasie 81 (b) bedoel, 'n mosie (uitgesonderd 'n onbestrede mosie van die Voorsitter) of versoekskrif wat 'n lid wil stel of indien, na gelang van die geval, op 'n vergadering van die Gemeenskapsraad moet skriftelik wees en deur sodanige lid onderteken wees en word aan die Sekretaris van die Gemeenskapsraad gestuur, en behoudens die bepalings van subregulasie (2) en regulasie 84 plaas hy dit op die sakelys van die daaropvolgende algemene vergadering.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) If any such question, motion or petition is received by the Secretary of the Community Council at least 10 days before the next ensuing general meeting of the Community Council he shall place it on the agenda for such meeting or otherwise he shall place it on the agenda for the next ensuing general meeting.

(3) If a member is not present to pose his question or present his petition when he is called upon to do so by the Chairman, and he has not authorised any other member to do so on his behalf, the question or petition shall lapse.

*Chairman may reject certain motions, questions or petitions*

83. (1) The Chairman may reject any motion, question or petition which in his opinion will lead to the discussion of a matter already included in the agenda or which does not concern the area for which the Community Council has been established or over which the Council has no jurisdiction or which is not clear and he shall reject any motion or petition which, if it were to be moved or accepted, as the case may be, would be against the law.

(2) If the Chairman so rejects any motion, question or petition he shall inform the Community Council of his decision and shall not call upon the member concerned to move such motion, pose such question or present such petition, as the case may be.

*Motion to rescind a resolution passed during the previous three months*

84. No motion to rescind a resolution passed by the Community Council during the previous three months or having the same effect as one that has been rejected by the Community Council during the previous three months shall be placed on the agenda unless the notice of such motion is signed by at least three members in addition to the member who wishes to move such motion and after the Community Council has dealt with such motion no member may move a similar motion within six months thereafter.

*Procedure on moving a motion*

85. (1) When motions come up for discussion, the Chairman shall, subject to the provisions of regulation 83, read out the numbers and names of the movers of all the motions appearing on the agenda and he shall ascertain which motions are unopposed and such unopposed motions shall immediately be carried.

(2) Immediately after such unopposed motions have been carried the Chairman shall, in the order in which the remaining motions appear on the agenda, call upon the members concerned to move such motions.

(3) A member called upon by the Chairman to move a motion shall rise in his place and after making such remarks as he may wish he shall move the motion.

(4) If a member is not present to move a motion when called upon to do so by the Chairman, and he has not authorised any other member to do so on his behalf, the motion shall lapse.

(5) Every motion moved shall require seconding and if a motion is not seconded it shall lapse.

(6) When a motion has been moved and seconded, the Chairman shall read it or cause it to be read after which debate may take place on such motion and may continue, subject to the provisions of these Regulations, for as long as any member who is entitled to speak wishes to speak.

(7) When no more members wish or are entitled to speak the Chairman shall put the motion to the Community Council for its decision.

(2) Indien sodanige vraag, mosie of versoekskrif deur die Sekretaris van die Gemeenskapsraad minstens 10 dae voor die daaropvolgende algemene vergadering van die Gemeenskapsraad ontvang is, plaas hy dit op die sakelys vir sodanige vergadering, of anders plaas hy dit op die sakelys van die daaropvolgende algemene vergadering.

(3) As 'n lid nie teenwoordig is om sy vraag te stel of sy versoekskrif in te dien nie wanneer hy deur die voorsitter versoek word om dit te doen en hy nie 'n ander lid gemagtig het om dit namens hom te stel of in te dien nie, verval die vraag of versoekskrif.

*Voorsitter kan sekere mosies, vrae of versoekskrifte verwerp*

83. (1) Die Voorsitter kan 'n mosie, vraag of versoekskrif verwerp wat na sy mening tot die bespreking sou lei van 'n saak wat reeds in die sakelys vervat is of wat nie op die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is betrekking het nie of waaroor die Gemeenskapsraad nie regsbevoegdheid het nie of wat nie duidelik is nie, en hy verwerp 'n mosie of versoekskrif wat, as dit voorgestel of aangeneem word, na gelang van die geval, strydig sal wees met die wet.

(2) Indien die Voorsitter 'n mosie, vraag of versoekskrif aldus verwerp, stel hy die Gemeenskapsraad in kennis van sy beslissing en hy versoek nie die betrokke lid om sodanige mosie in te dien, sodanige vraag te stel of sodanige versoekskrif in te dien nie, na gelang van die geval.

*Mosie ter herroeping van 'n besluit geneem binne voorafgaande drie maande*

84. Geen mosie ter herroeping van 'n besluit wat gedurende die voorafgaande drie maande geneem is of 'n mosie van dieselfde strekking as een wat binne die voorafgaande drie maande deur die Gemeenskapsraad verwerp is, word op die sakelys geplaas nie, tensy die kennisgewing van die mosie deur minstens drie lede, benewens die voorsteller van die mosie, onderteken is, en nadat die Gemeenskapsraad sodanige mosie afgehandel het, mag geen lid weer 'n soortgelyke mosie binne ses maande daarna indien nie.

*Prosedure by die indiening van 'n mosie*

85. (1) Wanneer mosies aan die orde kom, lees die Voorsitter, behoudens die bepalings van regulasie 83, die nommers en die name uit van die voorstellers van al die mosies wat op die sakelys verskyn, en hy stel was watter mosies onbestrede is, en sodanige onbestrede mosies word dadelik aangeneem.

(2) Onmiddellik nadat sodanige onbestrede mosies aangeneem is, versoek die Voorsitter die betrokke lede, beurtelings in die volgorde waarin die oorblywende mosies op die sakelys verskyn, om sodanige mosies in te dien.

(3) 'n Lid wat deur die Voorsitter versoek word om 'n mosie in te dien, staan in sy plek op en na enige opmerkings wat hy wens te maak, dien hy die mosie in.

(4) As 'n lid nie teenwoordig is nie om sy mosie in te dien wanneer hy deur die Voorsitter versoek word om dit te doen en hy nie 'n ander lid gemagtig het om dit namens hom in te dien nie, verval die mosie.

(5) Elke mosie ingedien moet gesekondeer word, en as 'n mosie nie gesekondeer word nie, verval dit.

(6) Wanneer 'n mosie ingedien is en gesekondeer is, lees die Voorsitter dit uit, of laat dit uitlees, waarna sodanige mosie gedebatteer kan word en die debat kan, behoudens die bepalings van hierdie Regulasies, so lank aanhou as wat enige lid wat die reg het om te praat, nog wil praat.

(7) Wanneer daar nie meer lede is wat wens, of geregtig is, om te praat nie, stel die Voorsitter die mosie aan die Gemeenskapsraad vir beslissing.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(8) When an amendment or amendments have been proposed to a motion the Chairman shall first put the amendments and after all amendments have been disposed of, again read and put the original motion or if it has been amended the motion as amended, so as to enable the members of the Community Council to be fully acquainted with the terms thereof.

(9) The order in which amendments shall be put shall be in the discretion of the Chairman.

(10) No member may speak on a motion or amendment after it has been fully put by the Chairman.

*Amendments to motions*

86. (1) A member who has risen to speak on a motion may propose an amendment to such motion.

(2) Such amendment shall require seconding.

(3) An amendment may take one of the following forms:

(a) To leave out one or more words of the motion;

(b) to insert one or more words in the motion;

(c) to add one or more words at the end of the motion;

(d) to substitute certain other words for certain words contained in the motion.

(4) Members may propose more than one amendment to a motion but a proposal to further amend a proposed amendment shall be out of order.

(5) Debate may take place on any amendment to a motion.

*Postponement of motions*

87. (1) Any member may move that a motion be postponed or referred to a committee of the Community Council for consideration.

(2) Such motion shall be seconded.

(3) Notwithstanding the provisions of regulation 97 (2), the mover of such motion shall speak for not more than five minutes and the seconder shall not be permitted to speak beyond formally seconding it.

(4) Immediately after such motion has been seconded the Chairman shall put the motion to the Community Council for its decision.

*Withdrawal of motions and amendments*

88. A motion or an amendment proposed to such motion may be withdrawn at the request of the mover thereof by leave of the Community Council at any time before the question has been fully put.

*Moving reports at meetings of Community Council*

89. (1) All recommendations of any committee shall be reported to the Council and the chairman of the committee concerned or in his absence a member of the committee called upon by the Chairman of the Council, shall introduce the report by moving that the report of the committee concerned be received.

(2) The Council having agreed to receive the report, the Chairman of the Community Council shall thereupon put the recommendations contained in the various items *seriatim*, unless for good cause he sees fit to vary their order. If the majority of the members of the Council present agree with any recommendation it shall forthwith become a resolution of the Council.

*Item to be referred back for further consideration*

90. (1) When the report of any committee has been received by the Council and a recommendation in that report is before the Council, any member may move that the item be referred back to such committee for further consideration.

(8) Wanneer 'n amendement of amendemente op 'n mosie voorgestel is, stel die Voorsitter eers die amendemente en na al die amendemente afgehandel is, lees en stel hy weer die oorspronklike mosie of, indien dit gewysig is, die mosie, soos gewysig, ten einde die lede van die Gemeenskapsraad ten volle vertroud te maak met die bepalings daarvan.

(9) Die volgorde waarin amendemente gestel word, is volgens die diskresie van die Voorsitter.

(10) Geen lid mag oor 'n mosie of 'n amendement praat nadat dit ten volle deur die Voorsitter gestel is nie.

*Amendemente op mosies*

86. (1) 'n Lid wat opgestaan het om 'n mosie te bespreek, kan 'n amendement op die mosie voorstel.

(2) Sodanige amendement moet gesekondeer word.

(3) 'n Amendement kan een van die volgende vorme aanneem:

(a) Om een of meer van die woorde van die mosie weg te laat;

(b) om een of meer woorde in die mosie in te voeg;

(c) om een of meer woorde aan die einde van die mosie by te voeg;

(d) om sekere woorde van die mosie deur sekere ander woorde te vervang.

(4) Lede kan meer as een amendement op 'n mosie voorstel, maar 'n voorstel vir die verdere wysiging van 'n voorgestelde amendement is buite die orde.

(5) 'n Amendement op 'n mosie kan gedebateer word.

*Uitstel van mosies*

87. (1) 'n Lid kan voorstel dat 'n mosie uitgestel of na 'n komitee van die Gemeenskapsraad verwys word vir oorweging.

(2) Sodanige voorstel moet gesekondeer word.

(3) Ondanks die bepalings van regulasie 97 (2), kan die indiener van sodanige voorstel hoogstens vyf minute lank praat en die sekondant word nie toegelaat om te praat nie buiten om dit formeel te sekondeer.

(4) Onmiddellik nadat sodanige voorstel gesekondeer is, stel die Voorsitter die voorstel aan die Gemeenskapsraad vir beslissing.

*Terugtrekking van mosies en amendemente*

88. 'n Mosie of 'n voorgestelde amendement van sodanige mosie kan te eniger tyd voordat die mosie ten volle gestel is, teruggetrek word op versoek van die voorsteller daarvan met die verlof van die Gemeenskapsraad.

*Indiening van verslae op vergaderings van Gemeenskapsraad*

89. (1) Verslag oor alle aanbevelings van 'n komitee word aan die Gemeenskapsraad gedoen en die voorsitter van die betrokke komitee, of in sy afwesigheid 'n lid van die komitee deur die Voorsitter van die Gemeenskapsraad aangesê, dien die verslag in deur voor te stel dat die verslag van die betrokke komitee in ontvangs geneem word.

(2) Nadat die Gemeenskapsraad besluit het om die verslag in ontvangs te neem, stel die Voorsitter van die Gemeenskapsraad die aanbevelings vervat in die verskillende items *seriatim*, tensy hy goeddunk om hul volgorde te verander. Indien die meerderheid van die aanwesige lede van die Gemeenskapsraad 'n aanbeveling aanvaar, word dit onverwyld 'n besluit van die Gemeenskapsraad.

*Item kan terugverwys word vir verdere oorweging*

90. (1) Wanneer die verslag van 'n komitee deur die Gemeenskapsraad in ontvangs geneem is en 'n aanbeveling van sodanige verslag voor die Gemeenskapsraad dien, kan 'n lid voorstel dat die item na sodanige komitee terugverwys word vir verdere oorweging.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) If such motion is carried, the debate on the recommendation shall end forthwith.

*Chairman to maintain order*

91. Order shall be maintained in the Community Council by the Chairman whose decision on a point of order shall not be open to appeal and shall not be reviewed by the Community Council.

*Members to sit down when Chairman rises*

92. When the Chairman rises during a meeting of the Community Council every member shall sit down and members shall be silent so that the Chairman may be heard without interruption.

*Members to speak standing*

93. A member shall speak standing and shall address his observations to the Chair.

*Chairman to select speaker*

94. If two or more members rise at the same time to speak the Chairman shall select one member and call on him to speak.

*Members not speaking to be seated*

95. When a member has finished speaking he shall resume his seat and any other member wishing to speak shall rise.

*Matters on which members may speak*

96. A member may address the Community Council on the question before the Council or upon any amendment proposed thereto, or upon a question or amendment to be proposed by himself, or upon a point of order arising out of debate, but not otherwise and no discussion or debate shall be permitted which will anticipate any matter on the agenda.

*Speaking on questions at meetings of Community Council*

97. (1) No member shall address the Community Council more than once on the question before the Community Council except in explanation, such explanation being allowed only in case a material part of his speech has been misquoted or misunderstood, and he shall not introduce any new matter and no debate shall be allowed on such explanation.

(2) No member may, without the approval of the Community Council, exceed 10 minutes in speaking on any question.

(3) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the member who introduced the question may reply and such member having so replied, the debate shall be closed and the question put to the vote.

*Form of address*

98. During proceedings at a meeting of the Community Council members shall refer to one another as "the honourable member" (stating the member's name).

*Conduct of members during meetings*

99. During a meeting of the Community Council a member shall—

(a) enter or leave the Chamber with decorum;

(b) in the case of a male, be bare-headed while in the Chamber and bow to the Chair when entering or leaving the Chamber or passing to or from his place;

(c) not pass between the Chair and any member speaking;

(d) not address the Chairman by name or any other title save as "Mr Chairman";

(e) not cross the floor of the Chamber unnecessarily;

(2) As sodanige voorstel aangeneem word, eindig die debat oor die aanbeveling onverwyld.

*Voorsitter handhaaf orde*

91. Orde word in die Gemeenskapsraad deur die Voorsitter gehandhaaf en sy beslissing oor 'n punt van orde is nie onderworpe aan appèl nie en word nie deur die Gemeenskapsraad hersien nie.

*Lede moet sit wanneer Voorsitter opstaan*

92. Wanneer die Voorsitter gedurende 'n vergadering van die Gemeenskapsraad opstaan, sit elke lid en lede bly stil sodat die Voorsitter ongestoord gehoor kan word.

*Lede praat staande*

93. Elke lid staan as hy praat en rig sy opmerkings tot die Stoel.

*Voorsitter kies spreker*

94. Indien twee of meer lede gelyk opstaan om te praat, kies die Voorsitter een lid en versoek hom om te praat.

*'n Lid wat nie praat nie, moet sit*

95. 'n Lid wat klaar gepraat het, moet sit en enige ander lid wat wil praat, moet opstaan.

*Sake waaroor lede kan praat*

96. 'n Lid kan oor die mosie voor die Gemeenskapsraad praat of oor amendemente daarop voorgestel, of oor 'n mosie of amendement wat hy self wil voorstel, of oor 'n punt van orde voortspruitende uit die debat, maar anders nie en geen bespreking of debat wat 'n saak wat op die sakelys voorkom, sal vooruitloop, word toegelaat nie.

*Die praat oor onderwerpe op vergaderings van Gemeenskapsraad*

97. (1) Geen lid spreek die Gemeenskapsraad meer as een maal cor 'n mosie voor die Gemeenskapsraad toe nie, behalwe by wyse van verduideliking, welke verduideliking toegelaat word slegs ingeval 'n wesentlike deel van 'n lid se toespraak verkeerd aangehaal of misverstaan is en hy mag geen nuwe aangeleentheid behandel nie en oor sodanige verduideliking word geen debat toegelaat nie.

(2) Geen lid praat sonder die toestemming van die Gemeenskapsraad langer as 10 minute oor enige mosie nie.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan die lid wat 'n mosie ingedien het, repliek lewer en nadat sodanige lid sodanige repliek gelewer het, is die debat gesluit en word die mosie in stemming gebring.

*Aanspreekvorm*

98. Gedurende verrigtings by 'n vergadering van die Gemeenskapsraad verwys lede na mekaar as "die agbare lid" (die naam van lid moet gemeld word).

*Gedrag van lede tydens vergaderings*

99. Gedurende vergaderings van die Gemeenskapsraad moet 'n lid—

(a) die Raadsaal met dekorum binnekom of verlaat;

(b) in die geval van 'n man, blootshoof wees terwyl hy in die Raadsaal is en 'n buiging voor die Stoel maak wanneer hy die Raadsaal binnekom of verlaat, of wanneer hy na of van sy sitplek gaan;

(c) nie tussen die Stoel en 'n lid wat aan die woord is, verbygaan nie;

(d) nie die Voorsitter by sy naam of enige ander titel as "Meneer die Voorsitter" aanspreek nie;

(e) nie onnodig oor die vloer van die Raadsaal stap nie;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(f) when crossing from one side of the Chamber to the other, pause in the centre and bow to the Chair;

(g) not read newspapers, books, letters or other documents except such matter therein as may be directly connected with the business then under consideration;

(h) while a member is speaking be silent and not make unseemly interruptions;

(i) when called to order by the Chairman immediately resume his seat; and

(j) when the Community Council adjourns keep his place until the Chairman has left the Chair.

*Speeches to be relevant*

100. A member shall restrict his observations to the subject under discussion and shall not introduce matters irrelevant to that subject.

*Irrelevance or repetition*

101. The Chairman after having called the attention of the Community Council to the conduct of a member who persists in irrelevance or tedious repetition of his own or some other member's arguments in debate, may order him to discontinue his speech and resume his seat.

*When interruption may be made*

102. A member shall not interrupt the speech of any other member except—

(a) by rising to a point of order, when the member speaking shall resume his seat and the member interrupting shall merely direct attention to the point which he wishes to bring to notice and submit it to the Chairman for decision; or

(b) to put a relevant question to the speaker with the consent of the Chairman.

*Insulting language out of order*

103. It shall be out of order to use offensive and insulting language about members of the Community Council.

*Imputation of improper motives out of order*

104. A member shall not impute improper motives to any other member.

*Personal charges out of order*

105. A member shall not make a personal charge in reference to any other member.

*Offensive expressions about Community Council out of order*

106. A member shall not use offensive expressions about the conduct of proceedings at meetings of the Community Council.

*Alleged improper conduct*

107. The personal conduct or any alleged improper motives of a member shall not be referred to except on a motion moved for that purpose.

*Disorderly conduct of members*

108. The Chairman shall order a member whose conduct is grossly disorderly or who fails to comply with an order made under regulation 101, to withdraw forthwith from the Chamber for the remainder of the meeting and should he fail to do so the Chairman may cause him to be ejected from the Chamber and take such reasonable steps as are necessary to ensure that such member does not return to the meeting.

(f) wanneer hy van een deel van die Raadsaal na 'n ander gaan, in die middel stilstaan en 'n buiging voor die Stoel maak;

(g) nie nuusblaaie, boeke, briewe of ander dokumente lees nie, uitgesonderd sodanige stof daarin as wat regstreeks in verband staan met die aangeleentheid dan onder oorweging;

(h) stilbly terwyl 'n lid aan die woord is, en hom nie onnodig in die rede val nie;

(i) wanneer hy deur die Voorsitter tot orde geroep is, dadelik gaan sit; en

(j) wanneer die Gemeenskapsraad verdaag, in sy sitplek bly totdat die Voorsitter die Stoel verlaat het.

*Toesprake moet ter sake wees*

100. 'n Lid moet sy opmerkings oor die onderwerp in bespreking beperk, en mag geen sake wat nie op daardie onderwerp betrekking het nie, byhaal nie.

*Ontoepaslikheid of herhaling*

101. Nadat die Voorsitter die aandag van die Gemeenskapsraad gevestig het op die gedrag van 'n lid wat volhou om aangeleenthede wat nie ter sake is nie te bespreek of om sy eie argumente of dié van 'n ander lid in die debat tot vervelens toe te herhaal, kan hy die lid gelas om sy toespraak te staak en sy sitplek in te neem.

*Wanneer lede in die rede geval mag word*

102. Geen lid mag 'n ander lid wat aan die woord is, in die rede val nie, behalwe—

(a) wanneer hy op 'n punt van orde opstaan, en dan moet die lid wat aan die woord was, gaan sit, en die lid wat opgestaan het, moet slegs die punt noem waarop hy die aandag wil vestig en dit aan die Voorsitter voorlê vir sy beslissing; of

(b) om 'n tersaaklike vraag aan die spreker te stel met die toestemming van die Voorsitter.

*Beledigende taal buite die orde*

103. Dit is buite die orde om aanstootlike en beledigende taal omtrent lede van die Gemeenskapsraad te gebruik.

*Toeskrywing van onbehoorlike motiewe buite die orde*

104. 'n Lid mag nie onbehoorlike motiewe aan 'n ander lid toeskryf nie.

*Persoonlike aanvalle buite die orde*

105. 'n Lid mag nie 'n persoonlike aanval ten opsigte van enige ander lid maak nie.

*Aanstootlike uitdrukkings omtrent Gemeenskapsraad buite die orde*

106. 'n Lid mag nie aanstootlike uitdrukkings oor die bestuur van verrigtings by vergaderings van die Gemeenskapsraad gebruik nie.

*Beweerde onbehoorlike gedrag*

107. Daar mag nie verwys word na die persoonlike gedrag of enige beweerde onbehoorlike motiewe van 'n lid nie, behalwe na 'n mosie vir daardie doel ingedien.

*Wanordelike gedrag van lid*

108. Die Voorsitter gelas 'n lid wie se gedrag uiters wanordelik is of wat versuim om te voldoen aan 'n opdrag gegee kragtens regulasie 101, om die Raadsaal onverwyld vir die res van die vergadering te verlaat en as hy versuim om dit te doen, kan die Voorsitter hom uit die Raadsaal laat verwyder en sodanige redelike stappe doen as wat nodig is om te verseker dat sodanige lid nie na die vergadering terugkeer nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Chairman's powers to adjourn or suspend meeting of Community Council*

109. In the case of great disorder arising during a meeting of the Community Council the Chairman may adjourn or suspend the meeting for such reasonable period as he may determine.

*Appointment of committees of Community Council*

110. (1) Any committee of the Community Council shall be appointed by the Council at a meeting of the Council.

(2) The Community Council shall determine the terms of reference and the powers and duties of such committee at such meeting: Provided that it may from time to time at any meeting thereof amend such terms of reference and add to or withdraw any such powers and duties.

(3) Members of a committee to which the Community Council has assigned any of its powers and duties shall remain in office until the day before the day fixed for the holding of the next ensuing general meeting referred to in regulation 65.

*Constitution of committees of Community Council*

111. A committee shall consist of not less than three and not more than seven members of the Community Council.

*Chairman of committee*

112. The Community Council shall appoint the chairman of every committee: Provided that if such chairman is unable to be present at any meeting of such committee the committee shall, from their own ranks, elect another chairman whose tenure of office shall be for the day of his election.

*Meetings of committees of Community Council*

113. (1) A committee shall meet on the date and at the time determined by the chairman thereof in consultation with the members thereof.

(2) The meetings of any committee shall be held in private unless the committee otherwise orders: Provided that this provision shall not be so interpreted as to exclude officials or witnesses necessarily associated with the business of such committee.

(3) Notwithstanding the provisions of subregulation (2), members of the Community Council who are not members of a particular committee thereof may be present at any meeting of such committee and take part in the discussion, but shall not have the power to vote.

*Quorum*

114. Any number of members exceeding half the number of the members of any committee shall form a quorum.

*Procedure when quorum not present*

115. (1) If after the expiration of 20 minutes after the time at which any meeting of any committee is appointed to be held, a quorum is not assembled, no meeting shall take place. If the members of the committee present unanimously consent thereto, a further period, not exceeding 10 minutes, may be permitted to enable a quorum to assemble, but the members present may by a majority decision at any stage after 10 minutes past the time appointed for such meeting, request the chairman to convene a further meeting within seven days, at which meeting, notwithstanding the provisions of regulation 114, the members present shall form a quorum.

(2) If during the sitting of any meeting of a committee a quorum is found not be present no further business shall be conducted until a quorum is reassembled. Should a quorum not be present and 10 minutes elapse after the attention of the chairman is drawn to the absence of a quorum, the meeting shall stand adjourned until a time to be determined by the chairman in consultation with the members thereof present.

*Voorsitter se bevoegdhede om vergadering van Gemeenskapsraad te verdaag of op te skort*

109. Ingeval groot wanordelikheid gedurende 'n vergadering van die Gemeenskapsraad ontstaan, kan die Voorsitter die vergadering verdaag of opskort vir 'n redelike tydperk deur hom bepaal.

*Aanstelling van komitees van Gemeenskapsraad*

110. (1) 'n Komitee van die Gemeenskapsraad word aangestel op 'n vergadering van die Gemeenskapsraad.

(2) Die Gemeenskapsraad bepaal die opdragte aan en die bevoegdhede en pligte van sodanige komitee op sodanige vergadering: Met dien verstande dat dit van tyd tot tyd op 'n vergadering daarvan sodanige opdragte kan wysig en tot sodanige bevoegdhede en pligte byvoeg of enige sodanige bevoegdhede en pligte intrek.

(3) Lede van 'n komitee waaraan die Gemeenskapsraad enige van sy bevoegdhede en pligte opgedra het, beklee hul ampte tot die dag wat die dag wat bepaal is vir die hou van die daaropvolgende algemene vergadering in regulasie 65 bedoel, voorafgaan.

*Samestelling van komitees van Gemeenskapsraad*

111. 'n Komitee bestaan uit minstens drie en hoogstens sewe lede van die Gemeenskapsraad.

*Voorsitter van komitee*

112. Die Gemeenskapsraad stel die voorsitter van elke komitee aan: Met dien verstande dat indien sodanige voorsitter nie in staat is om teenwoordig te wees op 'n vergadering van sodanige komitee nie, verkies die komitee uit eie geledere 'n ander voorsitter wie se ampstermyn die dag van sy verkiesing is.

*Vergaderings van komitees van Gemeenskapsraad*

113. (1) 'n Komitee sit op die datum en tyd deur die voorsitter daarvan bepaal in oorleg met die lede daarvan.

(2) Die vergaderings van 'n komitee is privaat, tensy die komitee anders gelas: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie uitgelê word as sou dit beamptes of getuies wat noodsaaklikerwys geassosieer is met die werksaamhede van sodanige komitee uitsluit nie.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2), kan lede van die Gemeenskapsraad wat nie lede is van 'n besondere komitee daarvan nie, teenwoordig wees by 'n vergadering van sodanige komitee en aan die bespreking deelneem, maar hulle het nie die reg om te stem nie.

*Kworum*

114. Enige getal lede wat meer as die helfte van die getal lede van 'n komitee is, vorm 'n kworum.

*Prosedure wanneer kworum nie teenwoordig nie*

115. (1) Indien daar na verloop van 20 minute na die tyd waarop 'n vergadering van 'n komitee moet begin geen kworum is nie, vind geen vergadering plaas nie. Indien die aanwesige lede van die komitee dit eens is, kan 'n verdere tydperk van hoogstens 10 minute toegelaat word om 'n kworum te laat byeenkom, maar die aanwesige lede kan, deur 'n meerderheidsbeslissing te eniger tyd na verloop van 10 minute na die tyd waarop sodanige vergadering moet begin, die voorsitter versoek om 'n verdere vergadering binne sewe dae te belê, en by sodanige vergadering, ondanks die bepalings van regulasie 114, maak die lede teenwoordig 'n kworum uit.

(2) Indien daar gedurende die sitting van 'n vergadering van 'n komitee bevind word dat 'n kworum nie teenwoordig is nie, word geen verdere sake behandel nie totdat 'n kworum opnuut byeengekom het. Indien 'n kworum nie teenwoordig is nie en 10 minute verstryk nadat die voorsitter se aandag op die gebrek aan 'n kworum gevestig is, word die vergadering verdaag tot 'n tyd deur die voorsitter in oorleg met die aanwesige lede daarvan bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) If from the number of members voting it appears that a quorum is not present the voting shall be invalid.

*How question before Community Council or committee is to be decided*

116. All questions before the Community Council or any committee of the Community Council shall be determined by a majority of votes of the members present and in the case of an equality of votes the chairman of the meeting shall have a second or casting vote.

*Mode of putting question for decision*

117. When the Chairman or chairman of a committee, as the case may be, puts a question for decision, he shall do so by saying: "All agreed?" and if any member says "No" he shall order that a ballot be taken by show of hands and shall then total the number of votes cast for and against the question and declare the number to the Council or committee, as the case may be.

*Minutes of meetings*

118. (1) The Secretary of the Community Council shall cause the minutes of the proceedings at any meeting of the Community Council and meetings of any committee of the Community Council to be recorded and there shall be noted in such minutes the names of every member and official present.

(2) Such minutes shall be confirmed at the next ensuing general meeting of the Community Council or the next ensuing meeting of such committee and the Chairman or the chairman of the committee, as the case may be, shall thereafter sign them.

(3) If a copy of such minutes has been sent to each member at least two days prior to the meetings referred to in subregulation (2), such minutes shall be taken as read with a view to confirmation.

(4) No motion, proposal or discussion shall be allowed on the minutes, except as to their accuracy.

## CHAPTER 7

## GENERAL

*Member to look after interests of ward he represents*

119. In addition to any other duties imposed on a member of the Community Council, such member shall, on behalf of the ward he represents and within the area for which the Community Council has been established look after the interests of such ward and keep the residents of the ward concerned informed of, and advise such residents regarding, matters affecting the general interest of the persons residing in such ward or area.

*Provisions as to members being interested in contracts with the Community Council*

120. No member of the Community Council shall, either on his own behalf or on behalf of a partnership in which he is interested, be concerned in or interested in any transaction, contract or arrangement whatsoever made by or with the Community Council with the exception of the purchase and sale or hiring of sites, premises or buildings.

*Member not to have financial interest in matter before meeting*

121. A member of the Community Council shall, at any meeting of the Community Council or any committee thereof, not be present during the discussion of or the voting on any matter in which either he, his spouse, his partner, the partner of his spouse, his employer (except the State) or the employer (except the State) of his spouse has a direct or indirect financial interest.

(3) As dit uit die getal lede wat deelneem aan 'n stemming, blyk dat 'n kworum nie teenwoordig is nie, is die stemming ongeldig.

*Hoe mosie voor Gemeenskapsraad of komitee beslis word*

116. Alle mosies voor die Gemeenskapsraad of 'n komitee van die Gemeenskapsraad word beslis deur 'n meerderheid van stemme van die aanwesige lede en by 'n staking van stemme het die voorsitter van die vergadering 'n tweede of beslissende stem.

*Wyse waarop mosie vir beslissing voorgelê word*

117. Wanneer die Voorsitter of die voorsitter van 'n komitee, na gelang van die geval, 'n mosie vir beslissing voorlê, doen hy dit deur te sê "Stem almal saam?" en indien enige lid "Nee" sê, gelas hy 'n stemming deur die opsteek van hande en hy tel die getal stemme uitgebring vir en teen die mosie en daarna maak hy die getalle bekend aan die Gemeenskapsraad of komitee, na gelang van die geval.

*Notule van vergaderings*

118. (1) Die Sekretaris van die Gemeenskapsraad laat die notule van die verrigtings van 'n vergadering van die Gemeenskapsraad en vergaderings van 'n komitee van die Gemeenskapsraad hou en die naam van elke lid en beampte aanwesig word in sodanige notule aangeteken.

(2) Sodanige notule word bekragtig by die daaropvolgende algemene vergadering van die Gemeenskapsraad of die daaropvolgende vergadering van sodanige komitee en daarna onderteken die Voorsitter of die voorsitter van die komitee, na gelang van die geval, die notule.

(3) Indien 'n afskrif van sodanige notule minstens twee dae voor die vergaderings in subregulasie (2) bedoel aan elke lid gestuur is, word aanvaar dat sodanige notules met die oog op bekragtiging gelees is.

(4) Geen mosie, voorstel of bespreking ten opsigte van die notule, behalwe wat die juistheid daarvan betref, word toegelaat nie.

## HOOFSTUK 7

## ALGEMEEN

*Lid behartig belange van wyk wat hy verteenwoordig*

119. Benewens enige ander pligte aan 'n lid van die Gemeenskapsraad opgedra, moet 'n lid namens die wyk wat hy verteenwoordig die belange van daardie wyk binne die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is behartig en die inwoners van die betrokke wyk ingelig hou van en adviseer oor aangeleenthede rakende die algemene belang van die persone wat in sodanige wyk of gebied woon.

*Bepalings aangaande lede wat belang het by kontrakte met Gemeenskapsraad*

120. Geen lid van die Gemeenskapsraad mag òf vir homself òf namens 'n vennootskap waarin hy 'n belang het, betrokke wees by of 'n belang hê in enige transaksie, kontrak of reëling hoegenaamd aangegaan deur of met die Gemeenskapsraad, met uitsondering van die koop en verkoop of verhuur van persele of geboue.

*Lid mag nie 'n geldelike belang in aangeleentheid voor vergadering hê nie*

